

HUHUDI

*Fansha*

1.

Die organisasies wat in Huhudi die massas georganiseer,  
gemobiliseer en aangestig het om 'n opstand te kom teen die  
staatsgesag was HUCA, HUYO en UDF

Vol. 76 p.4002.

2.

HUCA het alreeds in 1983 geaffilieer met UDF Transvaal en  
was tewens 'n stigterslid van die Transvaal UDF.

- (1) Die voorsitter van HUCA was op die bestuur van UDF Transvaal en het gedien op die Algemeneraad en op die Streek se Uitvoerende Komitee (REC).
- (2) Die Voorsitter Hoffman Galen, het dus deelgeneem aan die beplanning van UDF vir die uitvoering van hul beleid ter verwesenliking van hul gemeenskaplike doel.
- (3) Dit is noodwendig dat hy deur HUCA dieselfde sou doen in Huhudi.
- (4) Ander lede van HUCA het as afgevaardigdes van HUCA die Algemene Raad van UDF-Tvl bygewoon en deelgeneem aan die aktiwiteite soos reeds genoem.  
Bewyssstuk 26 - Register van afgevaardigdes by Algemene Raadsvergaderings.

Bewysstuk AM.20 - Verslag Sekretaris Generaal HUCA dd.  
10/2/1984 paragraaf 3.6.

Bewysstuk W.24 - UDF News dd. 2/10/84 - p.2 "The Heads  
at the Heart of the Tvl.UDF.

Die verdediging wat aangevoer was, was dat HUCA eers by UDF  
geaffilieer het na die Nasionale stigting van UDF op  
20 Augustus 1984.

Dit is ons respekvolle betoog dat hierdie aangebode  
getuienis vals en ongeloofwaardig was.

(1) In die geheel gesien het HUCA en UDF self dit  
wêreldkundig gemaak dat HUCA reeds lank voor die  
Nasionale stigting lid was van UDF-Transvaal.

Bewysstuk W.24 p.1 en p.2.

Sien ook AM.20.

2.

HUCA en UDF het intiem saamgewerk om 'n Streek van UDF in die  
Noordkaap tot stand te bring. Nadat dit tot stand gekom  
het, het HUCA en UDF, kantore in Vryburg en 'n voorsitter in  
Hoffman Galeng gedeel.

Bewysstuk AM.14.

Bewysstuk AM.18.

Bewysstuk AM.17

Bewysstuk A437.

3.

HUCA het met die oog op die uitbreiding van die vryheidstryd getrou gebly aan die beleid van UDF en vir werkers 'n werkers organisasie tot stand te bring; vir die jeug 'n jeugorganisasie HUYO tot stand gebring en vir die ouers en leerlinge 'n Parents Support Committee tot stand gebring.

Bewysstuk AM.20 paragrawe 3.3, 3.2, en 3.4.

4.

Al hierdie organisasies het intiem saamgewerk om die massas te organiser, te mobiliseer te politiseer en oor te haal tot aktiewe optrede teen die Regering en regeringsinstansies en optrede.

- (1) Hulle het beampes op die bestuur gedeel bv. Hoffman Galeng, I Khasu en K Crutse, wat op HUCA, HUYO en UDF Noord-Kaap gedien het.

Bewysstuk AM.17 paragrawe 2, 5, 6, 8 en 11.

Bewysstuk AM.18.

Bewysstuk AM.14.

HUCA + 'nyp / 1

in Tafelberg S Kaap

- (2) HUCA het organisering en politisering gedoen tot identifsering van 'n gemeenskaplike vyand, opsweping deur knelpunte.

"3.7 Side by side with the physical issues in our programme we had indulged in an educational programme of teaching our people the origin of our set-backs. Institutions such as community council were taught and accepted as undemocratic and unrepresentative. They were identified as stra-

tegies of the forces of opposition. Their serious limitations were revealed. This was a great success."

Bewysstuk AM.20 paragraaf 3.7.

"4.3 The house to house meetings ... The most distinctive support is undoubtedly youth-based. ... We strive to quench the expectations of the youth and this results in our tempo being fast for the grassroot".

Bewysstuk AM.20 paragraaf 4.3.

Bewysstuk W.32 p.8.

3. UDF beleid dat die massas die rewolusie moet voer, word bevestig en uitgevoer deur die organisasies te Huhudi.

"This is HUYO's Organisational Approach to the Struggle". HUYO believes that it is not a few leaders, but the masses of our people that will make history. Only if all our people take part fully in the struggle can we build a new S.A. ..."

3. Why Organisation

- To organise the people.
- To unite our people at all fronts and at all levels.
- To educate our people.
- To politicise our people.
- To conscientise our people.
- To disorganise the enemy-camp and unite our people against all forms of repression, oppression and Apartheid-Colonialism.
- To teach people that in unity we thrive and teach our people that a democratic South Africa cannot be created by a handful of people no matter how brilliant they may be.
- Only the masses of the oppressed people in SA can bring about this change, e.g. the most oppressed and exploited people, working class.
- ...

5. Development within the Organisation.

- People learn from experience. It is only when they take part directly in activity that people get a better understanding of oppression and come to see that they can change it."  
Bewysstuk AM.52.  
Sien ook bewysstuk AM.56.

4. Die onderlinge samewerking word ook bevestig in die

dokument "Signature Campaign Launch Kimberley ..."

Date: 18/3/1984.

Chair person: Jomo Khasu

Speakers:

- (i) Huhudi Youth Organisation (HUYO)  
.....
- (iii) lede Aubrey Mokoena (RMC en UDF).
- (iv) lede F Chikane (UDF).

Keynote speaker Rev. Chikane - History of resistance.

Northern Cape Report - 10-11 March 1984 - National Secretariate Meeting.

Vol 10  
... / 75

- (2) MSC Campaign  
Workshop-conducted by lede Popo Molefe.

Bewysstuk AL.37.

Sien ook Bewysstuk AM.17.

Bewysstuk AM.18.

bewysstuk AM.14 waarin die volgende bevestig word

- Paragraaf 2 - "2.1 Vryburg.
  - 2.1.1 Huhudi Civic Association - HUCA.
    - 2.1.1.1 HUCA commands tremendous support in the African townships of Huhudi.
    - 2.1.1.2 It is an undoubted staunch supporter of the front and most of the executive members serve in the RSC.
    - 2.1.1.3 HUCA champions UDF position in the township and its grass-root membership identifies unequivocally with the front.
  - 2.1.2 HUYO
    - 2.1.2.1 HUYO has the same level of support as HUCA.

*Bau' u'di huu' /  
Cen' be'nd*

- 2.1.2.2 Its position as regard the front is clear and undoubted.
  - 2.1.3 DPSC HUHUDI.
- .....
- 2.1.3.3 All members of DPSC are in turn members of one or the other structure referred to above."
- Bewysstuk AL.37.

5. UDF Nasional en UDF Transvaalstreek het self deur prominente leiers aktief deelgeneem aan die werklike politisering en aktivering van die massas in Huhudi.

(1) Albertina Sisulu het die mense gaan toespreek.

Vol.

(2) Beskuldigde 19 het opleidingskursusse in die gebied georganiseer en toegespreek.

Bewysstuk AL.37.

Beskuldigde 19 het ook 'n leidende rol gespeel in die organisering vir die stigting van UDF Noordkaap en die hou van die massa-vergadering te Kimberley.

(3) Onder voorsitterskap van J**ā**nb Khasu op 18 Maart 1984 het Frank Chikane en Aubrey Mokoena opgetree as sprekers by geleentheid van die loodsing van die MSC te Kimberley.

Bewysstuk AL.37.

- (4) Curtis Nkondo het verskeie kere die mense van Huhudi gaan toespreek.
- (5) Tydens die UDF georganiseerde vergadering in Kimberley op 28 Julie 1984 het professor Mohamed, Albertina Sisulu, Besk 20 en Mewa Ramgobin opgetree as sprekers om UDF beleid te bevorder.  
Bewysstuk 16 en Bewysstuk V16.
- (6) Op die HUYO en HUCA georganiseerde vergadering op 1 Julie 1984 te Vryburg het beskuldigde 20, Aubrey Mokoena saam met Hoffman Galeng en Oupa Tekere Monareng opgetree waar die gehoor gepolitiseer was t.o.v. die ANC en Umkhonto we Sizwe asook vir optrede teen die owerhede.  
Bewysstuk V12

7. Frank Chikane het tydens die stigtingsvergadering 'n belangrike bydrae gaan lewer namens UDF te Vryburg.  
Beweysstuk W.32.

5.

UDF en sy trawante in Huhudi het van die UDF aanvaarde en voorgeskreve knelpunte gebruik gemaak om die massas te mobiliseer en op te sweep tot verenigde aksie teen owerhede. Die metodes aangewend was massa-vergaderings, huisbesoeke en publikasies.

- (1) SASPU National, Speak en ander gemeenskapspublikasies  
was vir HUCA van groot waarde en bystand.  
Beweysstuk AM.20 paragraaf 3.1.

- (2) Op elke vergadering gehou deur HUCA was die massas aangespoor tot burgerlike ongehoorsaamheid in die gebied.

Beweysstuk AM.20 paragraaf 3.5.

(3) Die vraagstuk van Swart Plaaslike Besture was veral aangeval en dit was voorgehou as "undemocrating and unrepresentative". Die massas was aangestig om te benader as deel van hul gemeenskaplike vyand en opposisie. Op hierdie gebied het HUCA gespog dat hulle groot sukses behaal het.

Bewysstuk AM. 20 paragraaf 3.7.

(4) HUCA het huis tot huis besoeke gereël en besondere sukses veal t.o.v. die jeug behaal. HUCA streef ook spesifiek om aan die vereistes van die jeug te voldoen.

Bewysstuk AM.20 paragraaf 4.3.

(5) HUYO pamflet het veral sterk te velde getrek teen die Swart Plaaslike besture wat voorgegee word dat hulle die Regering (Boere) help teen die Swart inwoners. Die verhoogde huur is diefstal deur die raadslede gepleeg. Die hoofdoel is om die Swart inwoners se huise af te breek en hulle te verskuif na Pudimoe.

Bewysstuk AM.50.

- (6) Die vraagstuk van Swart Onderwys was ook prominent opgeneem en gebruik om die massas op te sweep teen die Regering vir bereiking van "Power and Solidarity to the people". Daar het dus ook skole-boikotte uitgebreek.  
Bewysstuk AM.51.
- (7) HUYO bevestig uitdruklik dat hulle die massas organiseer ten einde aksie te neem en "to disorganise the enemy-camp and unite our people against all forms of repression, oppression and Apartheid and Colonialism". Dit is die massas wat aktief dit alles moet verander.  
Bewysstuk AM.52.
- (8) HUYO het die knelpunte, Swart Plaaslike Besture, Verskuiwing, nie verteenwoordigende aard van raadslede, gebruik om die mense op te sweep dat hulle moes aanvaar dat raadslede vir die inwoners h gevaar inhoud en dat raadslede die huur verhoog om die inwoners te verskuif. Dat alles wat die raadslede doen, doen hulle om die Boere te behaag en die massas te onderdruk en hulle na die woestyn en swaarkry te verwyder.  
Bewysstuk AM.53.

Die inwoners word spesifiek uitgenooi: "Let us unite under the Banner of the People's Organisation". Die ANC word algemeen aanvaar as die "People's Organisation".

SA  
voet  
1.  
v  
1.  
v  
1.

(9) Verskillende knelpunte van UDF word deur HUYO gebruik:

"Ons probleme soos huishuur wat hoog is, loseerders-permitte, Wette wat die kinders weier by die skole, en Gewone Verskuiwings. Dit word afgespeel teen die raadslede wat die sogenaamde organisasies van die massas, HUCA en HUYO slegmaak.

Die mense wat hulle so benadeel is die raadslede wat deur die Boere gekies was, en vir die Boere werk, wat te swak is om vir die mense huisvesting te verskaf, wat slegs huurgelde kan verhoog, wat net loseerders-permitte laat betaal, verskuiwings doen, huis van ou vrou wat nie geld het nie te sluit. Dan is daar nog die onderwysers wat nie luister na leerlinge se klagtes nie en net oormatige lyfstraf uitdeel en nie die regte onderwys doseer nie."

Bewysstuk AM.54.

Hierdie opsweping deur dieselfde knelpunte word gebruik in 'n ander pamflet.

Bewysstuk AM.55.

(10) In 'n pamflet uitgegee deur UDF Noord-Kaap was die massas weer opgesweep deur gebruik te maak van die UDF knelpunte van onderdrukking en geweld deur die Regering en dit te stel teenoor die massas van Tumahole, Vaal en Cross Roads se vreedsame metodes. Dit gaan ook oor die aanhouding van Bushy Mpape die sekretaris van UDF Noord-Kaap maar ook die leier van die workers organisasie deur HUCA gestig te Vryburg.

Bewysstuk AM.56.

(11) Die Anti-P.C. het ook gesorg vir die verspreiding van opruiende publikasies in Huhudi.

Bewyssstuk A L66 p.3 paragraaf vii.

(12) Die UDF se MSC is met samewerking van al die organisasies in Huhadi uitgevoer.

Bewyssstuk A L37.

(13) Hoe intensief die beplanning was om die vraagstukke te gebruik om die massas op te sweep blyk uit die notule van die "Regional Steering Committee" se vergadering. Spesiale komitees was aangestel.

"5.1 Education Committee.

B. Moape - Convener.

...

Duties of committee

- (i) Establish necessary educational projects.
- (ii) Organise workshops.
- (iii) Be responsible for political education in the region".

Spesifieke knelpunte wat geïdentifiseer word om gebruik te word.

"7.3 International Youth Year.

7.4 Conscription.

7.5 Removals".

Bewyssstuk AM.17.

(14) Die UDF se "Anti-Election Campaign (Northern Cape)" was ook intensief bedryf.

(i) Paragraaf 3.1 = In Vryburg het 12 mense ononderbroke gewerk om die kampanje te bevorder.

(ii) Die Publisiteitsekretaris van UDF, die beskuldigde 20, het saam met ander 'n opleidingskursus t.o.v. die konstitusie en anti-verkiesings kampanje aangebied. Wat van besondere belang beskou, was UDF en die historiese ketting van Weerstand. Hierdie historiese skakel was by herhaling bewys as die UDF se skakel met die ANC.

(iii) Paragraaf 5.1 In Vryburg was huis tot huis besoeke gedoen met bystand van Transvaal Anti PC en TIC en was UDF News en Anti PC dokument "New Deal is no Deal" versprei.

(iv) Paragraaf 9 = Dit word bevestig dat hulle Media voorsien het soos pamflette, plakkate en nuusbriewe.

(v) Die dag van die verkiesing was 'n skoleboikot gereël. "Additions - Vryburg - Boycott at Colinda High School Protest with posters by activists from Huhudi. Heavy police presence around the school". Bewyssstuk AM.18.

(15) HUCA het ook propaganda versprei waarin die knelpunt "verskuiwings" gebruik was om die raadslede te beskuldig en in onguns te bring dat hulle nie hul beloftes sou nagekom het nie.

Bewyssstuk AM.18.

(16) SASPU National (Oktober 1983) wat soveel aansien by  
HUCA geniet doen verslag oor die stigting van HUCA en bevestig daarin die kampanjes en vraagstukke wat HUCA gaan gebruik.

- (1) p.8 - "Huca fights Piet Koornhof and council Puppets."
- (2) p.8 - "Huca was formed to oppose the threat of removals and to take up other issues facing Huhudi residers."
- (3) p.8 - "The crowd cheered the speakers as each in turn condemned the community council system which they said was imposed upon the African population in the townships."
- (4) p.8 - "The Koornhof Bills were criticised by all speakers as an attempt to devide the urban and rural population and because they would force unwanted people to leave the towns."
- (5) Mr Galeng ... said ... 'People have been bribed and forced to move' and 'They have also increased the rents and through threats have forced 100 families to move'. 'The community council is helping Koornhof to do this. Today Koornhof is telling the councils he is giving them independence like Sebe and Mpephu, and they will be big bosses.'
- (6) 'But let us realise who our real opponent is' Galeng said Let us unite and involve our people in the homelands and liberate all our people - black and white'

- (7) 'n Spreker van die "Black Sash" het gepraat oor Verskuiwings en dat die Regering dit vir die Swartmense moeilik maak - weier dat hulle inkom in dorpsgebiede, ander verwyder uit dorpsgebiede, vernietig die mense se woonplekke. As hulle verskuif word, verloor hulle regte.
- (8) Eerwaarde Brooks van die SA Raad van Kerke het die massas aangestig om te verenig en op te tree teen die nuwe konstitusie.

"The Government is afraid of you and you are only afraid if you know you have robbed someone' he said. 'We've been robbed of our land, the vote and human dignity, and they are still on the road of dividing people'.

- (9) 'n Spreker van SOYCO het veral 'n beroep op die jeug gedoen om hul ouers te help in die stryd en om die Regering aan te durf in die Vryheidstryd. Hy gebruik ook die knelpunt van verskuiwings as basis om die jeug te beïnvloed om saam met HUCA in UDF te veg.
- (10) Frank Chikane het veral die rol van UDF in die vryheidstryd beklemtoon. Hy het met die knelpunte Swart Plaaslike Besture en Instromingsbeheer gehandel om raadslede in 'n slegte lig te stel en in onguns by die Swart massas te bring.

"The community councils put the stamp on influx control when they tell us to leave the cities and

the same with removals. They are used to divide the urban and rural people in the same way the constitution divides the African from the Indian and coloured.

I want to call on you to reject all differentiation that goes with the system and stand united because of UDF all communities throughout South Africa are with Huhudi because we unite to fight Apartheid.  
Bewysstuk W.32.

- (11) In die UDF-News van Oktober 1983 word uiteengesit hoedat UDF aktiviste uitgegaan het na verskillende plekke en daar die UDF knelpunte en kampanjes bevorder het. Daar word ook uiteengesit dat beplan word om aktiviste na Huhudi te stuur om die mense daar te gaan organiseer, politiseer en op te sweep teen die owerhede.

Bewysstuk W.24 p.2.

## 6.

Die viva voce getuienis deur die Staat aangebied het met respek die weergawes soos bewys deur die verskillende dokumente grootliks gestaaf.

1. Raadslid Dikhole het bevestig dat op HUCA se bestuur het o.a. gedien:

|                |   |                  |
|----------------|---|------------------|
| Hoffman Galeng | - | Voorsitter       |
| Jomo Kasu      | - | Sekretaris       |
| Kgotso Crutse  | - | Lid van bestuur. |
| Bushi Moape    | - | Lid van bestuur. |

Vol. 75 pp.3940-3941.

2. Raadslid Dikhole het ook getuig dat HUCA pamflette versprei het waarin die gemeenskap opgemaak word teen die raadslede omdat die raadslede "puppets" van die Regering is en niks vir die gemeenskap doen nie.

Vol. 75 pp.3940-3941.

Getuie Matlhoko bevestig dat pamflette versprei was wat raadslede in onguns gestel het by die gemeenskap omdat hulle "puppets en sell-outs" is en nikswerd is nie.,

Vol. 76 p.,4002.

Getuie Matlhoko het bewysstuk AM.53, AM.55, AM.56, AL.100 geïdentifiseer as versprei en dat dit valse inligting oor raadslede versprei het.

Vol. 76 p.4006.

3. Dikhole het ook getuig dat daar gedurende Februarie 1984 'n massa- vergadering gehou was. Hy het dit beskryf as 'n UDF vergadering. Hoffman Galeng wie ook die voorsitter is van Noord Kaap streek van UDF, het opgetree as voorsitter op die vergadering. Die sprekers op die vergadering was Hoffman Galeng, ene Tau en Frank Chikane van UDF.

Vol. 75 p.3941.

Galeng se boodskap aan die gehoor was dat die Raadslede niks werd is nie en net huur kan verhoog. Hy het die mense aangestig om nie die huurverhogings te aanvaar nie, maar moet net R15 betaal as hulle so voel anders niks betaal.

Vol. 75 pp.3941-3942 en p.3949.

Galeng het dit ook by die gehoor ingeskarp dat die raadslede "puppets" van die Regering is wat deur hulle verworp moet word. Die gehoor het gereageer deur Amandla Awethu te skreeu.

Vol. 75 p.3942.

Hy het die vergadering verlaat voor Frank Chikane gepraat het.

4. Daar was plakkate in Huhudi aangebring wat 'n vergadering vir 14 Oktober 1984 adverteer het. Dit was geadverteer dat Albertina Sisulu van UDF 'n spreker sou wees. As raadslid was hy nie toegelaat om die vergadering by te woon nie.

Vol. 75pp.3942-3943 en vol. 76 p.3986.

Die dag na die vergadering op 15 Oktober 1984 is sy huis aangeval, buitebande voor die voor en agter deure geplaas, <sup>die 14/61</sup> petrol daaroor gegooi en aan die brand gesteek. Dit was in die nag ongeveer 2h00. Hulle kon slaag om die brand te <sup>uitgaan</sup> <sup>het binne</sup> <sup>verstuur</sup> blus.

Vol. 75 pp.3944-3945.

Matlhoko bevestig dat die massa vergadering van 14 Oktober 1984 geadverteer was as 'n UDF vergadering. Volgens die

word. Die gehoor het gereageer deur Amandla Awethu te skreeu.

Vol. 75 p.3942.

Hy het die vergadering verlaat voor Frank Chikane gepraat het.

4. Daar was plakkate in Huhudi aangebring wat 'n vergadering vir 14 Oktober 1984 adverteer het. Dit was geadverteer dat Albertina Sisulu van UDF 'n spreker sou wees. As raadslid was hy nie toegelaat om die vergadering by te woon nie.

Vol. 75pp.3942-3943 en vol. 76 p.3986.

Die dag na die vergadering op 15 Oktober 1984 is sy huis aangeval, buitebande voor die voor en agter deure geplaas, petrol daaroor gegooi en aan die brand gesteek. Dit was in die nag ongeveer 2h00. Hulle kon slaag om die brand te blus.

Vol. 75 pp.3944-3945.

Matlhoko bevestig dat die massa vergadering van 14 Oktober 1984 geadverteer was as 'n UDF vergadering. Volgens die

plakkate was die doel van die vergadering om die gemeenskap se probleme daar te bespreek. Na die vergadering sou daar 'n biduur wees.

Vol. 76 p.4003.

Matlhoko het ook bevestig dat na hierdie vergadering en na massa-vergaderings van hierdie drie organisasies was daar klipaanvalle teen raadslede se huise. Sy huis en winkel was so aangeval asook die van Makobi.

Vol. 76 p.4003.

Getuie bevestig dat hierdie klipaanvalle het meestal in die nag plaasgevind.

Vol. 76 p.4004.

Toe die huis en winkel van getuie aangeval was, het die aanvallers vryheidsliedere gesing bv. "Botha is 'n jojo", "Mandela soek soldate" en "Jy-Jy". Hulle het ook slagspreuke geskreeu bv. "Masetathe Amazondi" wat beteken dat hulle klippe vat en mense daarmee gooi.

Vol. 76 p.4005.

*Gam vanwysig, dit was nie 'n plan nie*  
Hierdie klipgooiery het aangehou tot 24 November 1985. *Never ever!*

Vol. 76 p.4006.

Die huis, winkel, bakkie, slaghuis van Matlhoko en 'n ander raadslid was deur 'n oproerige groep aangeval op 16 Junie 1985 na afloop van 'n herdenkingsdiens wat in Huhudi gehou was. Dit is gemenesaak.

5. Getuie Dikhole het ook getuig dat HUCA, HUYO en UDF gereeld massa-vergaderings gehou het in Huhudi. As raadslid kon hy nie hierdie vergaderings bywoon nie. Na meeste van die vergaderings het die jeug in die strate gestap, vryheidsliedere gesing en raadslede se huise met klippe aangeval.

Vol. 75 p.3943.

Daar was nie so baie vergaderings gehou gedurende 1984 nie maar meer in 1985.

Vol. 75 p.3962.

Die vergaderings in 1985 was belê deur HUCA, HUYO en UDF. Getuie kon egter nie die datums onthou nie. Onthou 'n HUCA vergadering in Mei 1985.

Vol. 76 p.3988.

Hierdie getuienis was bevestig deur getuie Matlhoko. Hy het nie een van die vergaderings bygewoon nie omdat raadslede nie welkom was nie.

Vol. 76 pp.4002-4003.

6. Getuie Dikhole het getuig dat die Gemeenskapsraad 'n openbare vergadering gehou het om die gemeenskap in te lig oor verbeterings wat die raad sou aanbring in Huhudi. Die geld vir hierdie verbeterings sou verkry word van die Departement van Ontwikkeling Noord Kaap. Huurverhogings was nie genoem deur hom nie.

Vol. 75 p.3945.

Hy het op die vergadering gevra dat HUCA met die raadslede samesprekings moet voer oor wat gedoen moet word en om geskille tussen hulle uit die weg te ruim. 'n Brief tot dié effek was ook gerig aan HUCA.

Vol. 75 p.3946.

HUCA se antwoord was dat die doelwitte en grondwet van HUCA nie toelaat dat hulle gesprekke voer met raadslede nie. Op die vergadering herhaal dat die raad steeds bereid is om met HUCA gesprek te voer.

Vol. 75 p.3946.

Ene Kebotlhale van HUYO het daarop geantwoord dat HUYO en HUCA nie gesprekke voer met raadslede wat met hul hoede in die hand vra dat die Boere hulle aanvaar nie.

Vol. 75 p.3947.

Die jeug op die vergadering se reaksie was om te juig en plakkate op te steek. Die bewoording op twee was:

1. "Away with community councils - we want leaders elected by the people."
2. "We do not want to be moved to Pudimoe".

Vol. 75 p.3947.

*Knappunt in die dags van problemen*

7. Op 23 Februarie 1985 was 'n handgranaat deur die venster van Dikhole se huis gegooi. Sy eggenote was in die kamer toe dit ontploff het en sy was besoer. Dit het in die nag gebeur.

Vol. 75 p.3948.

Dieselde tyd het handgranaate ook ontploff in die huis van die Onder-Voorsitter van die gemeenskapsraad Phike Thiba en ook in die huis van 'n veiligheidsbeampte William Masaille.

Vol. 75 pp.3948-3949.

Hierdie feite was ook erken deur die Verdediging dat die huise van drie raadslede en 'n polisiebeampte se huise beskadig was in handgranaat aanvalle.

Bewyssstuk A.53 p.3 paragraaf 13.

In kruisondervraging het die Verdediging die suggestie gelaat dat hierdie aanvalle aan die ANC gekoppel moet word. Dit is ons respektvolle betoog dat hierdie aanvalle gekoppel was met samewerking van UDF en hul geaffilieerde in Vryburg. Die volgende redes word aangevoer:

1. Die suggestie van die Verdediging word nie bevestig deur enige getuenis deur die Verdediging aangebied nie.

2. Die getuie van die Staat IC. 7 het getuig dat hy spesifiek opdrag van die ANC gekry het om na Kimberley te gaan en daar kontak te maak met UDF.

*Dit is voor bewys vir*

Die voorsitter van UDF Noord Kaap is ook die voorsitter van HUCA wat die leidende figuur was in die haat veldtog teen die raadslede.

3. Dit was beskuldigde 20 wat vir die mense van Huhudi oortuig het dat hulle helde in Umkhonto we Sizwe hulle sal kom bevry.

*les raam verwant  
weet van WC  
van wat  
helde wat  
oor bewyf!  
Kond*

Vol. 76 pp.3987-3988.

Bewysstuk V

As gevolg van die druk op en intimidasie van die raadslede in Huhudi het raadslid Pike Thiba bedank.

Vol. 75 p.3949.

8. Getuie Dikhole bevestig dat bewysstuk AM.54 in Huhudu versprei was. Dit verwys na 'n vergadering wat op 7 Maart 1985 gehou was en waar hy teenwoordig was.

Die inhoud van hierdie pamflet is 'n spul leuens. Die raadslede self was gekant teen die verskuiwings.

Vol. 75 p.3950 en p.3951 ev.

Vol. 75 p.3939.

Bevestiging hiervoor word gevind in die feit dat dit die raadslede was by monde van getuie Dikhole, wat mense genooi

het om saam met die raadsdledede te gaan t.o.v. die same-sprekings wat gevoer moes word met die owerhede oor die verskuiwings.

Vol. 75 p.3973.

Dit word bevestig deur Motlhoko vol. 76 pp.4032-4033.

Verder ook word hy gesteun deur die feit dat die petisie wat opgetrek moes word oor die verskuiwings het sy ontstaan gehad by die raadslede.

Vol. 75 p.3970.

Die raad het volgehou met onderhandelinge met die owerhede om nie voort te gaan met die verskuiwings nie. Op 15 Oktober 1984 het die Regering finaal aangekondig dat nie voortgegaan sou word met die verskuiwings nie. Die Regering het ook goedkeuring verleen vir die bou van nuwe huise en ander verbeterings in Huhudi.

Vol. 75 p.3939.

Bevestig deur Matlhoko - vol. 76 p.400.

9. Raadslid Q S Matlhoko het getuig dat Hoffman Galeng, Jomo Khasu hom besoek het toe hy op die raad verkies was. Hulle het aan hom gesê hy moet nie op die Raad dien nie omdat dit landswyd nie aanvaar word nie omdat die Boere dit op hulle afdwing.

Vol. 76 p.3999.

*Heelal het  
gesê vir ons  
laer  
van ons*

Jomo Khasu het getuie pertinent gewaarsku dat dit nie help om op die raad te dien nie want landswyd gaan die jeug klipaanvalle loods. Jomo Khasu het gesê dat dit die boodskap van Dr Motlana was. Vir getuie verder gesê dat as hy in die raad gaan dien is daar geen manier waarop verhoed kan word dat hy nie ook met klippe aangeval sal word nie.  
Vol. 76 pp. 3999-4000.

Die werklikheid was dat hy wel met klippe aangeval was. 'n Belangrike aspek is dat die Verdediging dit aan die getuie gestel het dat Hoffman Galeng en Jomo Khasu vir die Verdediging sou getuig en dan sou ontken dat hulle sulke dreigemente sou geuiter het.

Vol. 76 p.

Hierdie getuienis was nooit geroep nie en staan hierdie getuie se getuienis onbestrede.

10. Die Verdediging se getuies Tom L Thebe en L H Moketsi het bevestig dat op die vergaderings van HUCA wat hulle bygewoon het, het die sprekers die mense oortuig dat:

- (1) Die raadstelsel ingestel was deur die Blankes en op die Swart mense afgedwing was sonder om hulle te raadpleeg.
- (2) Omdat dit deur die Boere op hulle afgedwing was moes hulle dit nie aanvaar nie.

- (3) Thebe het bevestig dat dit dikwels op die vergaderings aan die massas oorgedra was dat die eintlike stryd van die massas is 'n stryd om 'n regering van die massas tot stand te bring.
- (4) Thebe verder getuig dat die sprekers die mense aangemoedig het om Swart Plaaslike Besture te verwerp want dit is 'n substituut van die Boere in plaas van die regering van die massas.
- (5) Die mense oortuig was deur die sprekers dat Swart Plaaslike besture geen gesag het nie en was slegs 'n instrument van die Boere om die Swartmense uit te buit en te onderdruk.
- (6) Raadslede was uitgemaak vir "sell-outs" en "puppets" van die Regering wat inwoners van Huhudi onderdruk deur huurverhogings.
- (7) Die massas was wys gemaak dat die raadslede hulle verder uitbuit deurdat die raadslede hulle huur-geld aanwend om huise in Pudimoe te bou.
- (8) Die massas is wysgemaak en oortuig dat die Swart Plaaslike Besture en die Regering saam die mense onderdruk deur hulle te verskuif.

- (9) Thebe het getuig dat die sprekers die mense aangestig het om te verenig en aktief deel te neem aan aksie teen die Swart Plaaslike Bestuur, Polisie en die Regering.
- Vol. 405 pp.23605-23607.
- Vol. 408 pp.23812-23814.

11. Ook in die geval van Huhudi het die Verdediging probeer om die skuld vir die geweldpleging op ander te plak en in hierdie geval 'n raadslid. Aan getuie Dikhole was gestel:

- (1) "I will tell you what brought trouble to your area and tell your Lordship whether you agree with it. Do you remember 16 Junie 1985 - Yes."  
Vol. 75 p.3962.  
....
- (2) "Do you recall there was a meeting on 16 June 1985 in the Huhudi community Hall?"  
Vol. 75 p.3963.
- (3) "Well, maybe you heard what happened outside the hall. Do you know a Mr Stephen Motloko?" ...  
Vol. 75 p.3963.
- (4) Did he drive into a large group of young people coming out of a hall on 16 June -- No".  
Vol. 75 p.3963.
- (5) "Did he injure three people in the crowd with his bakkie whilst he was driving it outside the hall?  
-- No.  
Vol. 75 p.3963.

In kruisondervraging van Matlhoko het twee weergawes oor hierdie beweerde voorval na vore gekom.

Die eerste:

- (1) "Were you driving a bakkie or a van?"  
Vol. 76 p.4009.
- (2) "Did you strike three young people with this van or bakke?"  
Vol. 76 p.4009.

- (3) "You did not injure anybody possibly by accident on that day?  
Vol. 76 p.4010.

Geen getuienis was deur die Verdediging aangebied om hierdie verweer dat Matlhoko in mense ingery het wat uit die saal gekom het nie. In teendeel, die Verdedigingsgetuies het dit direk weerspreek en heeltemal 'n ander weergawe aan die Hof vertel.

Die tweede weergawe.

- (1) "Did you possibly have a relative Matlhoko who is 27 years old in 1985?"  
Vol. 76 pp.4010-4011.
- (2) "Were you not in the vehicle that the 27 year old Matlhoko was driving on 16 June?"  
Vol. 76 p.4011.
- (3) "Why did you never hear from any relatives of yours that a scholar by the name that I gave you was run down?"  
Vol. 76 p.4011.
- (4) "If anyone told the police that your vehicle, reg. no. 28970 was involved in an accident on 16 June 1985 and that this vehicle was attacked whilst it was being driven by one Matlhoko and that this person had to drive away whilst the vehicle was being attacked on in the process it knocked down a 14 year old child I Mdukaza, would that report have been an incorrect report?"  
Vol. 76 p.4013.
- (5) "You see, I am going to put to you that what you call - what is called an accident in this report was at least a reckless running down."  
Vol. 76 p.4013.

- (6) "Well, I am putting to him that he does know, that he was in the vehicle and that he knows everything about it. That he is falsely denying it."
- (7) "Yes we have statements from the people involved."
- (8) "I am going to put to you that you were in this vehicle which if not deliberately at least recklessly drove into a crowd of people, of young people and that you were in this vehicle".  
Vol. 76 pp.4013-4014.
- (9) "Let us try and cut across all this verbal dual we are having. I am going to put to you that this person who was driving your vehicle and you were in it, hit at least one person according to his admission and made up a story for the hitting. It was really an act of despair necessity to get away from the stone throwing youths."  
Vol. 76 p.4016.

Ook hierdie weergawe van die Verdediging het nie gerealiseer nie en nie een van die persone waarvan "we have statements of the people involved" en wat blykbaar hierdie weergawe aan die Verdediging verskaf het, het hierdie weergawe nie kom bevestig nie.

Dit is ons respekwolle betoog dat hierdie weergawe van die Verdediging dat die sg. 16 Junie 1985 incident die oorsaak van die moeilikheid in Huhudi nie korrek is en nie die waarheid is nie. Ons voer met respek die volgende redes aan:

- (1) Die leuenagtigheid van die weergawe word bevestig daarin dat hierdie verweer selfvernietigend is deur die verskillende teenstrydige weergawes daarvan.

(2) Die moeilikhede in Huhudi het nie eers begin op 16 Junie 1985 nie. Voor dit was daar reeds skoleboikotte, handgranaat aanvalle op die huise van 'n polisiebeampte en raadslid, 'n poging was reeds aangewend om Dikhole se huis in die nag af te brand, daar was reeds klipaanvalle op die eindomme van raadslede en ten minste een raadslid het reeds bedank weens druk en intimidasie.

Dit is ons respekvolle betoog dat die getuienis voor hierdie Agbare Hof bewys het dat die moeilikhede in Huhudi die gevolg is van die suksesvolle osweping van die massas in Huhudi deur UDF, HUCA en HUYO deur die aanwending van die bewese knelpunte.

Die omstandighede in Huhudi lewer juis 'n treffende voorbeeld van hoedat 'n werklike bestaande probleem van die gemeenskap gebruik was om op die inwoners se gevoelens te speel om hulle op te sweep tot aksie teen die owerhede.

Die getuienis het bewys dat die verskuiwing van die mense na Pudumoe 'n werklike probleem was. Die getuienis het ook bewys dat die Gemeenskapsraad van Huhudi dit bestry het en voortdurend onderhandelings met die owerhede gevoer het totdat dit finaal afgestel was.

Tog het HUCA, HUYO, UDF en hul ander trawante hierdie selfde knelpunt gebruik om nie deur onderhandelinge die verskuiwing ongedaan te maak nie, maar het hulle dit gebruik om die

massas op te sweep teen die raadslede en die Regering sodat hulle kan deelneem aan verenigde aksie teen die raadslede en die owerhede. Die getuienis het bewys wat die aard van hierdie verenigde aksie was en al die geweldpleging waarna hierbo verwys was.

7.

Dit is ons respekvolle betoog dat die indruk wat die Verdediging se getuienis skep is dat hulle hul bes doen om ten aansien van sekere kern aspekte uit hulle pad uit gaan om 'n sekere beeld aan die Agbare Hof te skets waарoor hulle geheue dan blykbaar baie goed is terwyl hulle oor ander aspekte skielik niks kan onthou nie.

1. So 'n getuie is bv. London wat oor sekere aspekte goed onthou maar wanneer hy oor UDF persoonlikhede gevra word wat vergaderings in Huhudi toegespreek het vervaag alles skielik so erg dat hy eintlik pateties is.
2. 'n Aspek wat veral groot prominensie van die Verdediging ontvang het, is die gebeure van 16 Junie 1985 toe 'n persoon na bewering raakgery was en dit die oorsaak van die moeilikhede in Huhudi was. Ons wil graag die Verdediging se getuienis hieroor vergelyk en veral klem lê op die wesenlike weersprekings.,

London se getuienis in hoof -

- (1) 'n Groep jeugdiges het hulle gestop. Hulle laai die kind in sy voertuig. Die groep het saam met hulle gestap.
- (2) Matlhoko nader hulle vanuit die teenoorgestelde rigting en ry by sy perseel in. Daarna het Matlhoko hulle te voet genader.
- (3) Oorkant die straat het 'n groep kinders gestaan wat toe hulle Matlohoko gesien het, klippe opgetel het.
- (4) Metgeselle van Matlhoko het ook klippe opgetel.
- (5) Die twee kloompe het mekaar toe met klippe gegooi. Die groep jeugdiges het gesê Matlhoko het 'n kind omgery.
- (6) Getuie het sy hande opgelig en probeer vrede maak.
- (7) Matloko het gesê dat dit nie hy was wat die kind omgery het nie maar dit kon sy jonger broer gewees het.

Vol. 400 pp.23286-23287.

Sy weergawe in kruisondervraging.

- (1) Tussen plek waar hy gestop het en waar kind gelê het het 'n groep van ± 20 jeugdiges gestaan.
- (2) Die enigste ander mense in die straat was mense wat geloop het na hul huis - in twees en dries.
- (3) 'n Groep jeugdiges het op "outskirts" gestaan.
- (4) Geen groep stap saam met hulle en beseerde kind na die voertuig nie, net party.
- (5) Die groep wat klippe gegooi het, het skielik daar verskyn en hy kan nie sê waar hulle vandaan kom nie.
- (6) Dan weer toe Matlhoko vir eerste keer vanaf die teenoorgestelde rigting te voet te voorskyn gekom het, het die groep skielik tevoorskyn gekom met klippe wat hulle reeds opgetel het.
- (7) Die groep het toe weer skielik van agter 'n gebou - 'n substasie tevoorskyn gekom..
- (8) Toe Matlhoko tevoorskyn gekom het, het die groep wat agter die gebou uitgekom het, het hulle klippe opgetel.

(9) Dan weer het die groep daar agter die gebou tevoorskyn gekom en net klippe gegooi en niks gesê nie. Getuie het nie geweet hoekom hulle klippe na Matlhoko gegooi het nie.

(10) Die ander twee beseerdes was nog op die toneel en hy beskryf hul beserings .

Vol. 400 pp.23298-23305.

Lesedi Hilda Moketsi se getuienis.

(1) Kinders het hulle tegemoet gehardloop en London het gestop.

(2) Hulle stap na beseerde en ander mense het nabij beseerde gestaan.

(3) Matlhoko het verby hulle gery en by sy perseel ingery en daarna het hy na hulle aangestap gekom.

(4) Toe Matlhoko hulle genader het, het kinders oorkant die pad vir Matlhoko met klippe begin gooii.

(5) Matlhoko en sy maats het ook klippe opgetel en teruggegooi.

(6) London het jongman gevra om hom te help om hulle te stop. London het sy hande in die lug gesteek en gooiery het gestop.

(7) Matlhoko het toe na hulle gekom. Dat hy ontken het dat hy kind raak gery het. Hy sou gesê het dit kon iemand gewees het wat met sy voertuig gery het.

Vol. 408pp. 23769-23771.

Haar getuienis in kruisondervraging.

(1) Toe sy en London stilgehou het was die kinders oorkant die pad alreeds daar. Sy weet nie of hulle van die sokkerveld se rigting af gekom het nie. Hulle was baie. Die beseerde kind het in die straat gelê.

(2) Dit was nog nie donker nie, net na sononder. Hoewel London se getuienis was dat daar nie straatligte was nie en sy voertuig se ligte op verdof (dim) gebrand het.

(3) Dan verander sy haar storie dat dit so donker kon gewees het dat die straatligte gebrand het. Dan verander haar getuienis weer en was die straatligte aan.

(4) Toe Matlhoko uit sy perseel gekom het was hy tussen getuie en ander end van die klipgooiende kinders.

(5) Die kinders het na Matlhoko gegooi toe London hulle gekeer het. Hy het hulle nie verlaat toe hy gekeer het nie. Maar het die klipgooiende mense mondellings versoek om die klipgooiery te staak.

- (6) Die jongman het na die klipgooiers gegaan en met hulle gepleit om op te hou gooie.
- (7) Dan weer het hy net hardop gepraat en hulle versoek om op te hou.
- (8) Die ander beseerdes was nie op die toneel nie maar het alreeds weggevlug toe hulle op die toneel verskyn.  
Vol. 408pp. 23791-23797.

Die getuenis van die ooggetuie lewer ook 'n paar eienaardighede.

- (1) Matlhoko het uit die perseel gery.
- (2) Kinders het van die teenoorgestelde rigting aangekom.
- (3) Matlhoko het toe deur hierdie groep kinders gery.
- (4) Hy het die kinders gestamp en een het op die grond geväl.
- (5) Sy en een van die kinders het toe die kind opgetel en op die sypaadjie gaan neerlê.

In kruisondervraging.

- (1) Die kinders het in die straat geloop.
- (2) Matlhoko was alleen in die voertuig.

- (3) Die kinders het uit die pad uit padgegee.
- (4) Matlhoko het hulle gevolg en na hulle kant toe gery.
- (5) Die kinders het padgegee uit die pad uit en toe is Matlhoko agter hulle aan en het hulle opsetlik gaan raak ry.
- (6) Toe sy gevra was of hy hulle op die sypaadjie raak gery het, was daar nie meer 'n sypaadjie nie maar net 'n grond gedeelte vanaf die teer en dat hy hulle op die grond gedeelte gaan raak ry het.
- (7) Toe hy hulle raak gery het, was hy heeltemal van die teer af en op die grond gedeelte.  
Vol. 413 pp.24093-24096.
- Submissie  
Gebuise wat oortuigend is  
is in gesprek  
aanval Matlhoko  
gebly*
3. 'n Ander aspek van die Verdedigingsgetuies wat net soveel botsings opgelewer het, is die kwessie van hoe dit gekom het dat HUCA met UDF geaffilieer het.
- (1) Een weergawe is dat vier HUCA afgevaardigdes die stigtingsvergadering in Kaapstad moes gaan bywoon.
- (2) 'n Ander weergawe is dat Jomo Khasu die enigste afgevaardigde was.

- (3) 'n Ander weergawe is dat daar geen afvaardiging was nie maar dat Jomo Khusu sommer net by UDF in die Kaap was en toe aan die vergadering gerapporteer het omtrent UDF.
- (4) Daar is verskillende weergawes oor wie almal op die tersaaklike vergadering gepraat het toe besluit was om te affilieer.
- (5) Daar is verskille oor wie voorgestel het dat hulle moet affilieer.
- (6) Oor wanneer geaffilieer was, is daar groot verskille. London het getuig dat hulle geaffilieer het gedurende Mei/Junie 1983.  
Vol. 400 p.23307.

Dan is hy nie meer seker nie en kan wees in Mei 1984 toe dit koud en winter was.  
Vol. 400 p.23307.

In sy getuienis in hoof het hy getuig persone van HUCA het op hul eie UDF vergaderings in Johannesburg bygewoon.  
Vol. 400p.23283.

In kruisondervraging verander sy getuienis totaal.  
Vol. 400 pp.23309-23310.

(7) Tom Thebe se getuienis was dat hy seker is dat Jomo Khasu eers einde van 1984 na Kaapstad is om oor UDF uit te vind. Sy kind was gearresteer Mei 1983 en aan die einde van die volgende jaar is Jomo Khasu Kaapstad toe na UDF toe.

Vol. 405 pp.23612-23613.

(8) Lesedi Hilda Moketsi het getuig sy het die eerste keer in 1984 van UDF gehoor toe Jomo Khasu verslag gedoen het.

Vol. 408 p.23765.

In kruisondervraging kon sy nie sê wanneer in 1984 sy van UDF gehoor het nie. Sy kon nie sê voor of na die winter van 1984 nie. Sy het nie geweet hoe dit gebeur het dat Jomo die UDF vergadering bygewoon het nie. Wanneer sy 'n blaps maak oor die feit dat Jomo eerste verteenwoordiger van UDF was verander haar getuienis en was Jomo die verteenwoordiger van HUCA in Kaapstad.

Vol. 408 pp.22774-23776.

9. Wat veral opvallend is, is dat nie een van die verdediging se getuies bereid was om hierdie Agbare Hof in te lig omtrent die Noord Kaap Streek van UDF wat hulle kantore in Vryburg gehad het nie en waar Hoffman Caleng Khotso Crutse en Jamo Khusu op die bestuur gedien het nie.

As alles in ag geneem word, is dit ons respekvolle betoog dat die getuies deur die Staat aangebied die waarheid getuig het terwyl die getuies van die Verdediging nie oop kaarte met die Hof gespeel het nie en belangrike feite vir hierdie Agbare Hof versteek het of verdraai het.

LEANDRA

1.

Ons glo dit is nie in geskil nie:

1. Dat die owerheid gedurende 1983-1986 te Leandra Swart-woonbuurt te kampe gehad het met 'n ernstige huisvestings tekort.
2. Dat hierdie ~~probleem vererger~~ was deur die feit dat sekere SASOL- en SECUNDA-werkers hulle intrek aldaar geneem het. *check*
3. Dat die owerheid gedurende genoemde tydperk reeds begin het met die herbouing van die woonbuurt op so 'n wyse dat dit aanvanklik langsaan die ou gedeelte sou geskied, maar namate bouwerk vorder ruimte in die bestaande woonbuurt benodig sou word vir verdere aanbouing.
4. Dat dit noodwendig die verskuiwing van gesinne in die ou gedeelte sou meebring.
5. Dat van die bestaande huise (in die ou gedeelte reeds corbewoon was deurdat te veel familielede daarin gehuisves was.
6. Dat daar gedurende 1983 'n gemeenskapsorganisasie genaamd die "Leandra Action Committee" bestaan het wat hom o.a. met hierdie huisvestings probleem bemoei het.

7. Dat die Gemeenskapsraad wat in September/Oktober 1983 verkies is uit die aard van die saak ook hiermee gemoeid was.
8. Dat daar 'n bona-fide fout begaan is met die opstel van verkiesings kennisgewings deur daarin die indruk te wek dat lede van die Raad vir 'n termyn van slegs 1 jaar verkies word, terwyl die de iure situasie inderwaarheid 3 jaar is.
9. Dat die L.A.C. daarop aangedring het op 'n stadium dat die gemeenskapsraadslede moet bedank.
10. Dat die voorsitter van die Gemeenskapsraad (I.C.19) se huis op 28 Oktober 1984 a.g.v. brandstigting verwoes is, en so ook raadslid Matetjane se woning en winkel. I.C.19 se voertuig is ook verbrand.
11. Dat I.C.19 se huis ook op 19 November 1985 aan die brand gesteek is, en die huis van Raadslid Skosana met klippe aangeval en beskadig is.
12. Dat L.A.C. voor November 1984 dikwels met die Black Sash oor en weer skakeling gehad het.

Enkele bewysstukke wat op die betrokke gebied betrekking het word vervolgens behandel.

1. Bewysstuk C.99 gevind in UDF kantoor Johannesburg onder die opskrif "Report on Civic Workshop" wat klaarblyklik die deelnemers aan die workshop noem meld onder "Leandra Action Committee"die volgende:

"Formed in 1983. Result of resistance to the government's intention to evict residents from the township. In 1984, Leandra was reprieved. At present has three subcommittees: transport, education, and advice. At present there is a problem of resources and dependency on Johannesburg. There are no trade unions in the area."

Die mede-kursusgangers is almal van UDF geaffilieerdes "dependancy on Johannesburg" kan in die konteks met respek slegs slaan op UDF-afhanklikheid vanuit Kotzow House.

2. Daar bestaan reeds einde 1983 'n band van samewerking tussen UDF en LAC.

So vind ons die volgende uit "United Democratic Front Transvaal Secretarial Report to the General Council Meeting Held on the 14th January 1984" onder die opskrif Rural Areas:

"MEMBERS OF THE EXECUTIVE COMMITTEE ATTENDED AND ADDRESSED A PUBLIC MEETING IN LEANDRA ON THE 31 DECEMBER 1983. SUBSEQUENTLY A WORKING RELATIONSHIP HAS BEEN ESTABLISHED WITH THE LEANDRA ACTION COMMITTEE."

Bewysstuk C2 p.2 paragraaf 5.

Vergelyk oek bewysstuk T.3 p.1 paragraaf 4.3 waar van die "Powerful LAC" gepraat word.

3. Op 1 Junie 1984 meld UDF in 'n "UDF Officers Report to the NEC" die volgende o.a. omtrent sekere areas waaronder Leandra:

"Although the Front has a limited presence in these areas, we have not done enough. We must begin to intervene in a more systematic way".  
Bewysstuk G.2 p.4 paragraaf E.

4. UDF se MSC is te Leandra geloods.

Bewysstuk AAC.47 p.2 1ste kolom onder opskrif "Blitzes get going in Transvaal" 2de laaste paragraaf.

5. Leandra verskyn ook as een van die areas onder die opskrif "Country wide protest" waar die volgende gencem word:

"39. LEANDRA  
Police use tearsmoke, rubber bullets, buckshot and sjamboks to break up a meeting of 5 000 residents gathered to discuss resistance to impending removal."  
Bewysstuk 32 p.10 item 39 (SASPU National gedateer Desember 1984).

6. Bewysstuk AM.15 p.27 lewer bewys hoe LAC staatmaak op UDF leiding. Die "UDF Transvaal Occurrence Book" bevat die inskrywing onder die hoof "Leandra": Abel Nkabindi and the other comrades who is not named are detained following the disturbances in the area."

The Committee needs advice as it is planning - a mass meeting on this Saturday". Onder die hoof "follow up" verskyn die naam "Bham" Datum 31.10.84.

7. COSAS is ook bedrywig gewees te Leandra soos blyk uit  
"SASPU-NATIONAL Volume 6 no. 1 March 1985".

Onder die hoof SRC battle continues die laaste paragraaf:

"We are living in an undemocratic South Africa, and our struggle for SRC's is part of our struggle for democracy in the schools, and it is linked to the workers struggle for democratic factory floor structures, and struggles in the community. These are all part of our broader struggle for democracy.

Parents committees have been set up in many areas including Duduza, Tsakane, Kwathema, Watville, Katlehong, Tembisa, Attridgeville, Heidelberg, Daveyton, Imbali, Welkom, Paarl, Bloemfontein, Soweto, Leandra, Lamontville and Odendalsrus.

Bewysstuk AAC.55 p.12.

8. Die enigste getuie wat die Verdediging t.o.v. Leandra geroep is Dolbi David Mahlangu.

3.

Wat die getuienis in hierdie saak betref, het die Staat t.o.v. Leandra getuies I.C.19 en I.C.20 geroep terwyl die Verdediging soos reeds gesê is, mnr Mahlangu geroep het. Hierdie laaste getuie se getuienis en die van die Staatsgetuies is direkstrydig wat betref wesenlike aspekte van die saak, van die ~~voork~~punte is reeds in paragraaf 1 aangesny.

4.

1. Die Staat se saak berus daarop dat ten spyte van die feit dat Leandra Action Committee, waarvan Abel Nkabindi die voorsitter was, bewus was van die ware rondom die "verskuiwings" beskikbaarheid van huisvesting en die probleme daarmee gepaardgaande asook die bona fides van

die gemeenskapraadslede wat betref die fout wat ingesluip het rondom die ampstermyn van raadslede, en ten spyte daarvan, onder die beïnvloeding van UDF soos landswyd, elders misbruik gemaak het van die plaaslike toedrag van sake en die massas tot onrus geleei het. Hierdie onrus het veral gekulmineer, na opbreek van 'n vergadering op 28 Oktober 1984, in die beskadiging van Raadslede se eiendom deur brandstigting. Ofskoon daar nie direkte getuienis is oor wie die eiendom aan die brand gesteek het nie, weeg die omstandighede so swaar wanneer die feite van hierdie saak in geheel beskou word dat die enigste redelike gevolgtrekking is dat ook die geweld aan UDF toe te skryf is.

4.2 Getuie I.C.19 getuig dat niemand bewus was van die foutiewe kennisgewing nie, maar dat Nkabindi en die L.A.C. dit onder die inwoners gepropageer het, dat die Raadslede se dienstermyn verstryk het selfs nadat met die Landdros opgeklaar was.

Vol. 101 pp 4952-4954.

4.2.1. Nkabindi wou hom nie steur aan pogings om tendens te skep nie en het intendeel raadslede gedreig dat hulle 'n ongeluk sal kry as hulle nie hul setels ontruim nie en verder aan die gemeenskap oorgedra dat "hierdie honde van die goewerment as hulle nie padgee nie, gaan hulle 'n ongeluk kry".

Vol. 101 p.4955.

4.2.2. Die LAC het die inwoners wysgemaak dat die Gemeenskapraad se doel om mense by die "waiting place" te vestig in werklikheid was om hulle eventueel te verskuif na KwaNdebele.

Vol. 101 pp.4956-57.

4.2.3. Die Gemeenskapraad het 'n vergadering belê ten einde die inwoners in te lig oor die ware feite. Blankes van die Black Sash het tesame met lede van die LAC daar opgedaag, en toe die persone ingelig was dat hulle nie welkom was nie, die polisie ontbied, en het hulle vertrek. Dit was September/Augustus 1984.

Vol. 101 pp.4957-58.

Die groot gehoor is toe ingelig wat die ware toedrag van sake was.

Vol. 101 p.4958.

4.2.4. Na dié vergadering het die LAC voortgegaan om inwoners te verwar.

Vol. 101 pp.4958-60.

4.2.5. Daar is besluit om 'n tweede vergadering te hou in die skoolsaal op 28 Oktober 1987. Die polisie was ook buite die saal teenwoordig. Mn Nkabindi en ander het mense beïnvloed en selfs gekeer om nie die vergadering by te woon nie en gesê dat 'n ongeluk hulle sal tref indien hulle dit wel sou doen.

Vol. 101 p.4960.

4.2.5.1. Die persone saam met Nkabindi van sy LAC het plakkate vertoon. Nadat getuie aan die woord gestel was na opening met gebed het hy begin praat. Op daardie stadium egter het Nkabindi en sy helpers die saal binne gekom en die vergadering totaal ontwrig. Hulle het gesing "Siyamlandela Umandela" en "Nkosi Sikilele I' Afrika" en slagspreuke geskreeu.

Vol. 101 p.4961-2.

4.2.5.2. Abel Nkabindi het 'n geel UDF-T-hempie aangehad.

Vol. 101 p.4963.

4.2.6. Die vergadering het om ± 10h00 opgehou en getuie hulle is na Raadslid Nkosi se huis. Die inwoners en lede van die LAC het ook die saal verlaat en al singende die straat af beweeg in die rigting van getuie se woning. Hulle was tussen 20 en 30 persone. Hy aanvaar Nkabindi was onder hulle. Hy het hom nie gesien nie.

Vol. 101 pp.4964-5.

4.2.7. Terwyl hy nog by Nkosi se huis is om ± 11h00 het hy 'n boodskap ontvang en is dadelik na sy huis. Dit was totaal uitgebrand. Sy bakkie was ook uitgebrand. Die totale skade was ± R12 800.

Vol. 101 p.4965.

4.2.8. Raadslid Maletjane se woning en winkel was hierna ook afgebrand.

Vol. 101 p.4967.

4.2.9. Op 'n vergadering tussen LAC en die gemeenskapsraad het Nkabindi verduidelik dat die LAC met UDF saamwerk, en getuie het ook van UDF se MSC pamflette by hom gesien.

Vol. 101 pp.4967-8.

4.2.10. Getuie I.C.19 is uitvoerig gekruisvra. Hy het met eerbied in wese nie afgewyk nie. Daar was inderdaad soms probleme met presiese datums.

Die essensie van sy getuienis is dramaties ten spyte van talle pogings deur die Verdediging om die getuie te verwarr in kruisondervraging (vgl. bv. vol. 101 p.4971).

Die feit dat die LAC ten minste reeds in Julie maand bewus was van die ware toedrag van sake is duidelik uit verdedigingsgetuie Mahlangu se getuienis.

Vol. 410 p.23911.

Dit is ook uit lg. se getuienis duidelik dat die LAC op die laatste, 28 Oktober 1984, reeds bewus was van die bona fide fout t.o.v. die kennisgewing.

Vol. 409 pp.23844-5 en veral 23846 reël 4 en verder.

Verder is dit volgens Mahlangu se getuienis so dat Nkabindi self beweer het dat hy gearresteer en gestraf was omdat hy 'n vergadering laat stop het.

Vol. 409 pp.23868-9 en 23873 reël 30.

Die waarskynlikheid dat Nkabindi dan inderdaad die vergadering op 28 Oktober 1984 laat skipbreuk ly het is geweldig groot.

4.3. I.C.20 was ń getuie wat klaarblyklik van subnormale begrip is. Vgl. bv. die talle probleme om sy hoof getuienis te laat vlot op p.5106 vol. 103. Daar is talle voorbeelde van stawing vir I.C.19 se getuienis en dit kan opgemerk word namate die kruisondervraging gevorder het en die getuie die totale prent beter begin snap het hy sterker vertoon het as getuie. Ten spyte van weerspreking in sy getuienis word betoog met eerbied dat dit ook in aanmerking geneem behoort te word dat hy nie so op hoogte met die raad se bedrywighede was soos I.C.19 nie en dat sy getuienis tog as aanvullend van I.C.19 se getuienis beoordeel behoort te word.

4.4. Verdedigingsgetuie D.D. Mahlangu het met eerbied nie beïndruk as ń goeie getuie nie. Vroeg reeds dui sy getuienis op drastiese onwaarskynlikhede. Daar word gedink bv. aan sy weergawe reñdom die aanwyding van die "temporary councillors" nl. om duplikaat stukke in ń owerheidkantoor op te spoor en te laat vernietig en boonop toegelaat word om 2-3 jaar te sloer met hul opdrag.

Vol. 408 p.23831.

4.4.1. Gedurende kruisondervraging trap die getuie ook geweldig klei.

4.4.1.1. Hy weerspreek bv. drasties wat deur die verdediging aan 'n vorige getuie gestel was. So verklaar hy dat die verskuiwingsprobleem heeltemal opgelos was teen Julie 1984. Vergelyk hier teenoor die strydige stellings aan I.C. 19. Kontroleer vol. 409 p.23843 reëls 27 tot 30 met vol. 101 p.4997 reël 19 e.v. veral vol. 410 p.23911 2de paragraaf.

4.4.1.2. Hy weerspreek hom self drasties deur die belangrike gebeurtenis van skrywe in brief aan raadslede om te bedank. Eers sê hy dit is in Augustus 1984. Vol. 409 p.23844 reël 29.

Dan weer nadat hy reggehelp word (in hoofgetuies) pas hy aan deur by te voeg Augustus of September. Terwyl die datum in Oktober 1984 behoort te wees klaarblyklik volgens Verdediging.

4.4.1.3. Die getuienis dat die vergadering van 28 Oktober 1984 per luidspreker aangekondig sou word om mense uit te nooi met 'n dreigement dat iemand wat spraaksam is geskiet sal word deur die polisie en die getuie dit boonop ernstig opneem en wegblý van die vergadering is onwaarskynlik. Ja, nie eers redelik moontlik waar nie.

Vol. 409 p.23849.

4.4.2.4. Getuie trap klei om te motiveer waarom daar 'n vrywillige ooreenkoms was dat sodra 'n lid van LAC verkies word tot die Gemeenskapsraad hy sal bedank as LAC-lid.

Vol. 409 p.23850.

4.4.1.5. Die bewering dat daar goeie samewerking tussen LAC en die Gemeenskapsraad was op die stadium toe Black Sash-lede opgedaag het en dat hulle boonop deur LAC genooi was om op die Gemeenskapraad se vergadering te praat is met een woord belaglik.

Vol. 409 p.23858.

Dit is boonop strydig met wat die Verdediging stel, wat die doel van Black Sash-lede daar was.

Vol. 101 p.4995.

4.4.1.6 Talle voorbeeld kom voor waar getuie getuienis afle strydig met vorige stellings van die Verdediging vgl. ook bv. mnr Bizos se stelling aan I.C.19 dat ten tyde van die vergadering op 28 Oktober 1984 die lede se wettigheid deur die LAC bevraagteken was.

Dit is strydig met getuie se getuienis.

Vol. 409 p.23846.

4.4.1.7. Getuie se totale ontkenning van enige skakeling met ander organisasies as Black Sash is duidelikstrydig met die gees van aangehaalde dokumenêre bewysstukke.  
Vide par. 2 supra.

4.4.1.8. Dit is voorwaar eienaardig dat die getuie as lid van die LAC swyg t.o.v. die inhoud van talle stellings wat aan I.C. 19 gemaak is.  
Vgl bv. vol 101 p.4997-99.

## 5.

Daar word eerbiediglik betoog dat die gebeure oor die betrokke tydperk inskakel en deel vorm van UDF se reeds uitgespelde taktiek en optrede.

CRADOCK

In Cradock was die Swart bevolking intensief georganiseer gemobiliseer om te verenig en oor te gaan tot geweldpleging. Hierdie doel was bereik en het die massas oorgegaan tot geweldpleging en oproer en was hulle vernaamste teikens die regering, regeringsinstellings, beampies en hul eiendom.

1.

In Cradock self was dit UDF geaffilieerde organisasies CRADORA en CRADOYA wat baie bygedra het tot die verwesenliking van die geweldpleging en oproer. So bv. het Mbulelo I Goniwe bv. aan die Nasionale Uitvoerende Komitee verslag gedoen oor hulle aktiwiteite in Cradock. Die verslag was gevind in die UDF kantore.

1. In kort word die volgende belangrike feite daaruit geneem:

- (1) CRADORA het die knelpunt teen hoë huur gebruik om die massas te verenig in die "people's struggles" teen die "enemy" wat die Staat is. Hierin het hulle sodanig geslaag dat die "establishment" probeer om CRADORA te vernietig. 'n Voorbeeld wat hy noem is dat hul leier Matthew Goniwe deur die veiligheidspolisie onderdruk word.
- Lippe, V/S  
Ternuus"*
- (2) Die inwoners in Cradock verenig teen die gemeenskaplike vyand.

(3) Dat die organisasie moeilikheid ondervind vir die hou van massa vergaderings deur die toedoen van 'n raadslid en polisiebeampte.

(4) Dat hulle voorsitter M Goniwe na Graaff-Reinet verplaas is en het die jeugorganisasie CRADOYA 'n resolusie aanvaar dat daar 'n skole-boikot moet wees as sy verplasing nie gekanselleer word nie.

(5) Die "vyand" het M Goniwe verplaas om CRADORA se groei te demp. (124)

(6) Dat M Goniwe besluit het om in Cradock te bly en dit as 'n oorwinning vir die massas omdat hy daardeur vir hulle 'n voorbeeld gestel het om eie belang ondergeskik te stel aan die nasionale vraagstuk.

(7) Die veiligheidspolisie het nou 'n ander metode gevind om hulle te treiter en te onderdruk te wete deur aanhoudings van die leiers van CRADORA en CRADOY en te ondervra.

(8) CRADORA vra UDF se bystand oor die kwessie van M Goniwe en vra ook 'n lening van R1 000 t.o.v. hierdie aangeleentheid.

Bewysstuk T.24 dokument 2.

2. In 'n persverklaring stel UDF dit onomwonde dat in Cradock sal die skole-onrus en boikotte voortgaan totdat die gemeenskapsleiers uit aanhouding ontslaan word. Dat die stryd in Cradock sal voortaan tot 'n sg. nie-rassistiese, demokratiese S A tot stand gekom het en sluit so af:

"The UDF salutes the courage and spirit of resistance of the people led by CRADORA and CRADOYA and we fully support their demand for the unconditional and immediate release of their leaders."

Bewyssstuk A.J.14.

3. UDF was ook 'n belangrike bydraende faktor in die gebeure in Cradock. Matthew Goniwe wat belangrike posisies beklee het op die besture van CRADORA sowel as CRADOYA het ook gedien op die bestuur van die Oos Kaapse Streek van UDF. Op aldrie hierdie liggame het hy belangrike funksies vervul om die uitvoering van UDF se beleid te bewerkstellig en in die besonder die mobilisasie en politisasie van die mense van Cradock tot geweld. Hy was organiseerder vir UDF in Oos Kaap.

Bewyssstuk AAZ.6 p.6 (viii).

4. UDF leiers het aktief deelgeneem in die mobilisering en politisering van die mense van Cradock. Op 20 Oktober 1984 het een van die Nasionale presidente van UDF in samewerking met CRADORA die massas van Cradock in 'n openbare vergadering toegespreek.

Vol. 107 pp.5322-5323.

5. UDF dokumente was klaarblyklik gereeld aan die organisasies in Cradock verskaf. Op 10 Mei 1985 was die huis van

Victor Puwani die adjunk-sekretaris van CRADORA deursoek en  
'n hele aantal UDF dokumente gevind en op beslag gelê. Dit  
is bewyssukke AAZ.6 tot 14.

Vol. 108 pp.5359-5363.

Ons wil graag die Agbare Hof verwys na 'n paar belangrike aspekte:

(1) Bewyssuk AAZ.6 p(iv) - Sekretariele Verslag.

Dit bevestig dat ook CRADORA en CRADOYA deelgeneem het aan:

"In South Africa we are involved in a class struggle which assumes a national character (form) at this given epoch.  
The UDF represents a unity acquired through several years of reconstruction of the national democratic movement." NB

Toe hierdie verslag geskryf was, het UDF nog maar net meer as 'n jaar en 'n half bestaan. Die ANC word algemeen beskou en gereken as die National Democratic Movement. Dit blyk dus dat ons hier te doen het met 'n erkende skakeling met die ANC.

Hierdie verslag bevestig ook onomwonde dat UDF die massas lei na openlike konfrontasie met die regering.

- "- With the UDF's formation, that natural development was given national content and shape.
- It permitted democrats after a long lull to openly engage the masses of people in struggle against the apartheid government."

(2) Mandela se antwoord op die President se voorstel,  
en wat deur Zindzi Mandela uitgelees was op die  
massa vergadering van 10 Februarie 1985 was onder  
die gevonde dokumente.

Bewysstuk AAZ.13.

(3) Die brief deur Mbulelo Goniwe gerig aan die  
Sekretaris van CRADORA en CRADOYA en waarin hy die  
bestaan van straatkomitees reeds op 1 April 1985  
bevestig.

Bewysstuk AAZ.8.

6. Op die 19de April 1984 was beskuldigde 19 in padblokkade voorgekeer en was beslag gelê op dokumente wat ingehandig is as bewysstukke AAZ.1 tot 5. Bewysstuk AAZ.4 'n handgeskreve stuk wat in sy besit was, bevat insiggewende feite oor die "vryheidstryd" soos deur UDF bedryf te Cradock.

p.1 "The central question today not whether public meetings of our organisations take place or not, but whether the demands of the students and the community of Cradock are met. Our people in that region want to exercise their right to organise themselves to express the views about undemocratic Local Authorities and no retain. Mr Goniwe ... Any attempt by the government to treat the people in a high handed manner can only fuel the fire of discontent thus creating conditions for another 1976 blood bath."

Bewysstuk AAZ.4

Nogens word daar in die UDF kringe voorsien dat as daar nie aan hulle eise voldoen word nie gaan daar beslis bloedvergieting wees.

7. Die samewerking ter verwesenliking van 'n gemeenskaplike doel word nooit betwyfel en pertinent tuisgebring by alle belanghebbende partye. In die gemeenskaps publikasie Grassroots van Maart 1984 word verkondig:

"CRADORA was formed in October last year after residents united to fight high rents in the township. Since then CRADORA has won the support of the whole community. Together with CRADOYA the association joined the U.D.F. in December 1983.

The resident's strong support of CRADORA and CRADOYA put fear into the government and their puppets."

....

"The people of Cradock are angry. A petition in support of Matthew Goniwe is being organised by CRADORA and CRADOYA. The youth say they will call a school boycott if Matthew is not given back his job. At the same time the increase in rent is being challenged in court.

The people of this small town are determined to win their demands. They say they will fight for their rights. Their courage and unity is a lesson for all South Africa."

Bewysstuk W.48 p.3.

## 2.

Dit is ongetwyfeld so dat daar 'n tak van COSAS in Cradock bestaan het wat veral die militante jeug georganiseer het tot werklike aksie in die gebied. Dit saam met CRADORA/-CRADOYA en UDF.

1. Die COSAS-tak te Cradock het die vergadering van die Oos Kaap Streek van COSAS bygewoon op 17-19 Junie 1985 te Katberg.

(1) Daar het hulle verslag gedoen van hulle aktiwiteite in Cradock om COSAS se beleid en strategie uit te voer.

(2) Hulle het deelgeneem aan die besprekings en beplannings rondom die knelpunte soos beliggaam in die program van die byeenkoms.

(3) Hulle het ook bewysstukke CA.45 ontvang wat COSAS se leiding en planne uiteensit.

(4) Hulle het daar geregistreer as 'n tak wat die byeenkoms bygewoon het - 5 lede waaronder Simo Gwagwani die sekretaris van die Cradock tak.

Bewysstukke CA.43, CA.44 en CA.45.

2. Die besondere aandag was deur UDF Nasionaal en COSAS Nasionaal aan die gebeure in Cradock gegee. Leiers op hoë vlak het bymekaar gekom en spesifieke voorstelle gemaak as leiding vir toekomstige optredes.

(1) 'n Skrywe was vanaf UDF Nasionaal gerig aan alle Streeksekretarisse op 30 Januarie 1985 waarin die voorstelle vir leiding aan belanghebbendes gestuur moes word.

(2) Die voorstelle was voorgelê as afkomstig vanaf beskuldigde 19 namens UDF en J Khumalo namens COSAS.

(3) Die leiding wat bespreek en waaroor besluit was, was gedoen deur beskuldigdes 19 en 20

namens UDF en twee lede van die Nasionale  
Uitvoerende Komitee en twee lede van die  
Streek Uitvoerende Komitee van COSAS.

- (4) Dié leiers se leiding gaan nie om geweld te voorkom of te stop nie, maar in teendeel om dit te vererger. Hulle standpunt soos gestel:
- (a) Dat terwyl party leerlinge terug is skole toe is daar steeds baie wat voortgaan met die boikotte, o.a. Cradock.
- (b) Dat COSAS nog nie 'n nasionale oproep gemaak het nie. Die oorhoofse eise bly soos voorheen deur COSAS gestel en daar is ander knelpunte soos die ontslag van studente en onderwysers wat aandag verlang. 'n Voorbeeld word genoem as o.a. Cradock waar onderwysers ontslaan was en dat leerlinge en ouers gedetermineerd is om met die skole-boikot voort te gaan totdat die onderwyser in ere herstel word.
- (c) Die Departement van Onderwys sal nie die krisis kan oplos.

- (d) Dat hoewel sommige leerlinge terug is skole toe beskou bestaan daar 'n potentiaal vir 'n ander skole-boikot en dat grootskaalse geweld sal uitbreek as daar nie aan die leerlinge se eise voldoen word nie.
- (e) Dat die leerlinge op die punt staan van oorwinning en dat nie toegelaat moet word dat hulle die inisiatief verloor nie.
- (f) Daar is 'n behoefte om die kampanje UIT TE BREI deur die ander magte te betrek en om die pad duidelik aan te dui in hierdie verband.
- (g) Dat 'n behoefte bestaan vir die moontlike bemoeienis van Ouer Komitees in die "Education Charter Campaign".

Hulle dringend beroep is hoe om die ploffbare situasie verder uit te brei.

"The UDF and COSAS urge you to discuss the above questions and to come out with practical suggestions as soon as possible. The most concrete and crucial question facing us is, precisely HOW can we intensify the campaign in the event of the DET refusing to meet the students' demands."

Bewyssstuk AB.5 Dokumente 1 en 2.

3. 'n Uiteensetting van die toestand t.o.v. "Bantu Education under Attack - Grievances Spark Nation-wide Protests": 1 Stel:

p.1 "As 1984 unfolds more and more black school students are taking up their grievances, organising around them and in some cases winning.

Under the banner of COSAS schools have boycotted, fought, negotiated and layed down demands

COSAS speaker Tlhabane Mogashoa declared that 'we will prove in action that Bantu Education is evil. We will revolt against it until it has been utterly scrapped, dumped on the junk-heap of history and burried for once and for all.'

In Cradock in the Eastern Cape over 4000 students in 7 schools are continuing a boycott against the transfer of a popular teacher, Matthew Goniwe by education authorities. They are also demanding recognition of SRC's."

en dan op p.6.

"Eastern Cape region has 22 affiliated organisations from Port Elizabeth, Uitenhage, Cradock, Grahamstown and Humansdorp."  
Bewysstuk W.19 - SASPU National - Maart 1984.

Klaarblyklik was daar grootskaalse opsweeping van die Swart massas aan die hand van knelpunte in die woonbuurt. In die proses was daar mildelik gebruik gemaak van pamflette, plakkate en slagspreuke. Veral was die slagspreuke aangewend om die ANC, CRADOYA, UDF, ANC leiers, Mandela, Sisulu, Mahlaba, Mbeki, Tambo te assosieer met mekaar en te populariseer as die massas se kampvegters wat vir hulle vryheid veg en wie die massas moet steun en terselfdertyd die Regering te verfoei en te verwerp.

1. Dit was oënskynlik so erg dat die polisie in Julie 1984 spesiale patrolliers gereël het om te waak teen die verspreiding van pamflette en die aanbring van plakkate en slagspreuke.

Vol. 107 p.5320.

2. Op 27 Julie 1984 het Adjudant Offisier Wentzel gevind dat COSAS pamflette versprei word.

Die pamflet bevorder en moedig die skole-boikot aan en bevestig dat hulle daarmee sou aanhou tot aan hul eise voldoen is. Solidariteit word uitgespreek met die "Stryd" in Cradock. Hulle eis gaan oor die onderwysstelsel.

Bewyssstuk AAY.13.

Vol. 107 p.5320.

3. Ook 'n ander COSAS Pamflet gevind waar dit opgeplak was. "COSAS says no to forced removals. We want houses."

Bewyssstuk AAY.14.

Vol. 107 p.5321.

4. In die woonbuurt was nog 'n pamflet opgeplak waarin die inwoners aangemoedig word om aan 'n verbruikers boikot deel te neem. Die knelpunte daarop aangegee is laer inkomste van vroue werkers, hoë huur, verbanning van vergaderings en vrylating van alle aangehoudenes.

Bewysstyk AAY.15.

Vol. 107 p.5321.

5. 'n Verdere pamflet wat opgeplak was is ook een wat die inwoners aanstig om aan die verbruikers boikot deel te neem van 26/7/84 - 2/8/84.

Bewysstuk AAY.16.

Vol. 107 p.5321.

6. 10 Oktober 1984 word 'n AZASO pamflet gevind waarin die inwoners aangestig word om -

(1) "Peoples SRC's" te verwesenlik.

(2) Voort te gaan met die stryd om wat hulle toekom te verwesenlik selfs teen moontlike uitsettings, arrestasies en selfs al word hulle geskiet.

Bewysstuk AAY.17.

Vol. 107 p. 5322.

7. Het UDF se MSC bevorder. "UDF One Million Signature Campaign - Make your mark against Apartheid" en uitgereik deur UDF Khotso House.

Bewysstuk AAY.18

Vol. 107 p.5322.

8. Op 20 Oktober 1984 was 'n plakkaat van CRADORA opgeplak wat 'n massa vergadering adverteer waar

Oscar Mpeta as president van UDF die vergadering sou toespreek.

Vol. 107 pp.5322-5323.

9. Daar was plakkate wat Minister de Beer uitgemaak het vir 'n onderdrukker wat nie erken word nie.

Vol. 107 p.5323.

10. Getuie T J Hough het getuig dat hy Januarie 1985 na die sportgronde in die Swart woongebied was waar 'n groot aantal slagspreuke teen die omheiningsmuur geverf was. Hy het hulle gefotografeer en die foto's is ingehandig as bewyssstukke AAY.1 tot 16. Daarop verskyn o.a. die volgende slagspreuke:

"Viva Mkhonto we Sizwe ANC".

"Viva Mandela, Sisulu, Mhlaba, Mbeki".

"Beware Botha, Tambo is coming".

"Long live ANC, UDF, MK Freedom Now. Now".

"ANC is stil alive. Long live Umkhonto we Sizwe.

Long live UDF. Ban Apartheid".

"Le Grange, Minister of Disorder".

"No gathering will cause disorder. Disorder is existing right now caused by you but Viva ANC".

"Let the struggle continue until justice is attained".

"Long live Mandela, Sisulu, Mbeki, Mahlaba".

"Long live ANC, UDF, CRADOYA".

"ANC, MK Viva AK 47".

Teen toilet mure in die woongebied het hy die volgende slagspreuke gevind en gefotografeer:

"Let us kill Migosdal's Hotnots on Sunday. Viva ANC, UDF, CRADOYA".

Bewysstuk AAY.21.

Vol. 5343.

- Stuur weer op wens van gevalig geslaagd*
3. Begrafnisse van onlusslagoffers was uitgebuit vir politisering en opsweping van die massas.

- (1) Swart jeugdiges versamel by die kerke en sing vryheidsliedere en skreeu slagspreuke - Viva UDF, Viva ANC, Viva Umkhonto we Sizwe, Viva CRADORA, Viva CRADOYA, Viva AK 47, Viva Bazooka en assosieer hulself en die massas hiermee.
- (2) Voor dienste hardloop jeugdiges in strate voor hulle dienste bywoon en sing vryheidsliedere en skreeu slagspreuke soos reeds genoem en ander jeugdiges sluit dan by hulle aan en doen mee.
- (3) Banier van organisasies soos CRADORA en CRADOYA, COSAS en UDF word gebruik by die begrafnisse as simbole waaronder hulle die stryd voer.

(4) Na dienste word massa optogte gevorm. Die kiste word dan op die skouers gedra en word gesing en geskree met die kis vooraan die optog en baniere gedra.

Vol. 107 pp.5344-5348.

Bevestig vol. 108 pp.5368-5370.

(5) Na die teraardebestellings bly groot getalle jeugdiges agter tot naasbestaandes en ouer persone weg is waarna hulle dan voortgaan met sing van vryheidsliedere en skree van slagspreuke. Hulle vorm dan optogte en marsjeer deur die strate en dikwels was polisiebeamptes, raadslede en onderwysers se huise aangeval.

Vol. 107 p.5348.

Bevestig - vol. 108 p.5370.

#### 4.

Die hou van massa-vergaderings deur CRADORA, CRADOYA en COSAS was die ander metode wat aangewend was om die massas te politiseer en oor te haal tot die geweldpleging wat daar plaasgevind het.

#### 5.

Die uitstaande kenmerk soos trouens by alle ander plekke waar geweld uitgebreek het, is die aanwend van die knelpunte wat UDF vir nasionale organisasie en mobilisasie identifiseer het, gebruik was deur die organisasies in Cradock. Verder was plaaslike knelpunte ook opgeneem. Dit is nog

steeds in ooreenstemming met UDF beleid wat dit sterk aanbeveel en die feit dat UDF geaffilieerdes dit huisgebruik het om die massas op te sweep bevestig hoedat hulle UDF beleid uitvoer.

1. Die pamflette supra behandel bevestig die geruik van die volgende knelpunte: Swart Onderwys wat COSAS gekoppel het aan die "stryd", Verwyderings en hervestigings wat COSAS gebruik, Huisvesting wat COSAS gebruik, die gebruik van knelpunte van lae inkomste van werkers en vroue werkers, hoë huur, onderdrukking deur verbanning van vergaderings en aanhouding van politieke aktiviste wat gebruik word om die landsekonomie te betrek, AZASO maak gebruik van sg "Peoples SRC's" om die mense op te sweep tot gewelddadige aksie en onderdrukking van die Swartes deur die Blankes en Blanke Regering.
2. Die verplasing en afdanking van M Goniwe word deur CRADORA, CRADOYA en COSAS gebruik met die steun van UDF en COSAS Nasional om die massas op te sweep in Cradock tot daadwerklike aksie. So het die verdediging dit bv. gestel gedurende die verhoor:

"Mnr Wentzel, het Cradock die voorreg gehad om die eerste plek te wees ongelukkig waar skole boikotte begin het in 1984.

.....

Stem u saam dat dit die probleem is waarmee skool-boikotte in Cradock begin het".  
Vol. 107 p.5324.

Sien ook bewysstuk G.2 paragraaf 4, Bewysstuk T.24 tweede dokument, Bewysstuk AB.5 dokumente 1 en 2, Bewysstuk AB.15, p.3 en p.4, Bewysstuk AB.17, Bewysstuk AB.43, AJ.14,  
Bewysstuk W.19 p.1 - under the banner of COSAS schools have boycotted, fought, negotiated and layed down demands.

3. 'n Nasionale knelpunt wat veral ook intensief in Cradock opgeneem was om die massas te politiseer en aan te stig tot geweldpleging is Swart Onderwys waaraan verskeie newe knelpunte soos SRC's, ouderdomsperke, lyfstraf, sluit van skole ens. gekoppel was. Dit het dan ook grootliks geslaag en het geweld in die gebied uitgebreek.
  - (1) Beskuldigde 20 het die resultaat van die skole-boikot in Cradock soos volg gestel:

"... In what followed police intervened and the confrontation between police and students broke into exchanges of stones, teargas etc.  
Bewysstuk AB.15.
  - (2) Frank Chikane van UDF beklemtoon die doel van die stryd in die skole.

"Facing the Crisis in Black Education.  
Compiled by Rev. Frank Chikane on behalf of the steering Committee On the Crisis in Black Education".  
p.3 para. 3: "Proposed Programme of Action.  
Having noted all the problems raised above a two pronged programme in involving both parents, teachers and students is being proposed (1) Monitoring of education of the children. (2) Working towards the scrapping of this oppressive education system to substitute it with a progressive system of education controlled by the people".  
Bewysstuk AB.20.
  - (3) Beskuldigde 20 stel dit dat hulle beslis geweld voorsien in die onderwys stryd en nogtans gaan hulle voort om die massas te organiseer en te

mobiliseer vir deelname aan die stryd en die uitbreiding daarvan:

"On the Return of Pupils to School.  
The issue is not whether students and pupils are returning to school or not. It is whether the DET has and will continue to adequately address those grievances which led to the disruption of classes last year.

If in the long run students are not satisfied that they have, then we can expect even worse disruption before the year is over. Or fear is that many young lives will once more be lost in running street battles in which armed police and soldiers will confront unarmed and defenceless pupils in the townships. M. Lekota."

Bewysstuk AB.23.

Hierdie stuk waarin hy geweld voorsien moet beoordeel word in samehang met die inhoud van bewysstuk AB.5 dokumente 1 en 2 en die werklikheid soos die skole stryd homself in die werklike daaglikse gebeure bewys het.

4. Dit word aanvaar en bevestig dat Swart Onderwys in integrale deel vorm van die Vryheidstryd. Daar is dus nie sprake van dat elke afsonderlike skool besig is met sy persoonlike vendetta nie. Alles is deel van die nasionale poging en vryheidstryd.

"Towards an Education Charter.  
The time has come when democrats should begin to discuss very seriously the kind of education that is required to replace the present system.

We have long been critical of the nature of our education, and we have long demanded a system that 'opens the doors of learning and culture to all'. While it is necessary that we continue this task of criticism, it is also important that we start to talk about the ways in which education must change ... The process by which women, workers and

students are to take control of their education  
are a vital part of the wider struggle to control  
all aspects of their lives."

Bewysstuk AB.28.

5. Cosas self versprei belangrike leiding ten aansien van die gebruik van Onderwys vir doeleindeste van die Vryheidstryd.

"COSAS National Congress Report 1985".  
p.7 "Most branches reported that they have close contact with organisations in their areas. Some branches are engaged in the same programmes ...  
Most of these organisations are affiliates of UDF as COSAS is. COSAS branches participate in UDF area committees and programmes. It was encouraged that all branches attended and participate fully in UDF programmes ..."

Op p.10 "... The Education Charter can be used as a guide in the struggle for a free and democratic education. It could contain short term, medium term and long term demands of the oppressed for a new education. The charter could also serve as a mobilising point for a free democratic education:

Dan word dit uitgespel wat hul metodes is in die stryd

p.14 "Our Method is United Action.  
Our emphasis on action flows from our understanding that unity can only be built in and through struggle. The achievement of a democratic education too, requires united action. Victory comes not to those only with admirable aims; it requires hard demanding struggle. But this struggle, this united action must be guided by careful planning and a sound theory that combines what we are fighting for with how we shall conduct that fight.

Our action must be united with those of the other forces of change in South Africa. We must link up with the workers' struggle .."

Bewysstuk AB.29.

6. UDF in 'n brief aan SOYCO soos geskryf deur beskuldigde moedig hulle aan om in voetspore van ANC Youth League van veertigerjare te volg en ook

*bese 20*

t.o.v. van die militantheid van die jeug in o.a.

Cradock en sê dan:

"Above all, however, you have daunting task of matching the ability to organise the militancy and selfless courage of the '76 Soweto youth. Respond to the challenge of the youth in Cradock, Lamontville and Parys."

Bewysstuk AB.39.

7. COSAS bevestig ook dat die gebeure in o.a. Cradock simbolies is van studente ontevredenheid en strydvoering.

"Ever since the beginning of this year there have been a number of incidents of unrest in schools, which symbolises dissatisfaction amongst the students of South Africa. Those affected are in Cradock, Atteridgeville, Saulsville, Tembisa, Warmbath, Port Elizabeth, Soshanguwe, Queenstown, Welkom and many other areas".

Dan word hul eise uiteengesit. Dit raak knelpunte wat op 'n nasionale vlak deur alle skole waar onluste uitgebreek het gebruik was om die skoliere veral te betrek in die Vryheidstryd.

- (1) Skepping en erkenning van SRC's
- (2) Lyfstraf in skole.
- (3) Teksboeke.
- (4) Ouderdomsbeperkings.
- (5) Seksuele vergrype t.o.v. vroue-leerlinge.
- (6) Ontslag van aangehoude leerlinge en onderwysers.

Bewysstuk AB.44.

8. AZASO het 'n belangrike diensbrief uitgestuur waarin hulle uiteensit dat die vryheidstryd is 'n magstryd, wie die strydmagte is, hoe hulle

aangewend word. Dit word elders onder Peoples Power meer volledig behandel maar is hier toepaslik.

Sien bewysstuk W.15 vir die volledige stuk.

9. In SASPU National Mei/Junie 1984 word bewys gevind van die konflik tussen die Staat en leerlinge waar geweld aan kant van studente duidelik uitspel as deel van hul "stryd".

"Rising Anger at gutter education"

"conflict between students and the government is intensifying as the eighth anniversary of the Soweto student uprising approaches.

.....

In the Pretoria townships Saulsville/Atteridgeville and in Cradock, authorities consistently refuse to give in to student demands. Thirteen schools are now closed affecting 10000 students.

In Cradock there were reports of police beating and detaining students and disrupting their meetings. Police vans were stoned and road blocks erected to stop police from entering the township."

Dit word ook bevestig dat toe die skole deur die Departement van Onderwys gesluit was, het onluste uitgebrei na die strate. Bewysstukke AB.5 en AB.23 supra behandel se ware betekenis word hierdeur gestaaf.

"p.20 "Student struggles\at school for united democratic action.

.....

We need unity to galvanise students and all peace and freedom loving people for the final destruction of tribalist and Apartheid education and stop forward to the peoples education.

Our unity, if it is to be strong and last long, can only be built when we work and struggle together, which is why our theme is for united action.

Our education charter campaign will carry this forward and involve as many people as possible.

....

It is possible to push the authorities to give in to these demands, which means the boycott doesn't end in outright defeat which can be demoralising. The boycott becomes effective tactic in the student struggle.

Secondly, this tends to mobilise and organise students more effectively and promote unity in action, direction and the struggles used.

In many cases students have remained inside the school premises when they are boycotting classes. This has ensured that students maintain their unity and solidarity. It also means parents don't get worried that students are loitering and not going to school and are more likely to support the students.

But students have come to school and found that gates locked, so they then have no choice but to boycott outside the premises. Police have intervened on many occasions in Atteridgeville, Bloemfontein and Cradock.

... Students became more determined to organise not only around their present problems and the bantu education system, but the entire system that upholds it."  
Bewysstuk W.20.

10. In SASPU Focus van November 1984 word bewys gelewer dat die regering se onwilligheid om gehoor te gee aan leerling eise lei tot bloedige gevegte tussen regering en leerlinge vir die beheer oor skole in die vryheidstryd.

p.5 "Year of Struggle, Time of Learning.  
The rumblings of student anger were heard from the

first days of school this year. The government ignored the warnings, sparking a bloody and bitter struggle for control of the schools. The students, on boycott have learnt many lessons.

...

The Department of Education and Training (DET) was setting the scene for a year of conflict. Their blind eye on grievances and a deaf ear on demands forced a mood of militancy on students. And they began gearing up to back their calls with further action.

Student demands were clear from the start.

- recognition of democratically elected Students' Representative Councils.
- scrapping of the prefect system and the age-unit laws.
- an end to excessive corporal punishment.
- an end to sexual harassment.

.....

In Cradock, protests broke out when popular school teacher and head of the Cradock Residents Association, Mathew Goniwe was transferred out of the area by the DET. Students and residents joined to call for his reinstatement. The DET repeatedly refused to give in and so a boycott of classes began."

....

As police action increased, the confrontation escalated. From places like Atteridgeville and Cradock clashes between students and police spread across South Africa as students nationwide joined the boycotts.

....

COSAS was singled out for special attack. This angered students as they saw themselves as part of COSAS and identified with its aims.

COSAS represent and united students in different areas and gave national character and strength to their demands.

...

On top of boycotts in Atteridgeville, Cradock, Graaff-Reinet, ... and Alexandra came protests at the universities ...

School students said again and again they would not return to classes until their demands were met. The government continued to use force, with heavy clashes breaking out between police and students.

pp.6-7

On May 15, after weeks of intense clashes between police and students, all six Atteridge schools were closed. 6000 students another in Cradock was had suffered the same fate.

...

p.9

In the Eastern Cape where boycotts were spreading and growing in strength, violent clashes escalated. SADF troops were stationed in PE and Grahamstown, students at more than 50 schools in Port Elizabeth, Uitenhage, Grahamstown, Queenstown, Fort Beaufort, Graaff-Reinet, Somerset East, Cradock, Oudtshoorn, Port Alfred and King Williamstown stayed out.

By early October student militancy showed no signs of subsiding."

Bewyssstuk W.20.

Op p.18 van dieselfde publikasie verskyn 'n belangrike artikel waarin die stryd om Swart onderwys deur leerlinge volledig uiteengesit word. Hierdie stuk is in geheel belangrik en ons gaan slegs 'n paar grepe daaruit haal:

p.18

"But students in the schools and universities are not just taking up immediate issues. They have also begun the long painstaking task of putting together an education blue print which would not only deal with immediate issues but would also put long-term demands on the agenda.

AZAPO president Simphiwe Mgodusso explains:  
'Maybe after five or ten years the short-term

demand for SRC's will not be an issue, but the long-term demand for community involvement in the running of education as part of the demand for a free and non-racial South Africa will remain".

Dan ook p.21

"Students in the schools are fighting an undeclared war with the police and the government The result - bitter lessons learnt on the power of strength. Students are demanding changes in education. Getting them has proved a costly task demanding sacrifice and organisation. Workers, women, the youth and residents have their own demands. Winning them is difficult, but not impossible. It means the structures of power and control must be challenged and replaced."

Verder p.22

"By organising, mobilising and politicising their constituency, students and students contest and obstruct the exercise of power by the ruling class and its allies. ...".

Op p.24

"Students are aware that their problems are not just the result of poor administration or a shortage of resources, ... They know that education is one of the key institutions through which the ruling class ensures its rule by training some people to play the roles of bosses and supervisors while learning the rest to be bossed and supervised.

...

The challenge to ruling class power is a challenge to us all to build democracy. The struggle for democratic education is about the same issues as the struggle for worker's rights and the struggle for democracy in the townships. And all these struggles are essential parts of the struggle for a democratic government in South Africa.

The people shall govern, not only in parliament, but also directly in the schools, factories and communities. Nothing less than power to the people!

Bewysstuk W.21.

Dit is ons respekvolle betoog dat daar hoegenaamd geen twyfel kan bestaan oor die gewelddadige aard van die vryheidstryd nie. Dat die skole strydvoering 'n integrale deel is daarvan nie. Dat in Cradock dit prakties gekristaliseer het in gewelddadige konfrontasie met die owerhede.

6.

Die gevolge van die mobilisering politisering van die massas in Cradock was:

1. Op 'n Sondag in Februarie 1985 het twee groepe Swart jeugdiges in die strate gehardloop onder vaandels van COSAS en CRADORA. Hulle het vryheidsliedere gesing.

Die groep onder die COSAS banier het die huise van Swart polisiebeamptes aangeval met klippe. Hulle het ook die polisie se patrollievoertuig aangeval met klippe en was toe uiteen gejaag met traanrook.

Vol. 107 pp.5326-5329 en 5334.

Beide groepe het later 'n massa-vergadering bygewoon.

Die baniere is saam met hulle die saal in.

Vol. 107 p.5329.

2. Die 3de Februarie 1985 was daar grootskaalse oproer en onluste waaraan groepe Swart inwoners deelgeneem het.  
Daar was klipgooiery en brandstigting; voertuig was in straat aan die brand gesteek; onderwysers en

skoolinspekteurs se wonings en voertuie was aangeval; huis en motor van 'n onderwyser was aangeval en verbrand.

Vol. 107 p.5331 p.5339.

Van die oproerige aanvallers was geklee in UDF-T-hemde en teen die voorste muur van die onderwyser se huis wat afgebrand was, was UDF geverf.

Vol. 107 p.5331 en p.5336.

Dit bevestig nogmaals hoedat dié aanvallers openbaar dat hulle hulself assosieer met UDF en wat hulle doen doen hulle onder die sambrel van UDF in die vryheidstryd waar UDF lei. Dit, met alle respek, is hoedat die strydmagte van UDF hulle self sien en uitleef. Dit bewys ook hoedat hulle die vryheidstryd ervaar en uitvoer. Dit is bewys van die intensiewe organisasie, mobilisasie en politisasie van die massas se resultaat.

3. Vanaf 1984 was eiendomme van polisiebeamtes, raadslede en onderwysers se wonings en eiendomme dikwels aangeval deur groepe inwoners na begrafnisse van onlusslagoffers.

Vol. 107 p.5348 en pp.5355-5356.

Huis van raadslid Doris Hermaans was aangeval en beskadig.

Vol. 107 p.5350.

Leiers van die organisasies het raadslede geïntimideer  
deur dreigemente bv. Mbulelo Goniwe. Hy was  
hooforganiseerder van CRADORA EN CRADOYA.

Vol. 107 p.5350.

Sien ook bewysstuk T.24 dokument 2.

Voor Julie 1985 was daar geweldpleging in Cradock na begrafnisse deurdat huise afgebrand was.

Vol. 107 p.5355.

Voor Julie 1985 was mense voor en na begrafnisse met klippe aangeval.

Vol. 107 p.5355.

4. Getuie CJ P Labuschagne het bevestig dat gedurende die tydperk 1984 tot April 1985 het hy by heelwat begrafnisse van onlusslagoffers in Cradock se Swart woonbuurt observasie gehou. Sy waarnemings was:

(1) Voor diens begin het Swart jeugdiges deur die strate gehardloop onder handgemaakte baniere.

Andere het dan by hulle aangesluit.

(2) Terwyl hulle so gehardloop het, het hulle hul assosiasie met die ANC en geweld uitgeskreeu deur slagspreuke soos Viva Mandela, Viva Tambo, Viva AK 47, Viva Sisulu en ander.

- (3) Hierdie assosiasie met die genoemde organisasies was verder beklemtoon deur die sing van vryheidsliedere.
- (4) Na die hardlopery het hulle dan voor die kerk waar die diens gehou was versamel waar hulle dan deel van die stoet geword het onder hul baniere van UDF, CRADORA, COSAS en ander. Hierdeur het hulle hul nogmaals geassosieer met die betrokke organisasies.
- (5) Op pad na die begraafplaas het die groepe onder die baniere weereens vryheidsliedere gesing en die slagspreuke geskreeu.
- (6) Na die familie die kerkhof verlaat het, die jeugdiges en oueres weer versamel en daarna het hierdie groepe weer deur die gebied al skreeuende van slagspreuke en singende van vryheidsliedere deur die woongebied beweeg.
- (7) Dikwels het hulle dan aanvalle geloods deur die eiendomme van raadslede, mense wat die Staat goedgesind is en vir die Staat werk en polisiebeamptes se huise aan te val en van hulle aan die brand te steek.

Vol. 108 pp.5368-5370.

pp.5372-5373.

(8) Van die huise wat gebrand was, was dié van 'n vrou Nomavuka en ook die huise van verskeie raadslede.  
Vol. 108 p.5374.

7.

Die getuie deur die Verdediging geroep. A S Skweyiya het veral belangrike feite geopenbaar om die gebeure in Cradock verder toe te lig.

1. In die eerste plek het hy belangrike knelpunte waarom die inwoners opgesweep was, erken soos bv. die M Goniwe verplasing en beëindiging van sy dienste as onderwyser; die knelpunt oor behuising, die knelpunt oor huur, die knelpunt van pensioenarisse en werkloses wat nie huur kan betaal nie, die knelpunte van strate se herstel, huise se herstel, watervoorsiening, elektrisiteit, die knelpunt van vervanging van emmerstelsel met spoel riolering, die knelpunt van die Swart Plaaslike Besture en die verwerping daarvan, die knelpunt van treitering en onderdrukking deur die polisie en veiligheidsmagte wat uit die gebied moes padgee, die knelpunt van aanhoudings sonder verhore, die knelpunt van Swart onderwys en studenterade.

*Bal. blieks  
oor persone  
vervlijming  
M. Goniwe  
H. Calata  
o.v. CRADORA  
of CRADORA*

2. Sy getuienis het bevestig hoedat spesifieke aktiviste die leiding geneem het om die jeug in Cradock te organiseer, 'n jeugorganisasie gestig het nl. CRADOYA en toe beheer van hierdie organisasie behou het deur die bestuur te beheer. So was M Goniwe, 35 jaar oud, die voorsitter, Fort Calata, 29 jaar oud, die sekretaris en Reuben Mahangu 34 jaar oud die tesourier. Ook die voorsitters van die vooraf bestaande komitees was ook verkies op die bestuur van CRADOYA.

Vol. 410 pp.23945-23947.

3. Sy getuienis openbaar ook dat dit weereens hierdie aktiviste was wat 'n leidende rol gespeel het om CRADORA op die been te bring. Dit is insiggewend hoedat die knelpunt oor behuising en huur aanvanklik gebruik was om onderwysers en verpleegsters eers bymekaar te bring en te gebruik. Daarna is ander knelpunte by gebring soos huur vir sub-ekonomiese behuising vir pensioenaris, werkloosheid, kondisie van strate, herstel van huise, watervoorsiening, elektrisiteit. Soos die getuie dit gestel het:

"Yes, in September it became apparent that these complaints were rather many. They justified a residents committee or organisation."  
Vol. 410 pp.23948-23950 en 23952.

Veral M Goniwe, F Calata, Reuben Mahangu en CRADOYA se bestuur.

Vol. 410 p.23951.

Toe die konstitusie vir CRADORA opgestel was, was dit opgestel deur die uitvoerende bestuur van CRADORA nl. M Goniwe voorsitter, Gladwell Makhawula die waarnemende voorsitter, James Ngishe die sekretaris en Fort Calata die tesourier.

Vol. 410 p.23951.

Die geld gekollekteer vir regshulp was oorhandig aan CRADOYA.

Vol. 410 p.23953.

Dit is insiggewend dat die uitvoerende bestuur reeds al voor die vergadering en verkiesing gefunksioneer het. Die volgende persone het sover bekend op beide CRADORA en CRADOYA se besture gedien:

M Goniwe

F Calata

4. Die getuie bevestig dat op die 3de Februarie 1983 het leerlinge van die Lingelihle Hoërskool begin om klasse te boikot. Die boikot het uitgebrei na die ander skole in Cradock. Die gevolge van die boikotte was soos hy dit self uitgedruk het:

"... What happened is there was some fighting between the scholars and the police, that is those in the ~~high~~<sup>ter</sup> primary and high school and secondary school ..."

Vol. 410 pp.23961-23962.

Die "D.E.T." se brief dat die leerlinge moes terug skooltoe anders gaan die skole gesluit word. Omdat Goniwe nie her-aangestel was nie het dit hulle nie geskeel nie en is die leerlinge nie terug skooltoe nie.  
Vol. 410 pp.23967-23968.

Die skole-boikot het voortgeduur terwyl Goniwe en andere van die besture van CRADOYA en CRADORA in aanhouding was. Hulle was op 10 Oktober 1984 vryge-  
laat.

Vol. 411 p.23973.

Selfs aan die begin van 1985 het die skole-boikot nog steeds voortgeduur. Die knelpunte wat gebruik was vir die voortsetting van die boikotte was omdat M Goniwe en F Calata nie in hul poste her-aangestel was nie en tweedens omdat die Regering nie voldoen aan hul eise vir studenterade nie.

Vol. 411 p.23977.

5. Dat daar grootskaalse geweldpleging in Cradock uitgevoer was deur die opgeswepte massas, kon glad nie ontken word nie. Hierdie getuie vir die Verdediging bevestig dit dan ook.

(1) Gedurende Maart 1984 het die Landdros van Cradock die vergaderings van CRADORA en CRADOYA verbied. Daar sou so 'n vergadering gewees het op 25 Maart

1984. Toe hy teruggekeer het van die Ciskei waarheen hy was, het hy opgemerk dat daar oproer was.

Vol. 411 p.23969 en p.23970.

In kruisondervraging het hy bevestig dat daar padversperrings opgerig was wat die polisie moes verhoed om in die woongebied in te kom of vrylik in te kom.

Vol. 412 p.24054.

- (2) In sy getuienis het die getuie telkens gemeld dat daar "violence" plaasgevind het. Op 'n vraag van hierdie Abare Hof het hy veruidelik dit behels "Burning of vehicles, stoning of the houses, killing of the people etc."

Vol. 412 p.23980.

- (3) Hy het in kruisondervraging bevestig dat die jeug in gevegte met die polisie betrokke was waar die jeug klippe na die polisie gegooi het en die polisie dan met traanrook na hulle geskiet het.

Vol. 412 p.24053.

Hy bevestig dat die jeug optree en hy kon nie onderskei of skoliere ook onder hulle was nie.

Vol. 412 p.24054.

*M. Goniwe  
M. Jacobs  
Calata  
Mbulelo Goniwe  
Sebenzile Jacobs*

Dan beskryf hy dit so.

"Nee, maar ek bly daar naby die winkels. Wat gebeur het is dat die kinders begin sing het daar naby die winkels. Dan kom die Hippos daar. As die Hippos kom dan sal die kinders weghardloop en klippe gooie en dan sal die polisie sal die traangas skiet. Dan hardloop die kinders na ons huise toe wat naby daardie winkels is. So ek weet wat gebeur".

Vol. 412 p., 24054.

- (4) In kruisondervraging het die getuie bevestig dat die onluste, skole-boikot en moeilikheid het al in Januarie 1984 begin.

Vol. 412 p.24056.

Die dinge waaroor hy getuig het wat in Mei 1984 plaasgevind het, het plaasgevind toe die onluste alreeds aan die gang was.

Vol. 412 p.24056.

- (5) Na die aanhouding van M Goniwe, Jacobs, Calata en Mbulelo Goniwe was daar op 30 Maart 1984 oproer in die gebied. Dit het nog meer vererger nadat een Sebenzile Jacobs met 'n mes doodgesteek was.

Vol. 411 pp.23969-23970.

In hierdie oproer was petrol bomme en aanvalle op die huise van twee raadslede en die waarnemende hoof Magudu.

Vol. 411 p.23970.

(6) Tydens die begrafnis van Doris Hermaans die gestorwe moeder van die Burgemeesteres van Cradock was die begrafnispangers aangeval met klippe en moes die polisie ingryp om die mense te beskerm. Dit was in Mei 1984.

Vol. 411 p.23973.

(7) Die onluste en oproer het in 1985 voortgeduur. Sy broer se seun Thozi Skweyiya was op 3 Februarie 1985 in onluste gedood. Daar was onluste en oproer voor en na sy dood.

Vol. 411 pp.23979-23980.

Dit is insiggewend dat Chris Nissen wat op UDF Wes Kaap se uitvoerende bestuur dien 'n spreker was op hierdie begrafnis.

Vol. 411 p.23979.

(8) Getuie het bevestig die hele Swart Plaaslike Bestuur het bedank in Januarie 1985. Van hulle se huise was aangeval gewees.

Vol. 411 p.24025.

(9) Gedurende onluste en oproer het die getuie gesien hoedat:

die inspekteurs se voertuie was aan die brand

Vol. 412 p.24050.

die poskantoor wat aan die brand was.

Vol. 412 p.24050.

die administrasieraad se kantoor was aan die brand.

Vol. 412 p.24050.

die huis van ene Ndaba was aan die brand.

Vol. 412 p.24050.

As daar gelet word op hierdie getuienis as geheel is dit opmerklik dat die vernaamste teikens altyd die polisie, raadslede-, onderwysers-, Swart Plaaslike Bestuur of die Staat se eiendomme was wat aangeval en vernietig was.

8.

Die getuie het ook bevestig dat op die massa-vergaderings deur hom bygewoon - dit is CRADORA en CRADOYA se vergaderings was die knelpunte soos die kondisies van die huise, elektrisiteit, watervoorsiening, onwettige mense in die gebied, huur en versuime om beloftes na te kom was gebruik en was die raadslede blameer en was die massas vertel dat hierdie raadslede verantwoordelik is vir die gebreke.

Vol. 412 p.24047.

In wese was sy getuienis dat hulle Swart Plaaslike Besture en Swart raadslede totaal verworp.

9.

Die getuie het bevestig dat daar 'n COSAS teenwoordigheid in Cradock was, volgens sy weergawe hy, voor 15 Oktober 1984 daarvan gelees en op 'n massa-vergadering wat die 15de Oktober 1984 gehou was, was die gehoor daar ingelig dat daar 'n tussentydse komitee van COSAS in Cradock bestaan het.

Vol. 411 p.23977.

10.

Die getuie het in kruisondervraging 'n belangrike toegewing moes maak oor die feit van hoe ver hulle al in Cradock daarin geslaag het om UDF se beleid om Peoples Power te vestig in Cradock. Daar het reeds straatkomitees, area komitees en die bestuurskomitee bestaan het. Die straatkomitee is heel onder, dan die area komitee wat 'n hele aantal straatkomitees onder hom het. Die verskillende area komitees is weer verantwoording verskuldig aan die bestuurskomitee wat CRADORA was.

Vol. 412 pp.24035-24044.

Bewyssstuk CA.38.

Bewyssstuk CA.1.

Bewyssstuk CA.42.

Bewyssstuk CA.46.

Bewyssstuk AAZ.8.

11.

Ons betoog respekvol dat hierdie getuie ook probeer het om sekere belangrike feite die skuld vir die onluste in geweldpleging van UDF, CRADORA en CRADOYA af weg te skuif en die skuld daarvoor op ander te probeer plak.

1. So het hy probeer om die skuld daarvoor op die polisie te plaas wat onskuldige mense sou aangeval het. Baie van die insidente waarop hy gesteun het, val weg want hy het nie gesien hoe dit begin het nie. So was daar die geval by die skool waar sy kind 'n leerling was.

Hierdie verskuiwing van die blaam kan met respek nie aanvaar word nie want sy eie getuenis bevestig die teendeel. Hy het waargeneem hoedat jeugdiges by die winkels gesing het, weghardloop toe die polisie op die toneel verskyn en toe die polisie met klippe gegooi het. Hy het waargeneem hoedat mense begrafnisgangers met klippe aanval en dat die polisie moes intree om hulle te beskerm, hy het bevestig hoedat leerlinge wat skole geboikot het met die polisie slaags geraak het en die polisie teen hulle moes optree, hy het bevestig hoedat daar padversperrings opgerig was om die polisie te verhoed om in die woongebied in te kom of vrylik rond te beweeg, hy het getuig hoedat huise van raadslede aangeval en aan die brand gesteek was.

2. So ook sy verduideliking wat hy aangebied het oor die vestiging van "peoples power" en "peoples organisations" in Cradock. Sy verduideliking oor CRADORA en CRADOYA se verbintenis met UDF en die uitvoering van UDF beleid oortuig net nie en word direk gekelder deur die werklikheid. In die verband bv. kan gekyk word na sy verduidelikings omtrent die verslag - bewysstuk

AAZ.8 deur CRADORA aan UDF gestuur. In elk geval word hy geheel en al weerspreek deur UDF self in verskeie UDF dokumente soos bv.

Bewysstuk AAZ.6

Bewysstuk AAY.18.

Bewysstuk CA.1.

Bewysstuk CA.38.

Bewysstuk CA.42.

Bewysstuk CA.46.

Bewysstuk AAZ.8.

12.

#### BLAAM OP POLISIE

1.

Die blaam vir die oproer en geweldpleging op die 3de Februarie 1985 word nogmaals deur die Verdediging op die owerhede en die polisie geplaas.

Die verweer deur die Verdediging gestel was dat 'n vergadering wat vroeg in Februarie moes plaasvind, was belet en dat 'n appèl teen bevel ook misluk het. Die polisie het die berig van die mislukking van die appèl na die woonbuurt gebring en in die proses uittartend opgetree deur "Viva" te skreeu, by die woongebied braaivleis te hou en polisie beampete met voete wat by venster van voertuig uitsteek deur strate gery het en besig was om sports te maak.

Die bewering was verder dat die verbode vergadering lank terug deur CRADORA en ander gemeenskapsorganisasies gereël was om die verjaring van die skoolboikot te vier.

Dat die vorige vise-prinsipaal M Goniwe vervang was deur iemand anders en dat die aanvalle van die 2de en 3de Februarie 1985 op die huise en voertuig van die nuwe waarnemende prinsipaal en ander lede van sy familie plaasgevind het.

Dat die waarnemende nuwe prinsipaal verklarings gemaak het wat die mense baie kwaad gemaak het.

Vol. 107 pp.5332-5334.

Hierdie gestelde verweer het nie gerealiseer nie.

2.

Gebeure van 3 Februarie 1985.

Blaam op polisie wat traanrook in kerk sou gegooi het terwyl kerk aan die gang was.

Vol. 107 p.5340.

(Polisie het naby kerk oproeriges uiteen gejaag).

Vol. 107 p.5340.

Dan word die stelling gemaak dat die geweldpleging waарoor die getuie getuig het, na hierdie Kerk-voorval plaasgevind het.

Vol. 107 p.5340.

Hierdie verweer het nooit gerealiseer nie. In teendeel soos hierbo uiteengesit het geweld alreeds aan die begin van 1984 uitgebreek toe leerlinge wat boikot met die polisie slaags geraak het.

at  
ed

3.

ŉ Ander verweer was dat die polisie mense wat van begraf-nisse teruggekeer het sommer sonder rede aangeval het.

"Ek wil dit aan u stel dat daar getuienis sal wees dat die patroon is dat as mense terug gaan na die oorledene se huis toe, hulle aangeval is alhoewel daar geen geweld deur die mense gebruik is nie, hoewel geen klipgooiery of enige ander soort geweld is nie?"

Op vraag van Agbare Hof:

"Bizos: It maybe an unlawful procession, but what we do put in issue is that it is a violent procession.

Ek wil aan u stel dat die patroon is dat die terugkeer van die mense, alhoewel daar geen geweld is nie, die polisie probeer om die mense uiteen te jaag en daarna is daar geweld. Is u instaat om dit te erken of te ontken."

Getuie het getuig dat wat Cradock betref hy dit ontken.  
Vol. 107 p.5355.

Hierdie verweer het nooit gerealiseer in getuienis nie en was geen getuie geroep om so te getuig nie.

Dit is ons respekvolle betoog dat die Staat bewys het sonder dat daar enige sweem van twyfel kan wees dat UDF, COSAS, CRADORA, CRADOYA en ander aktiewe ondersteuners ter uitvoering van 'n gemeenskaplike opset daarin geslaag het om die massas

in Cradock sodanig georganiseer, en geopolitiseer het dat hulle aan die Vryheidstryd aktief deelgeneem het aan 'n gewelddadige aanslag teen 'n gemeenskaplike vyand te wete die Staat en staatsorgane en beampes en hul eiendomme. Dat die genoemde organisasies heelwat reggekry het om die gebied onregeerbaar te maak en "peoples power" te vestig.

1. Algemeen

1.1 Adjudant Offisier Fourie het getuig:

1.1.1 Gedurende 1984/85 was ERAPO aktief in Daveyton.  
Vol. 121 p.6066.

1.1.2 ERAPO het vergaderings gehou in die woongebied.

ERAPO-lede wat hy ken, is:

Solly Klaas - Vise president

Botekle Mohabe

Esekiël Khubega

Star Motswege

Aubrey Nkumalo en

Vincent Francis - Berskermheer.

1.1.3 COSAS was ook aktief en die volgende lede is bekend  
aan Fourie:

Star Motswege

Aubrey Nkumalo en

Longile Sonte

Vol. 121 p.6066.

1.1.4 Vincent Francis was ook verbonde aan UDF (Hy was lid van die Oos Rand Area Komitee).

Vol. 121 p.6067.

1.1.5 ERAPO het die Swart-dorpsbestuur aangeval deur die kwessies van verhogde huur en water en ligte te gebruik, en hul het ook die skole-boikotte aangemoedig in Daveyton.

Vol. 121 p.6067.

1.1.6 Wanneer persone huishuur gaan betaal het was hulle voorgekeer en verhoed om te betaal. Betalers het omgedraai en het nie betaal nie.

Vol. 121 pp.6067-68.

1.1.7 ERAPO het ook publikasies versprei waarin te velde getrek was teen huishuur, water en ligte.

Ook het hulle Raadslede versoek om te bedank, deur pamphlette hieroor te versprei.

Vol. 121 p.6068.

1.1.8 Vanaf September 1984 tot Februarie 1985 was daar onluste en oproer in Daveyton.

(1) Jeugdiges het raadslede se huise aangeval met klippe en petrolbomme.

(2) Ook Swart polisie beampies se woonings is aangeval met klippe en petrolbomme.

(3) Polisie voertuie wat woonbuurt patrouilleer het, is met klippe gegooi.

(4) Pad versperrings was opgerig, en

(5) Skole was geboikot.

Vol. 121 p.6068.

1.1.10 Dis gestel deur die Verdediging dat die toesprake gemaak by massa-vergaderings en by die slagoffers van geweld se begrafnisse, het die tema gehad dat die mense moet die vrede herstel. Die getuie het geen kennis hieromtrent gehad nie.

Vol. 121 p.6088.

1.1.11 Hy het ook nie h vergadering bygewoon van ERAPO of enige Organisasie van ERAPO waar gesê was skoliere moet die skole boikot.

Vol. 121 p.6088.

1.1.12 Fourie herken bewyssuk ABA.65. Dit was versprei in Daveyton gedurende Augustus 1984.

Vol. 121 p.6072.

1.1.13 Hy weet nie wanneer skole gesluit het nie, maar a.g.v. die boikot-aksie het dit nie funksioneer nie.  
Vol. 12 p.6090.

Gedurende November-Oktober was die skole totaal gesluit volgens Fourie.

Vol. 121 p.6090.

Die woorde "Mabuya, Davey en H B Nyati " in bewysstuk ABA.65 verwys na die skole in Daveyton.

Vol. 121 p.6072.

1.1.14 Daar was op 9 Augustus 1984 'n klasse-boikot in Daveyton.

Vol. 121 p.6072.

Daar was daardie dag en deurentyd sporadiese voorvalle in Daveyton.

Vol. 121 p.6072.

Swart jeugdiges het padversperrings opgerig - voertuie voorgekeer en veral afleveringsvoertuie van bakkerye en koeldrank afleverings voertuie was geplunder.

Vol. 121 p.6072.

1.1.15 Die "Hulwazi" waarna verwys word in bewystuk ABA.65, is 'n skool in Daveyton. Dit was onder beheer van 'n Blanke hoof wat streng dissipline toegepas het en die skoliere het

nie deelgeneem aan voorgaande boikotte nie. Fierdie skool was die enigste wat nie deel van skole-boikot was nie.

Vol. 121 p.6072.

1.1.16 Bewysstuk ABA.65 verwys na die byeenkoms by Mabuya Hoërskool om 07h30. Tydens observasie het hy wel gesien dat 'n groep jeugdiges daag op by die betrokke skool.

Vol. 121 p.6073.

1.1.17 Fourie beweer dat die dokument bewysstuk ABA.65 wel skoliere aanmoedig of aanhigs om nie skole by te woon nie.

Vol. 121 p.6088.

Aubrey Nkumalo was verantwoordelik vir die verspreiding  
daarvan. Hy was van COSAS en van ERAPO.

Vol. 121 p.6088.

Hy was die afgevaardigde van die jeug wat op ERAPO gedien het.

Vol. 121 p.6089

Fourie het bewysstuk ABA.65 opgetel waar hulle dit versprei het.

Vol. 121 p.6089.

Aubrey Nkumalo en ander het die dokument in hul hande gehad  
wat hulle onder skoliere versprei het. Toe hulle sy  
voertuig sien het hulle uiteen gespat en die dokument het op  
die grond gevallen waar hy dit opgetel en ingehandig het by sy  
hoofkantoor.

Vol. 121 p.6089.

Hy beweer hy was 10-12 tree van Nkumalo af. Gewoonlik sê COSAS as hulle 'n pamflet uitreik, maar in hierdie geval is dit nie gedoen nie.

Vol. 121 p.6089.

Fourie getuig dat die ander persone saam met Nkumalo was Aubrey Mahlangu en Star Motswege. Hulle is COSAS-lede.

Vol. 121 p.6089.

1.1.18 Dis gestel dat ERAPO is 'n organisasie van organisasies - d.w.s. 'n federasie.

Vol. 121 p.6076.

1.1.19 Dis ook gestel dat verskillende tipe organisasies, bv. vakbonde en gemeenskapsorganisasies, plakkersorganisasies ens. verteenwoordigers in ERAPO aangestel het.

Vol. 121 p.6076.

1.1.20 Dis verder gestel dat ERAPO reeds besig was in die Oos-Rand ten minste drie jaar voor UDF gestig was.

Vol. 121 p.6076.

1.1.21 Dis gestel dat daar vakunies was wat nie nou affilieer by UDF, maar wat wel lede van ERAPO was.

Vol. 121 p.6076.

1.1.22 Fourie beweer ERAPO het die mense opgestook en het ook persone by hul vergaderings aangemoedig om nie huishuur te betaal nie en ook nie water en elektrisiteit gelde verskuldig aan Raad te betaal nie.

Vol. 121 p.6077.

1.1.23 Fourie het daarvan bewus geword in 1984 hy is nie seker van die maand nie, maar dit was in 1984, waar huishuur boikotte uitgeroep was.

Vol. 121 p.6077.

1.1.24 Dis gestel dat ERAPO besig was om mense van die Oos-Rand te verteenwoordig gedurende 1982/83 en 1984 i.v.m. huurgelde wat betaal moes word.

Vol. 121 p.6077.

1.1.25 Dis verder gestel dat daar massa-vergaderings gehou was gedurende 1983 en aan begin van 1984 om te protesteer teen verhoging van huurgeld.

Vol. 121 p.6077.

1.1.26 Daar was geen plakker-probleem in Daveyton sover sy kennis strek nie.

Vol. 121 p.6078.

1.1.27 Dis gestel dat daar ten minste 5000 families is wat hul eie behuising gesoek het wat in Daveyton of die omgewing dit nodig gehad het.

Vol. 121 p.6078.

1.1.28 Dis gestel dat daar in Daveyton twee politieke partye, wat verteenwoordigers op Daveyton dorpsraad het, is.  
Vol. 121 p.6078.

1.1.29 Fourie het ook gehoor van Shadrack Sinaba, hy was ook op 'n stadium die Burgemeester van Daveyton - vol. 121 p.6078 - Tom Boya was ook op 'n stadium Burgemeester. Hy het gehoor die twee persone verskil van sienswyse.  
Vol. 121 p.6079.

1.1.30 Fourie het getuig dat hy nie presies weet nie maar dit mag wees begin Junie 1984 dat aangekondig was dat huurgeld met R13,00 per maand sou styg.  
Vol. 121 p.6079.

Hy kan nie sê of daar reaksie was van die SINABA party oor die styging nie.

Vol. 121 p.6079.

1.1.31 Dis gestel dat gedurende Junie/Julie die SINABA Party en ERAPO vergaderings gehou het om te protesteer teen verhoging in huurgeld.  
Vol. 121 p.6079.

1.1.32 Dis gestel dat die SINABA party petisies opgestel het en dat duisende mense die petisie geteken het.  
Vol. 121 p.6080.

1.1.33 Fourie het getuig dat die eerste padversperrings aangebring was gedurende Augustus 1984 toe onluste begin het.

Vol. 121 p.6090.

Dit was in verskeie strate - Mokkestraat, hoeke van Mokke en Turtanstraat, Hield/Acelandweg, Stanzastraat en in Gumbistraat.

Vol. 121 pp.6090-91.

1.1.34 Fourie het getuig ook dat die onluste in Daveyton begin het in Augustus 1984.

Vol. 121 p.6083.

1.1.35 Dis gestel dat die polisie binne-in 'n skoolterrein gegaan het te Daveyton.

Vol. 121 p.6083.

1.1.36 Dis gestel dat skoliere doodgeskiet is deur die S A Polisie in die skoolterreine.

Vol. 121 p.6083.

1.1.37 Fourie is oortuig dat dit Augustus 1984 was toe die onluste begin het. Vier slagoffers van die eerste begrafnis was in September gedood. Daar was onluste voor hul dood en persone is ook gedood gedurende September 1984 tydens onluste en daarop volgende optredes van die polisie.

Vol. 121 p.6083.

1.2 Mevrou R Mbonani het getuig vir die Verdediging:

1.2.1 Haar kinders, waaronder die seun wat oorlede is en op  
8 September 1984 begrawe is, was in die hoër primêre skool  
en die hoërskool te Daveyton.

Vol. 368 p.21187.

1.2.2 Van 'n paar dae voor haar seun se dood, was daar  
skole-boikotte aan die gang by hierdie skole - aan die begin  
het die kinders skool toe gegaan, en vroeër huis toe gekom,  
maar later het hul heeltemal weggebly van die skole. Dinge  
het met die boikot egter in 1985 "beter gegaan".

Vol. 368 p.21187-8.

1.2.3 Die boikot was oor die ouerdomsheperking en het vir  
maande geduur.

Vol. 368 pp.21187-8.

1.2.4 Sy weet van geen griewe; dat die skoliere 'n SRC wou  
gehad het, dat hul lyfstraf opgeskort wou gehad het, dat  
skoliere vrygelaat moes word en dat 'n einde gemaak moes word  
aan sg. "undemocratic education" nie.

Vol. 368 pp.21191-2.

1.2.5 Haar getuienis dat sy nie haar kinders gevra het wie  
agter die skole-boikot is en dit reël nie, is ongeloofwaar-  
dig en dis duidelik dat sy inligting van die hof weerhou.

Vol. 368 p.21191.

1.2.6 Sy het volgens haar nie geweet dat daar huurverhoggings aangekondig was in Daveyton nie.

Vol. 368 p.211211.

1.2.7 Dié getuie se getuienis oor die geweldpleging in Daveyton is, met respek, leuenagtig. Sy het nooit gehoor dat Raadslede en polisiemanne se huise in Daveyton aangeval is nie; sy weet nie van aanvalle op polisiepatrollies, aanvalle op raadsgeboue of van enige padversperrings nie.

Vol. 368 pp.21212-4.

1.3 Mevrou M Thusi was ook 'n Verdedigingsgetuie:

1.3.1 In Augustus 1984 sou sy ongeveer om 14h00 in Kwadubastraat, Daveyton gestap het. Sy sou 'n geweerskoot in dié straat gehoor het waarna sy skoolkinders teëgekom het wat op pad vanaf die skool was. Sy het gesien dié kinders hardloop weg, en toe sy rondkyk, sien sy 'n polisiewa aankom en sy hoor toe 'n tweede skoot. Onmiddellik daarna sien sy Peter Phala val - sy hardloop soontoe en skree. Sy sien die wa ry stadig en toe sy skree het die wa skielik spoed vermeerder. Sy sien toe daar was drie polisiemanne agter in die wa. Net voor die wa spced vermeerder het, het sy gehoor 'n polisiman skree "Ry man ry, ry". Die polisie het toe weggery. Peter Phala het langs 'n hek gevallen na hy geskiet is en sy'st gesien hy het 'n wond bo-aan die regterkant van sy kop gehad.

Vol. 370 pp.21386-7.

1.3.2 In kruisverhoor is dit duidelik dat sy haar relaas kort-kort verander, bv. aanvanklik sou die polisiemanne (3) wat sy gesien het niks in hul hande gehad het nie want aan hul een arm het sambokke gehang en die vuurwapens was in "die sakke" gewees. Toe sy verder gevra word, blyk dit dat aldrie polisiemanne met hul linkerhande aan die wa vasgehou het terwyl hul in hul regterhande die vuurwapens gehou het.  
Vol. 371 pp.21392-3.

1.3.3 Dit blyk verder dat wat sy in hoofgetuienis beskryf het sou in Kwadubastraat gebeur het, het eintlik in Barwijkstraat gebeur.  
Vol. 371 p.21395.

1.3.4 Ook in hoofgetuienis het sy getuig dat van die kinders reeds by haar verby was toe sy die eerste skoot gehoor het, maar in kruisverhoor verander ook dié weergawe en beweer sy eers na die eerste skoot geklap het, is van die kinders by haar verby.  
Vol. 371 p.21390 en p.21396.

1.3.5 Waar sy in hoofgetuienis getuig het dat die kinders niks verkeerd gedoen het nie en net boeke in hul hande gehad het, gee sy toe later dat sy nie kan sê wat die kinders gedoen het voor die eerste skoot geklap het nie en selfs ook nie of hul klippe gegooi het nie.  
Vol. 371 p.21390 en pp.21396-7.

1.3.6 Aanvanklik getuig sy dat sy geskreeu het na die eerste skoot geklap het - sy was toe nog ± 20 meter van die kruising weg waar die polisievoertuig, (wat van voor in Kwadubastraat aangekom het) wou indraai, maar toe sy daarop gewys word dat sy dan nie kon sien hoe Phala (wat by die 2de huis van die hoek af in Barwastraat geskiet is), wel geskiet is nie, draai sy om en beweer sy't na die hoek gegaan en was op die hoek toe dit sou gebeur het.

Vol. 371 pp.21399-402.

1.3.7 Sy het ook getuig dat "daar was 'n bakleiery gewees as ons werk toe gaan dat hulle sê ons moenie werk toe gaan nei", maar wanneer sy oor die "bakleiery" uitgevra word, dan ontken sy eerstens dat daar 'n "bakleiery" was, en dan later sê sy weer "die boere" het baklei en gesê hul moet nie gaan werk nie; nog later word "die boere" die witmense en die polisie; nog later is dit "polisie vans" waarin rondgery is en gesê mense moet nie gaan werk nie; dan weet sy nie of dit dalk die mense van die vakbonde was wat hul gekeer het om te gaan werk nie; en dan weet sy nie of dit Swartmense was wat in Zoeloe en Sotho gesê het hul moet nie gaan werk nie.

VY  
anty  
kew  
oor  
polisie

Vol. 371 pp.21404-8.

1.3.8 Hierdie getuie was, om die minste te sê 'n swak getuie wat haarself telkemale weerspreek het en boonop 'n hoogs ongeloofwaardige weergawe vertel het, en wie se partydigheid teen die polisie ten hemele roep.

1.4 Mevrou Monyokoseli was 'n volgende Verdedigingsgetuie:

1.4.1 In Augustus 1984 sou sy gesien het haar seun en dogter het merke op hul liggame. 'n Ruk daarna het sy a.g.v. 'n kennisgewing wat sy gekry het, 'n skoolvergadering op 19 Augustus 1984 te H B Nyati-skool bygewoon waar die redes vir die skole-boikot verduidelik sou gewees het en daar is hul ingelig omtrent die nuwe ouderdomsbeperking wat ingestel is by skole.

Vol. 371 pp.21415-6.

1.4.2 Na die vergadering waar ouers hul ontevredenheid uitgespreek het, het die skoolboikot voortgeduur.

Vol. 371 p.21417.

1.4.3 Gedurende September/Oktober 1984 het sy 'n vergadering in die Senaba stadion bybewoon wat deur menere N Nkomo en G Marcleng byeengercep is - dit het oor die skole-boikot gehandel. Die griewe van die skoliere is gemeld nl. die ouderdomsbeperking, afskaffing van lyfstraf en die instel van SRC's.

Vol. 371 pp.21423-4.

1.4.4 'n Komitee sou gekies gewees het, waarvan syself 'n lid was, wat samesprekings met die owerheid sou moes voer oor die skole-probleme.

‘n Besluit is geneem dat ander woongebiede besoek sou word waar ‘n eie delegasie verkies sou word sodat al die woongebiede aan die Oos-Rand dan saam na die owerheid kon gaan.

Vol. 371 p.21425.

1.4.5 Hul het ook met die skoliere vergader sodat die skoliere ook hul eie afgevaardigdes kon aanwys.

Vol. 371 p.21426-7.

1.4.6 Hul "committee of concern" het in November 1984 ‘n verdere vergadering by die stadion tussen ouers en skoliere belê, waar die skoliere hul skuld sou ontken het aan sekere skades wat aangerig sou gewees het in Daveyton en waar die skoliere steeds (na die ouers versoek het hul moet terug skole toe), volhard het met die skole-boikot.

Vol. 371 p.21432.

1.4.7 In Januarie 1985 was ‘n verdere ouer- en skolier-vergadering in die stadion belê waar besluit is dat die skoliere sal terugkeer na die skole omdat hul inligting sou gehad het dat aan van die eise sal toegegee word.

Vol. 371 p.21433.

1.4.8 Sy gee toe dat hul "committee of concern" niks gedoen het om die organisasies wat in Daveyton bestaan, te nader oor die skole-probleme nie (soos COSAS en ERAPO).

Vol. 371 pp.21437-8.

1.4.9 Sy weet ook nie of hul sg. "committee of concern" deel was van 'n "national interim co-ordinating parents committee" of van die NECC nie.

Vol. 372 p.21467.

1.5 Ook mnr Ngubo was 'n Verdedigingsgetuie:

1.5.1 Hy sou saam met 'n paar ander lede van die gemeenskap in sg. Daveyton Action Committee gestig het wat sou moes toesien dat daar nie huurverhogings wat op daardie stadium sprake van was, in werking tree nie.

Vol. 374 p.21600.

1.5.2 Hy sou die burgemeester, mnr Boya geskakel het oor die huurverhogings wat daarna aangekondig was en dié sou geen redes gegee het nie, maar net gesê het die Raad het op huurverhogings besluit en niks kan daaraan gedoen word nie.

Vol. 374 p.21602.

1.5.3 Raadslid Senaba, wat die opposisie van Tom Boya was, het 'n vergadering op 10.6.84 belê waar getuie was, en getuie en Swaba is aangewys om met die owerheid te gaan onderhandel oor huur.

Vol. 374 pp.21604-5.

1.5.4 Hy getuig dat hy op dié vergadering van ERAPO se teenwoordigheid bewus was want Star Motswege, ene Klaas en Longile Sonte het ERAPO verteenwoordig.

Vol. 374 p.21606.

1.5.5 Hy beweer dat ERAPO moes deel van die afvaardiging na die owerheid gewees het, maar het nie gegaan toe die same-sprekings gehou was nie omdat hul gesê het die kennisgewing is te kort en dit pas nie hul reëlings nie.

Vol. 374 pp.21607-8.

1.5.6 Hul het 'n petisie oor die huurverhoging opgestel waar meer as 8000 handtekeninge op was, en hul het ook tydens hul samesprekings met die amptenare in Johannesburg hul griewe gestel waarna hul versoek is om dit op skrif te stel. Die huurverhoging is toe afgestel.

Vol. 374 pp. 21609-10.

1.5.7 'n Terugrapporteringsvergadering is gehou waar ERAPO teenwoordig was en daarna het getuie hul komitee se werk as afgehandel beskou.

Vol. 374 pp.21610-11.

1.5.8 Hy was in Oktober/November 1984 by 'n massa-vergadering in die stadion waar skoliere en ouers teenwoordig was. Die uitnodiging na dié vergadering het van G Maroleng en N Nkomo gekom.

Vol. 374 p.21611.

1.5.9 Die skoliere sou op die vergadering hul griewe genoem het, nl. die ouderdomsbeperking, buitensporige lyfstraf,

meisies word molesteer en hul wou hul eie verteenwoordigers gehad het.

Vol. 374 p.21612.

1.5.10 Die ouers het ook gepraat en die getuie weet nie wat hul gesê het nie, maar uiteindelik is 'n "committee of concern" verkies.

Vol. 374 p.21614.

1.5.11 In Januarie 1985 was weer 'n massa-vergadering in die stadion gehou en dis besluit dat die skoliere terug skool toe moet gaan om die ouers in staat te stel om met die owerheid te onderhandel. Solly Klaas van ERAPO was op die vergadering en het die terugkeer van die skoliere na die skole ondersteun.

Vol. 374 p.21615.

1.5.12 Die getuie wat oor die huurkwestie 'n spesiale komitee op die been gebring het, weet niks van die vergaderings wat die Sinaba-party en ERAPO in Junie/Julie 1984 oor die huurverhogings sou gehou het volgens die Verdediging se stelling op vol. 121 p.6079 nie.

Vol. 374 pp.21621-2.

1.5.13 Volgens bewysstuk CA.31, 'n dokument deur ERAPO uitgegee, was daar nog op 28 Junie 1984, (dis 3 dae nadat die vergadering met die owerheid gehou was en waar gesê is

die huurverhoging is afgestel), 'n massa-vergadering deur ERAPO-gehou teen die huurverhoging.

Vol. 374 pp.21624-5.

1.5.14 Die getuie getuig dat hul nie ná 25 Junie 1984 tot 8 Julie 1984 se vergadering, met ERAPO geskakel om hul mee te deel hul was suksesvol in hul beswaaar teen die huurverhoging nie - dit is, 'n baie ongeloofwaardige weergawe as die getuie se ander weergawe, dat ERAPO deel moes wees van hul delegasie na die owerhede oor die huurverhoging, die waarheid is.

Vol. 374 p.21626.

1.5.15 Ook die pamflet wat voor die vergadering van 28 Junie 1984 uitgereik is deur ERAPO en wat 'n beroep doen op die massas om te verenig, sou die getuie nie gesien het nie.

Bewysstuk CA.32.

1.5.16 Hy weet niks van die Verdediging se stelling dat hy 'n massa-vergadering vir 9 Julie 1984 gereël het waar bykans 'n duisend mense protes aangeteken het teen die huurverhoging nie.

Vol. 121 p. 6081 en

Vol. 374 p.21633.

1.5.17 Die getuie betwiss die inhoud van bewyssstuk CA.33, 'n berig in die Sowetan waarin beweer word dat hy 'n ope brief aan meneer Boya sou gerig het.

Vol. 374 p.21641.

1.5.18 Die getuie se rede waarom hul nie vir ERAPO sou ingelig het oor die feit dat die huurverhoging afgestel was nie, maar hul laat voortgaan het om 'n massavergadering te hou, nl. dat hul eers wou sien of die huurverhoging werklik afgestel is, is met respek, ongeloofwaardig. ERAPO sou deel van die delegasie gewees het, waarom dié feite van hul weerhou?

Hu  
vo  
te  
alle  
last  
vee  
hou  
kopke

1.6 George Mabena is deur die Verdediging geroep om oor die skole-boikot te Daveyton te getuig.

1.6.1 Hy beweer die skole probleme het by sy skool (H B Nyati) op 9 Augustus 1984 ontstaan toe die skoolhoof verwag het die leerlinge moet na skool die skool en terrein skoonmaak.

Vol. 377 p.21851.

1.6.2 Net daarna getuig hy egter dat die skool gedurende skoolure skoongemaak moes word.

Hy beweer dat toe die seuns klaar is, hul na die toilet is en daar het van die seuns gesê dis verkeerd dat die skool gedurende skoolure skoongemaak moet word want dit sal tot gevolg hê dat skoliere hul toets sal dop.

Vol. 377 p.21852.

1.6.3 Ene Mxolise Mazibuko het toe voorgestel hul maak plakkate en loop daarmee rond in die skoolterrein.  
Vol. 377 p.21852.

1.6.4 Hul het toe 9-10 plakkate op kartondose geskryf met verf - dit het lyfstraf en die ouderdomsbeperking gekritiseer.

Vol. 377 p.21853.

1.6.5 Hul het etlike kere rondom die skool op die terrein met die plakkate marsjeer en is toe, op versoek van een wat voorgestel het hul moet na "Davey" toe, na dié hoërskool.  
Vol. 377 p.21855.

1.6.6 Hul was baie wat na Davey Hoërskool al singende agter die plakkate marsjeer het - ongeveer 3-400 en by die Davey-Hoërskool het nog 2-300 aangesluit.

Vol. 377 p.21856.

1.6.7 Van Davey het hul na Mabauya-Hoërskool marsjeer, maar net voor hul mars by die Katolieke Kerk kon kom, het hul die polisie opgemerk, toe die polisie so 10 meter van hul voorpunt is, het die mars van die pad na die sypadjies beweeg. Die polisie is uit die voertuie met vuurwapens en sambokke.

Die polisie het toe die skoliere met traanrook geskiet en met sambokke geslaan. Mabena het toe huis toe gehardloop.  
Vol. 377 pp.21856-7.

1.6.8 Die volgende dag, 10 Augustus 1984 is hy om ongeveer 9h00 na die skool toe, nie om onderrig te ontvang nie, maar om te gaan kyk wat aangaan en dan weer terug huis toe te kom. Toe hy by die skool kom, kry hy skoliere daar op die terrein wat staan en gesels terwyl ander sing. Hy hoor toe daar dat Davey Hoërskool se leerlinge by hul kom aansluit dié dag om die vorige dag se mars te hervat.

Vol. 377 p.21858.

1.7.9 Ongeveer 20 minute later het die kinders van Davey Hoërskool met plakkate opgedaag en hy en die ander skoliere van H B Nyati het by hul aangesluit en weer na Mabuya Hoërskool marsjeer, maar het langs die pad weer die polisie teëgekom, wat op hul met traanrook geskiet het sonder enige waarskuwing, waarna hul weggehарdloop het.

Vol. 377 p.21859-60.

1.7.10 Op die Maandag 13 Augustus 1984 is hy weereens skool toe en toe hy daar kom om ongeveer 9h00, sien hy die skoliere is weer buite die klaskamers. Ongeveer 20 minute later sien hy die skoliere van Davey Hoërskool agter by hul skoolerf in gehardloop kom.

Vol. 377 pp.21860-1.

1.7.11 Hy sien toe 'n polisie motor daag op en van die polisie is uit die motor met 'n vuurwapen en 'n sambok en dié slaan die skoliere wat oor die skool se omheining klim. Hy hardloop toe huis toe.

Vol 377 p.21862

1.7.12. Hy het die aand van 16 Augustus 1984 gehoor dat daar 'n vergadering van hoërskool leerlinge te Davey Hoërskool die 17de Augustus is, en hy is die 17de Augustus na die skoolsaal waar hy laat opgedaag het. Moses Zwane was besig om die skoliere in te lig dat die mars nie voortgaan nie a.g.v. die probleme wat dit skep. Terwyl Zwane nog praat merk hul op die polisie is om die skoolterrein. Hul het die skoolhoof ontbied en dié het gesê hy sal met die polisie gaan praat. Terwyl die skoolhoof nog op pad na die polisie was, het die polisie traanrook begin skiet op die skoliere. Die skoliere het hul hande in die lug gesteek, maar die polisie sou hul met rubberkoeëls geskiert het en met sambokke geslaan het waarna hy huis toe gehardloop het. Hy is eers die volgende jaar terug skool toe.

Vol. 377 pp.21864-5.

1.7.13 Mabena getuig dat behalwe die lyfstrafkwessie en ouderdomsbeperking hul ook oor die prefekstelsel ontevrede was. Daar was geen ander klagtes nie.

Vol. 377 p.21871.

1.7.14 Mabena beweer dit het nie "in ons gedagtes gekom" om by die skoolhoof te gaan kla oor die ouderdomsbeperking en oormatige lyfstraf nie - dis ooglopend vals. Dit word betoog dat die betoging by die skool op 9 Augustus 1984 'n voorafbeplande ding was, daarom dié onsinngige antwoord.  
Vol. 378 p.21879.

1.7.15 Mabena se hele relaas oor hoe die plakkate gemaak is, is erg verdag - terwyl hul nog bespreek of hul plakkate gaan maak, is 'n ander leerling, sonder dat hy enigets vir hul sê, weg na sy huis toe en voor hul nog klaar gepraat het oor die maak van plakkate is dié skolier terug met verf vir die maak van plakkate.

Vol. 378 pp.21881-2.

1.7.16 Dit was besluit dat hul op terrein sal rond marsjeer, maar toe "iemand" skree dat hul na Davey Hoërskool moet loop, gaan die hele spul soontoe, sonder enige besprekking, en is die feit dat hul ná die mars op die terrein weer sou terugkeer na hul klasse, skielik vergete.

Vol. 378 p.21880 en pp.21883-4.

1.7.17 Hy gee toe dat hul gesing en geskree het op pad na Davey Hoërskool - o.a. "Somlandela Mandela", "Seyaya e Davey" en "Amandla".

Vol. 378 p.21888.

1.7.18 Toe Davey se skoliere aangesluit het, is aan hul deur o.a. Mabena gesê hul gaan almal nou na Mabuya Hoërskool, alhoewel die voorpunt van die mars nie van dié besluit geweet het nie, omdat die klomp in die middel, terwyl die mars na Davey aan die gang was, so besluit het.  
Vol. 378 p.21889.

1.7.19 Hul "sou dalk nog besluit het" om na Hulwazi Hoërskool ook vanaf Mabuya-skool te marsjeer, maar dit het nie gebeur nie omdat hul voor dit deur die polisie uiteengesjaag is.

Vol. 378 p.21891.

1.7.20 Mabena getuig dat hul "optog" die hele pad vol geloop het, dat die polisie voor hul die pad versper het en dat hul by die polisie verby wou gaan, maar dat die polisie toe, sonder om iets te sê vir hulle, net op hul begin skiet het.

Vol. 378 pp.21894-9.

1.7.21 Waar die getuie aanvanklik beweer het hul bedoeling op die 9de was om net op die terrein rond te marsjeer by H B Nyati, en dat hul later, na hul van Davey weg is, besluit het hul gaan in die woongebied rondmarsjeer, kom die getuie nou later en beweer dat "Toe hierdie ding op die 9de begin was, was ons bedoeling dat ons eers die ander kinders bymekaar sal moet kry ... en 'n optog opneem deur die lokasie net op hierdie dag van die 9de ..."

Vol. 378 p.21900

1.7.22 Sy verduideliking waarom hy weer by die optog die 10de Augustus 1984 aangesluit het, na hy so bang vir die polisie is, is ongeloofwaardig - hy beweer naamlik dat hy onder die indruk was dat die polisie gedink het hul (die polisie) het verkeerd opgetree die 9de Augustus, en sal nie weer inmeng met die optog nie.

Vol. 378 pp.21904-6.

1.7.23 Die getuie se getuienis dat hy onder die indruk was die 10de Augustus dat die polisie, wat voor hul gestaan het met wapens en sambokke, net wou kyk wat hul maak, is met respek, klaarblyklik vals - die vorige dag al is hul deur die polisie onder soortgelyke omstandighede gekeer en uitmekaar gejaag.

Vol. 378 p.21910-1.

1.7.24 Sy weergawe dat hy gedink het die polisie staan daar as 'n "guard of honour" , is afgesien daarvan dat dit lagwekkend is, klaarblyklik 'n klomp leuens.

Vol. 378 pp.21911-2.

1.7.25 Hy erken hul het steeds gesing (vryheidsliedere) en slagspreuke toe die polisie op hul skiet.

Vol. 378 p.21912.

*Klaarblyklik  
Weerstaan  
Gesing*

1.7.26 Die getuie verander sy weergawe soos dit hom pas - eers begin die skool 9h00 soggens, en dan later vertel hy dis 8h00.

Vol. 377 p.21857.

Vol. 378 p.21914.

1.7.27 Ook getuig hy in hoofgetuienis dat hy die oggend van 13 Augustus 1984 nie die gewone vloei van studente na die skool gesien het nie - vol. 377 p.21860 maar in kruisverhoor getuig hy dat hy dié oggend laat geslaap het en nie sou kon sien of skoliere skool toe is of nie.,

Vol. 378 p.21914.

1.7.28 Mabena getuig dat die oggend van 13 Augustus 1984 het hul net rond gestaan en nie in hul klasse ingegaan nie en ook nie vir die onderwysers gesê hul wil klasse hê nie omdat "ons het nog nie reggekom met dit wat ons geëis het nie."

Vol. 378 p.21916.

Dit is met respek die kern van die saak - die skoliere het geboikot oor sekere eise, en nie oor die polisie-optrede of enigiets anders nie. Sy rondspringery in sy poging om die getuienis te verduidelik soos op die volgende twee bladsye (pp.21917-8) vervat, is net 'n aanduiding van hoe waar sy getuienis oor hierdie aspek is. Dit was 'n vooraf beplande optrede dié hele kwessie van die boikot - hul wou hê dat aan hul eise voldoen moes word, en die getuienis oor hoe "sponsaan" die boikot sou ontstaan het, is alles leuens.

1.7.29 Mabena gee toe dat dit vir hul belangrik was om die skoliere van Hulwazi-skool te betrek in die skole-boikot om eenheid te verkry.

Vol. 378 p.21922.

2. Begrafnis - 8 September 1984

*Nog 'n begrafenis  
wat 'n groot  
waarde was*

2.1.1 Fourie het getuig dat vier onlusslagoffers begrawe is op 8 September 1984 en hy het obserwasie gehou.

Vol. 121 p.6068.

2.1.2 Diens was gehou te Senawa Stadion, Daveyton.

Vol. 121 p.6069.

2.1.3 Sprekers was o.a. Desmond Tutu en Vincent Francis wat begrafnisreëlings getref het. Hy het ook vir Borence Mohabe, Ezekiel Khubeka, Aubrey Nkumalo by die begrafnis gesien.

Vol. 121 p.6069.

2.1.4 Plakkate en baniere was vertoon, waaronder van COSAS, ERAPO, UDF en verskeie T-hemde van Vakunies was gedra op die begrafnis.

Van die jeugdiges het ook lapelvlaggies in swart/groen/geel gedra.

Vol. 121 p.6069.

2.1.5 Van draers wat Fourie identifiseer het was, Aubrey Nkumalo, Aubrey Mahlangu van COSAS en Star Motswege van COSAS.

Vol. 121 p.6069.

2.1.6 Na die begrafnis het jeugdiges marsjeer op in strate en padversperrings is opgerig.

Verskeie wonings was aangeval met klippe.

Klippe is gegooi na verskeie polisie voertuie.

Drankwinkels van die Raad is geplunder en aan die brand gesteek.

Vol. 121 p.6069.

2.1.7 Klomp (in 'n groep) marsjeer na die polisiestasie, maar is uiteen gedryf deur die veiligheidsmagte.

Vol. 121 p.6070.

2.1.8 By die begrafnisse was ook UDF-T-hemde.

Vol. 121 p.6074.

Fourie is nie seker van datum wanneer hy UDF-T-hemde die eerste keer gesien het nie.

Vol. 121 p.6074.

2.1.9 Fourie weet nie wat sprekers op 8 September 1984 begrafnis gesê het nie en hy dra nie kennis van beperkings wat op begrafnis deur 'n landdros geplaas is nie.  
Vol. 121 p.6084.

2.1.10 Dis gestel dat jeugdiges wat in groepe vanaf begrafnis weggegaan het, aangeval was deur SA Polisie. Groepe was uiteen gejaag deur veiligheidmagte volgens Fourie.  
Vol. 121 p.6084.

Fourie kan nie sê waarom gelas was dat hulle die jeugdiges uiteen moes jaag nie.

Vol. 121 p.6084.

2.2 Roselina Mbonani het getuig dat:

2.2.1 COSAS-lede hul kom sien het i.v.m. die begrafnis van haar seun en die feit dat hy saam met drie ander begrawe sou word.

Vol. 367 p.21181.

2.2.2 'n Nagwaak is by haar huis gehou die aand van 7 September 1984 waar Nkosi Sikelele I Africa en Senzeni na gesing was.

Vol. 367 pp.21181-2.

2.2.3 Voor die diens in die stadion het 'n verteenwoordiger van COSAS by haar huis 'n toespraak gelewer en in die stadion was predikante waaronder eerwaarde Nkoane, biskop Tutu en biskop Mkatswa sprekers was.

Vol. 367 pp.21184-5.

2.2.4 Sy het 'n COSAS-vlag ook by die stadion gesien.

Vol. 367 p.21186.

2.2.5 Na die begrafnis was die handewas-seremonie by hul huis en daar was geen geweld na die begrafnis nie.

Vol. 368 p.21187.

2.2.6 Sy beweer dat COSAS tesame met die families se mans die begrafnis gereël het en dat ERAPO geen rol gespeel het nie.

Vol. 368 p.21193.

2.2.7 Dis ons respekvolle betoog dat dié getuie se getuenis omtrent die reëlings van die organisasies en hul betrokkenheid by die begrafnis nie net ongeloofwaardig is nie, maar dat sy ook in haar getuienis baie feite van die hof weerhou:

- (a) Sy beweer COSAS alleen was betrokke, maar tog blyk dit volgens die program van die begrafnis, dat ERAPO net so betrokke is - dit het bv. die program uitgegee.

Vol. 368 p.21197 bewysstuk CA.29.

(b) Sy weet ook nie dat ERAPO sprekers genooi het nie.

Vol. 368 p.21198.

(c) Sy weet nie dat UDF twee sprekers daar gehad het nie.

Vol. 368 p.21198.

(d) Sy weet nie hoe Star Motswege die seremoniemeester by die begrafnis geword het nie.

Vol. 368 p.21198.

(e) Sy weet nie of die skare by die stadion "Oliver Tambo!" geskree het vir 'n hele ruk nie.

Vol. 368 p.21199 en V.33, p.3.

(f) Sy weet nie van sprekers van COSAS, SOYCO en ERAPO wat daar sou gepraat het nie, en as sy hieromtrent gevra word, sê sy haar kop is met 'n kombers toegegoot en sy mag na niks gekyk het volgens hul tradisie. Toe sy hieroor gevra is, sê sy nee, 'n kopdoek was op haar kop en dié het voor haar oë gehang wat haar uitsig belemmer het! Sy moes eintlik geleei word.

Vol. 368 p.21201.

(g) Later ontken sy dat Tambo geskree is by die stadion.

Vol. 368 p.21203.

2.2.8 Uit die video-opname van die begrafnis wat die getuie identifiseer het, blyk dit dat die hele paviljoen saam "Tambo" geskree het, dat daar 'n klomp plakkate vertoon was by die stadion, en dat biskop Tutu aan die gehoor gesê het "Freedom is not cheap, to achieve true freedom means to be engaged in the liberation struggle and in a struggle there will always be casualties."

Ook is dit duidelik dat 'n lied omtrent Unkhonto We Sizwe twee maal gesing was in die stadion.

V.33.

2.3 Meneer Phala het ook getuig vir die Verdediging:

2.3.1 Sy kleinseun, Patrick Phala is op 14 Augustus 1984 beseer en op 29 Augustus 1984 oorlede.

2.3.2 Hy beweer dat hy uitgenooi is na samesprekings i.v.m. die begrafnis van sy kleinseun. By dié samesprekings was die ander oorledenes se families sowel as mense van "the student organisation bodies" en COSATU.

Ook sou daar 'n afgevaardigde van ERAPO gewees het.

Vol. 368 pp.21225-6.

2.3.3 COSAS was deur Aubrey Nkumalo en ERAPO deur S Motswege verteenwoordig.

Vol. 368 p.21226.

2.3.4 Hy weet nie daarvan dat enige reëlings getref was dat sprekers van buite Daveyton die diens sou toespreek nie.  
Vol. 368 p.21227.

2.3.5 Eers vertel die getuie dat hy die program, bewysstuk CA.29 die nag van die nagwaak, 7 September 1984, sou gesien het, en dan weer sê hy hy het dit gesien toe die families 'n tweede vergadering sou gehou het.

Vol. 368 p.21227.

2.3.6 Star Motswege en Aubrey Nkumalo van ERAPO en COSAS was op die eerste vergadering met die families en hul het met die voorstel gekom dat al die oorledenes saam begrawe moes word.

Vol. 368 p.,21238.

2.3.7 Later wysig die getuie die weergawe en sê dat Aubrey Nxumalo met die voorstel van 'n massa-begrafnis gekom en het gesê COSAS wil die begrafnis reël.

Vol. 368 p.21241.

2.3.8 Die getuie beweer dat daar nie aan hul verduidelik is wat SOYCO, ERAPO en UDF met die begrafnis te doene gehad het nie, en dat toe hul oor UDF navraag gedoen het, is vir hul gesê hul "sal dit nie kan verstaan wat dit is nie."

Vol. 369 p.21251.

*Toon aan Hoe naas uitgebuit word  
(vervaardiger)*

2.3.9 Hy weet nie wat die COSAS, SOYCO en ERAPO-sprekers op die begrafnis gesê het nie, want hul het "hoë" Engels gepraat wat hy nie verstaan nie.

Vol. 369 p.21259.

2.3.10 Phala beweer hy het net by die begrafnis 'n lied gehoor "Hamba Kahle" gevolg met die naam van die oorledene, maar nie "hamba kahle Umkhonto we Sizwe" nie.

Vol. 369 p.21264.

2.4 Mevrou Monyokoseli het getuig dat sy die begrafnis bygewoon het:

2.4.1 Sy bevestig dat baie mense die lied "hamba kahle Umkhonto we sizwe" gesing het.

Vol. 371 p.21422.

2.4.2 Haar getuienis dat sy nie gehoor het dat "Oliver Tambo" uitgeskree word in die stadion nie, maar dat mense "gemompel" het wat sy nie kon hoor nie, is ooglopend vals.

Vol. 372 p.21455.

*Igy's* *(V 33)* Bew 42  
MK is verhuis.  
Kyk ook Tielie &  
verhalen.

3. 5 - 6 November 1984

3.1 Bewysstuk ABA.64 identies as Z.1 se inhoud. "Carnalism."

Vol 121 p.6071

Fourie het getuig dat bewysstuk ABA.64 versprei is in Daveyton op vooraand van 5de en 6 November 1984.

Vol. 121 p.6071.

3.2 Op 5 en 6 November 1984 was daar 'n algemene Wegblyaksie in Daveyton.

Mense het gepoog om taxis te bestyg, maar is deur persone verhoed om dit te doen.

By bushaltes is passasiers verhoed (fisies) om busse te gebruik en daar was padversperrings aangebring in strate.  
Vol. 121 p.6071.

3.3 Mevrou Monyokoseli het getuig vir die Verdediging:

3.3.1 Dat daar wel 'n weg'bly-aksie was in Daveyton, en dat 'n sekere Sibongile Kubeka gedurende die weg'bly-aksie gedood is.

Sy getuig dat Star Motswege ook by haar begrafnis die seremoniemeester was en dat syself en bv. die komitee, waarvan sy lid was, gepraat het.

Vol. 371 p.21428.

3.3.2 Haar seun David, wat 'n COSAS-lid was, het bedankings gedoen.

Vol. 371 p.21428.

Na die begrafnis sou die polisie met hul voertuig oor die houers waarin die water gehou was en waarin hande na die begrafnis by die oorledene se huis gewas moes word, gery het.

Vol. 371 pp.21419-30.

3.3.3 Sy bevestig dat daar onluste uitgebreek het met die "stay-away".

Vol. 372 p.21466.

3.4. Mevrou M Peter het vir die Verdediging getuig:

3.4.1 Sy sou 'n ooggetuie gewees het toe Sibongile Kubheka geskiet was. Haar getuienis is, met respek, ongeloofwaardig, en behoort verwerp te word:

3.4.1.1 In hoofgetuienis steek sy vir die hof weg dat die oorledene die 5de November 1984, die eerste dag van die wegbly-aksie, gedood is, maar in kruisverhoor, nadat sy weereens dààr dit verswyg het (nieteenstaande die feit dat sy pertinent gevra was of oorledene gedood is tydens buitengewone gebeure), erken sy uiteindelik dat oorledene tydens die wegbly-aksie gedood is, en voeg sy selfs by dat sy dit vooraf vir haar regsverteenvwoordiger sou gesê het.

Vol. 378 p.21929, vol. 379 p.21937 en p.21941.

3.4.1.2 Die wyse hoe oorledene gedood sou wees - sy sou naamlik voor hul huis na die straat gestaan en kyk het waar 'n hippo-voertuig voor hul huis verby ry, en toe dié voertuig voor hul huis is, is oorledene geskiet en in die regterslaap getref - is totaal onwaarskynlik.

Vol. 379 pp.21933-5.

3.4.1.3 Dit word respektvol betoog dat dié getuie die feit dat oorledene gedurende weg'bly-aksie gedood is, van die hof weerhou het omdat sy geweet het daar was onluste dié dag en dat oorledene daarby betrokke was.

3.4.1.4 Dit is verder 'n inherente ongeloofwaardige weergawe wat sy gee - waarom sou die polisie 'n jong vrou, wat alleen op haar erf staan en niks doen nie, skiet?

#### 4. Begrafnis 17 November 1984

4.1 Dit was 'n begrafnis van onrus slagoffer.

Vol. 121 p.6070.

4.2 Dienste was gehou by slagoffers se wonings.

Vol. 121 p.6070.

4.3 Na die diens by die graf was daar weer onluste - padversperrings is opgerig en voertuie was beskadig deur klipgooiery.

Vol. 121 p.6070.

5. Dokumentêre getuienis:

5.1 Bewysstuk N.3: Sekretariële verslag van UDF (Tvl) se vergadering 10 Desember 1983: p.2, paragraaf 7.

UDF bevestig dat 'n intensiewe kampanje teen die Swart Plaaslike Bestuur te Daveyton gevoer was deur sy geaffilieerde en dat UDF die rol van koördineerder gespeel het, en dat UDF ook inligting verskaf het en sy organisasies gehelp het om aksies te beplan en om publikasies hieroor te publiseer.

5.2 Bewysstuk U.4(b) en (c): Dokumente omtrent die Dale-side seminaar vir gemeenskapsorganisasies, aangebied deur UDF se "Education Committee": p.2 van bewysstuk U.4(b):

ERAPO, wat dié seminaar bygewoon het, verklaar dat die 18,6 stempersentasie in Daveyton was a.g.v. "our work".

p.3: ERAPO was deel van dié organisasies wat dit as hul taak gesien het "to destroy the Black Local Authorities and to Strengthen our civics."

Bewysstuk U(4)(c) toon slegs aan wie ERAPO te Daveyton se twee verteenwoordigers by die seminaar was, nl. Zaza Mthewhu en ene Pharasi.

5.3 Bewysstuk C.99: "Report on Civic Workshop", p.2,  
paragraaf 5:

Dit word bevestig dat ERAPO te Daveyton betrokke was by die protes teen die huurverhoging en ERAPO eis die afskaffing van die huurverhoging te Daveyton as een van sy "suksesse".

Dit word verder bevestig dat ERAPO 'n kampanje nie net teen die huurverhoging gevoer het nie, maar ook beplan om 'n kampanje vir die Raadslede se bedanking te voer.

5.4 Bewysstuk C.118: Emergency UDF Working Document:  
25.9.84:

UDF bevestig dat 'n Oos-Randse area komitee daargestel is waaraan sy Daveyton-affiliale behoort en wat die taak het om die gemeenskapswerkers en skoliere se stryd voort te sit.

5.5 Bewysstuk W.42: UDF News Oktober 1984 p.2:

UDF bevestig dat daar in Oktober 1984, 5000 skoliere te Daveyton besig was met die skole-boikot.

5.6 Bewysstuk W.67: The Eye van Augustus 1984: p.2,  
kolomme 4 en 5:

Hierdie aktiewe ondersteuner van UDF verklaar dat ERAPO die leiding geneem het in die stryd in Daveyton teen die huurver-

hogings en die Raadslede. ERAPO het ook die bedanking van die Raadslede geëis. Dit word ook bevestig dat ERAPO 'n aantal massa-vergaderings gehou het.

#### 5.7 Bewysstuk ABA.65: Pamflet "Let us Unite":

Dié dokument was uitgedeel deur Aubrey Nxumalo op die skoolgronde aan skoliere en by hom was Star Motswege en Aubrey Mahlangu, albei was COSAS-lede. Uit hierdie dokument is dit duidelik dat Mabena leuens vertel oor hoe "spontaan" die boikot by hul skool sou ontstaan het - paragraaf 1 van die dokument maak dit duidelik dat daar op 9 Augustus 1984 reeds geboikot is by Mabuya, Davey en Nyati-skole ter ondersteuning van sekere eise van die skoliere.

*Boikotte was  
9e agter*

Dit is verder duidelik uit paragraaf 4 van die dokument dat reeds na 14 Augustus 1984 die skoliere van Hulwazi-skool nog nie deel was van die boikot nie (dié dokument is ná 14 Augustus 1984, maar voor 29 Augustus 1985 uitgegee, want dit verwys na Patrick Phala se verwonding, en nog nie na sy dood op 29 Augustus 1984 nie - sien die getuienis supra van Phala se oupa (paragraaf 2.3.1-2.3.2)).

Dié bewysstuk maak dit met respek ook duidelik dat die aksie teen die sg. "Bantu Education" gemik is - iets wat nie een Verdedigingsgetuie beweer het nie. Ook dit toon, met

respek, aan dat die skoliere se skole-boikot 'n beplande aksie was en dat die sg. "griewe" nou opgedis word as die oorsaak van die skole-boikotte.

6. Uit al die voorgaande getuienis, betoog die Staat, is dit duidelik :

6.1 Dat UDF die kampanje teen die Raadslede en Swart Plaaslike Bestuurstelsel, (waaronder die huurverhoging), gekoördineer het, help met die verskaffing van publikasies en aksies ook help beplan het.

6.2 Dat ERAPO die leiding geneem het in Daveyton in hierdie kampanje.

6.3 Dat ERAPO help beplan het om die Plaaslike bestuur te vernietig.

6.4 Dat ERAPO massa-vergaderings gehou het i.v.m. die huurkwessie en dat die massas gemobiliseer en organiseer is in dié stryd.

6.5 Dat UDF in Daveyton ook verder deelgeneem het aan die stryd deur o.a. sprekers na die 8 September 1984-begrafnis te stuur.

6.6 Dat die skole-boikot 'n beplande aksie was ook in Daveyton waar COSAS aktief deelgeneem het aan - sien bv. ABA.65 wat deur COSAS-lede verprei is.

6.7 Dat konfrontasie met die polisie uitgelok is en dat geweld gedurende die boikot gereeld uitgebreek het.

6.8 Dat die Raad, raadseiendomme en polisie die teikens was.

6.9 Dat die skoliere op twee dae volgehou het om hul opmars in die strate in skoolure te probeer laat slaag met die doel om al die skoliere by die boikot ingeskakel te kry en om al die skoliere in direkte konfrontasie met die polisie te bring.

6.10 Dat die begrafnis van 8 September 1984 deur UDF, COSAS, SOYCO, ERAPO uitgebuit is om die massas op te sweep teen die gesag, en dat die massas opgesweep is om geweldpleging van die ANC te aanvaar en hul met die ANC se militêre vleuel te vereenselwig, sowel as met die leier van die ANC, nl. Oliver Tambo. Dat die massas opgesweep is om geweldpleging as onvermydelik te aanvaar in die sg. "liberation struggle" van UDF.

6.11 Dat die wegbly-aksie van November 1984 ook in Deveyton afgedwing is en passsiers ook daar gedwing is om nie te gaan werk nie.

Dat geweldpleging ook tydens hierdie wegblly-aksie in Daveyton voorgekom het.

6.12 Dat die skole-boikot en kampanje teen die Plaaslike Bestuur deur UDF en sy affiliale, nl. COSAS en ERAPO in Daveyton gevoer is as deel van UDF se sg. "liberation struggle".

## TSAKANE

### 1. Algemeen

UDF, COSAS, TSAKANE youth Congress (TSYCO) en Silvertown Ad hoc Homeseekers Committee is ten nouste betrokke in die gebeure wat die onrus toestand wat op verskeie voorvalle van geweld uitgeloop het vooraf gegaan het.

1.1.1 Tsakane is een van die gebiede betrokke onder die Oos-Rand Gebiedskomitee wat volgens UDF se opdrag dringend gestig moet word met die taak "Community Worker and Students etc. Struggles" genoem in UDF Regional Office Transvaal se "Emergency UDF working Document gedateer 25 September 1984.

Onder punt 6 Time Limit word die volgende opdrag in die dokument gegee: "All these activities must be undertaken by the end of this month with a written report expected by the 1st October at the UDF Office".

Beweysstuk C.118 p.1 en 3 paragrawe 1.2 en 6.

1.1.2 UDF is volgens die verklaring reeds voor hierdie datum betrokke te Tsakane. So verklaar UDF Transvaal in sy verslag aan NEC dat 'n sg. "workshop" te Tsakane gehou was.

Beweysstuk E.2 p.1 paragraaf 2.

1.1.3 Staatsgetuie L Rossouw getuig hy was bewus daarvan dat COSAS aktief bedrywig is in die gebied sedert Oktober 1984.  
Vol. 117 p.5861.

1.1.4 Die getuie is bewus van die aktiviteite van die Ad hoc Home Seekers Committe sedert 29 Januarie 1985. Hy motiveer die stelling.

Vol. 117 p.5862.

1.1.5 Dié getuie gee ook in kruisondervraging toe op 'n stelling deur die Verdediging dat COSAS h komitee gestig het te Tsakane en dat hy bewus is daarvan dat dit na Desember 1984 aktief bedrywig was.

Vol. 118 p.5877.

1.1.6 Die Verdediging stel aan die getuie ook dat SOYCO (TSAYCO) h komitee te Tsikane gestig het in Januarie 1985.

Vol. 118 p.5877.

1.1.7 Staatsgetuie Sersant Coetzer getuig dat hy nie kan sê wanneer die onderskeie organisasies presies gestig is nie en dat hy bewus was dat individue voor die Ad-hoc komitee bymekaar gekom het om die betrokke probleem te bespreek.

Vol. 117 pp.5829 en 30.

1.1.8 In SASPU Focus vol. 3 No. 2 November 1984 word op pp. 2 en 3 vertel van en geroem oor hoe FOSATU, UDF, COSAS en ander organisasies 'n twee dag wegblý-aksie suksesvol te weeg gebring

het in "every major industrial centre in the Pretoria-Witwatersrand-Vereeniging"-gebied. Op p.3 die middelste kolom word genoem watter gevolge dit te Tsakane gehad het. Onredelike eise was aan die staking gekoppel.

Beweystuk W.21 pp.2 en 3.

1.1.9 Verdedigingsgetuie beweer dat COSAS en TSYCO eers in Februarie-Maart 1985 gestig is te Tsakane.

Vol. 399 p.23217.

Dit is strydig met Verdediging se stelling in paragraaf 1.1.6 supra.

1.2 Meneer M J Nhlapo het getuig dat hy na Silvertown getrek het na 1981 waar hy vir hom 'n "shack" opgerig het.

Vol. 397 pp.23062-3.

1.2.1 In 1982 was hy gevra om te trek na 'n perseel waar dienste gelewer sou word, maar waar hy met 'n lening van R3 000 self 'n woning moes bou. Hy het geweier om dit te aanvaar.

Vol. 397 pp.23065-6.

1.2.2 Dit was deel van 'n 99 jaar huurpag skema.

Vol. 397 p.23067.

1.2.3 Hy is 'n paar maal besoek en het ook self die Raads-kantore besoek waar hy gesê was as hy nie trek nie, sal sy "shack" afgebreek word.

Vol. 397 p.23067.

1.2.4 Hy is a.g.v. 'n pamflet wat hy opgetel het, en wat 'n vergadering adverteer het, na 'n vergadering op 27 Februarie 1985.

Vol. 397 pp.23067-8.

Hy is na die 27 Februarie 1985-vergadering waar ±200 mense was.

Na aanleiding van 'n voorstel van David Mahole op die vergadering, is 'n komitee verkies.

Menere Mpanga en Viki Mkhonza was ook sprekers op die vergadering.

Vol. 397 p.23068.

1.2.5 Op die komitee, sê Nhlapo, was David Mahole, Dina Hadebe, Joseph Maseko, Viki Mkhonza en hyself. Die komitee het nie 'n naam gehad nie, maar is later deur die Blankes "by die kantore die naam gegee van "Ad hoc Silvertown Committee".

Vol. 397 p.23069.

1.2.6 'n Paar dae na die vergadering is al die inwoners en die komitee na die raadskantore en het die komitee toe met die amptenare onderhandel oor die verskuiwing.

Vol. 397 p.23070.

1.2.7 Met die onderhandelinge is gesê dat die Raadslede nie teenwoordig is nie, en so ook nie sekere amptenare nie en dat dié eers genader moet word voor enigiets gesê kan word. Dit is gesê dat hul nie verskuif sal word van Silvertown alvorens weer met hul komitee vergader is nie.

Vol. 397 pp.23071-2.

1.2.8 Dit blyk toe 'n paar dae later dat die inspekteurs van die Raad in die nag gekom het en mense kom verwyder het uit Silvertown. Getuie Nhlapo en ander lede van sy komitee het navraag gedoen hoekom die mense verwyder word ondanks 'n onderneming dat die mense nie uit Silvertown verwyder sal word nie, maar het geen antwoord verkry nie. Later die nag het hul al die mense wakker gemaak, 'n vergadering gaan hou en is almal na die kantore waar die ander inwoners van Silvertown aangehou was. Daar het hul gewag en is te woord gestaan deur die bevelvoerder van die SA Polisie.

Vol. 397 pp.230792-4.

1.2.9 Na Labuschagne, die SA Polisie-bevelvoerder, onder neem het dat hy met die amptenare van die Administdrasieraad sal praat en 'n datum vir 'n vergadering sal reël, is getuie en al die mense saam met die mense wat vroeër die nag verwyder is uit Silvertown, terug. Hul vind toe dat 7-10 "shacks" intussen platgeslaan was.

Vol. 397 p.23075.

1.2.10 Nhlapo getuig dat hul daarna wel vergaderings gehou het met die Raad van Tsakane en die administrasieraad, en dat op die vergaderings onderneem is dat hul met hul seniors sal praat oor die bou van meer huise en dat hul "shacks" nie intussen afgebreek sal word nie.

'n Latere vergadering was met mnr Marx van die Administrasieraad gehou en daar was gereël dat mnr Marx die inwoners van Silvertown sou toespreek op 'n vergadering, maar dit het toe nie gebeur nie.

Vol. 397 pp.23075-6.

1.2.11 Dit blyk dat Nhlapo baie vaag is oor wanneer dié vergaderings met Marx gehou sou gewees het - hy weet nie eers welke jaar dit is nie.

Vol. 397 p.23078.

1.2.12 Nhlapo gee toe dat hy ook "gehoor" het dat die hostel wat die inspekteurs van die Raad huisves op 12 Februarie 1985 aangeval was en gepoog was om dit af te brand.

Vol. 397 p.23081.

1.2.13 Later gee Nhlapo toe dat die polisiebeampte Labuschagne reg is as hy sê dat hul op 12 Februarie 1985 by die kantore was en dat hy soontoe uitgeroep is.

Vol. 397 p.23082.

1.2.14 Nog later getuig Nhlapo dat hul op 12 Februarie 1985 na die kantore van die Raad is "om vir die Blankes te gaan wys dat ons verenig was ...".

Vol. 397 p.23084.

1.2.15 Nhlapo beweer nou ook dat toe hul op 12 Februarie 1985 saamgedrom het by die Raadskantore was dit na die inwoners in die nag in Silvertown arresteer en verwyder is.

Vol. 397 p.23084.

1.2.16 Hierdie getuienis is direk in stryd met sy hoof getuienis dat hul mense in die nag arresteer is ná die vergadering van 27 Februarie 1985, en nadar 'n onderneming gegee sou gewees het op 'n verdere vergadering met die amptenare dat niemand verwyder sal word vanaf Silvertown, alvorens die saak nie eers verder bespreek is nie.

Sien vol. 397 pp.23068-72.

1.2.17 Nhlapo erken dat hul op 16 Februarie 1985 met die Stadsraad en administrasieraad ontmoet het en erken ook dat hul later, na hul onderhandelinge op 16 Februarie 1985 bevredigende behuising gekry het.

Vol. 397 pp.23085-7.

1.2.18 Hy erken ook dat die onluste in Tsakane in 1984 begin het en aangehou het tot in 1985. Ook erken hy dat die Raad,

Raadslede en polisiebeamptes die teikens was tydens die onluste.

Vol. 397 p.23089.

2. Raadstelsel:

Dit is 'n bekende feit dat UDF hom beywer het vir die tot nietmaking van die Swart Plaaslike Besture soos bv. duidelik blyk uit die dokument "UDF AND THE BLACK LOCAL AUTHORITIES" wat gedateer is Februarie 1985 en wat, volgens erkenning, gevind is in UDF kantoor Johannesburg.

Bewysstuk C.110.

2.1 Die dokument is 'n sprekende bewys van UDF se rol in hierdie verband. Daar word op pp. 14 en 15 gewys welke rade nog bestaan, terwyl op p.16 en verder besonderhede gegee word oor winste en bestaande toedrag van sake. Op pp. 16 en 22 word Tsakane genoem en gewys op die feit dat S C Masila die burgemeester asook Buthelezi die onder-burgemeester bedank het. (a.g.v. die veldtog rondom die) knelpunte "rents and shacks".

Bewysstuk C.110 p.22.

2.2.1 Staatsgetuie L Rossouw gee in kruisondervraging toe dat hy bewus is van ontevredenheid wat daar reeds gedurende Oktober 1984 rondom die Raadstelsel bestaan het.

Vol. 117 p.5872.

Hy ontken dat daar van Staatsweë 'n indruk geskep is dat Raadslede "puppets" is.

Vol. 117 p.5872.

2.3 Getuie Coetzer vir die Staat bevestig dat sommige inwoners in Tsakane ontevreden was gedurende Oktober 1984 reeds oor die Raadstelsel.

Vol. 117 p.5831.

2.4 Onder die opskrif "Councillors are fleeing from a sinking ship" meld SASPU NATIONAL vol. 5 no. 7 Desember 1984 die volgende:

"In Tsakane the mayor and deputy-mayor resigned at the end of October. The mayor said he was resigning for the sake of my family after receiving death threats and repeated calls for him to resign".  
Bewyssstuk W.32 p.2.

2.5 Mkhonza getuig dat daar te Tsakane geen ontevredenheid was met die Swart Plaaslike Besture nie ook nie omtrent die verhoogde huur nie. (Die getuie is nogmaals nie eerlik met die hof nie).

Vol. 399 p.23222 reël 25.

2.6 Staatsgetuie sersant Coetzer getuig dat hy oor hierdie tydperk Oktober 1984 tot Julie 1985 plakkate gesien het wat die stelsel van Gemeenskapsrade en Raadslede aanval en die stelsel 'n "puppet system" noem.

Vol. 117 p.5826.

3(a) Begrafnis van Vusi Diale op 13 Oktober 1984.

3.1 Daar word in paragraaf 6.1 gewys op die feit dat 'n student gedood is tydens onluste in Tsakane.

3.1.1 Verdedigingsgetuie het getuig dat hy die begrafnis help reël en bygewoon het en het ook 'n toespraak wat hy vooraf opgestel en laat tik het voorgelees. Hy was op 11 Oktober 1984 reeds gevra om as spreker op te tree. Dit is strydig met getuie Diale se relaas - paragraaf 3.2.2 infra.

Vol. 398 p.23178 reël 30.

Die begrafnis was gehou op 13 Oktober 1984.

3.1.2 In die getuienis meld die getuie Mkhonza dat die oorledene 'n leier was op skool.

Vol. 398 p.23190.

3.1.3 Die toespraak van Mkhonza werp heelwat lig op Diale se persoonlikheid en by implikasie die omstandighede van sy dood.  
Beweysstuk DA.183.

3.1.4 Dit kan terloops genoem word dat getuie Mkhonza se betrokkenheid by feitlik al wat 'n bedrywigheid is rondom boikotte en knelpunte té toevallig is om waar te wees. Hy werk in Johannesburg en is dan werkloos as opgeleide onderwyser vir 'n lang ruk. Vgl. 23178

3.1.4.1 Sonder dat hy in die plakkerbuurt Silvertown woon raak hy hier as leidende figuur betrokke ens.

Vol. 398 pp.23161-166.

Vol. 398 pp.23169-70, 23174-23182.

3.1.4.2 Só tree hy by die begrafnisse op as spreker en is betrokke by die reël daarvan.

3.1.4.3 Tree op as spreker (namens) ouers van Tsakane) op 'n vergadering wat hy te Idelegeng sentrum in Soweto bygewoon het uit nuuskierigheid nadat hy daarvan in die koerant gelees het. Sy weergawe hieroor is absolut onwaarskynlik en klaarblyklik vals.

Vol. 398 pp.23185-23188.

Die getuie weerspreek hom wesenlik t.o.v. eise wat skoliere sou gestel het.

Vol. 398 p. 23788 reël 12-15 gekontrasteer met reël 27 en verder.

3.1.5 Om terug te keer na Diale se begrafnis. Mkhonza getuig dat die begrafnisgangers met traangas geskiet is voordat hulle die graf bereik het. Hulle het uitmekaar gegaan, later teruggekeer en nadat hulle klaar die graf opgevul het, het die polisie weer traangas gevuur.

Vol. 388 p.23176.

3.1.6 In kruisondervraging weerspreek hy 3.1.5 en beweer toe die polisie die tweede keer skiet was die graf amper half vol.

Vol. 399 p.23215 reël 23.

3.1.7 Die een voertuig wat traangas gevuur het was volgens Mkhonza binne in die begraafplaas, en het geskiet en opgehou en later weer geskiet. Die drie hippos buite die perseel se

mense het ook geskiet toe voertuig binne skiet en wel ook met bokhael en traanrook.

Vol. 399 p.23217.

Dit is strydig met Verdedigingsgetuie Diale se relaas: paraaf 3.2.4 en 3.2.5.

3.1.8 Mkhonza getuig ook dat daar ±200 voetgangers in die stoet was wat hoofsaaklik uit voertuie bestaan het.

Vol. 399 p.23211.

Vgl. hieroor die weerspreking in 3.3.4 deur die Verdedigingsgetuie.

3.2 Meneer P D Diale het getuig dat hy op 4 Oktober 1984 a.g.v. 'n rapport na 'n sekere huis in Tsakane is en daar sy seun Vusi aangetref het met oop wonde aan sy gesig, linkerhand en twee op die linkerkant van sy linker dy.

3.2.1 Die begrafnis is vir 13 Oktober 1984 gereël deur homself, en die aand van 12 Oktober 1984 was daar 'n nagwaak by die huis.

Vol. 396 p.23040-1.

3.2.2 Op 13 Oktober 1984 om 11h00 is 'n diens by die huis van die oorledene, Vusi, gehou en toe die groep vandaar na die kerk is, was daar 5-600 mense.

In die kerk is die gehoor o.a. ook deur meneer Mkhonza toege-spreek - dié het gesprok na 'n skoolmaat van die oorledene wat moes praat, verhoogvrees gekry het.

Vol. 396 p.23041.

3.2.3 Meneer Diale getuig dat hy agter die kis geloop het toe dit uit die kerk na die lykswa gedra is en hy het geen vlag met 'n AK 47 op gesien of enige rooi vlag met die hamer en sekels daarop uitgebeeld nie.

Vol. 396 p.23042.

3.2.4 Toe hul die begraafplaas nader, het 'n Hippo-voertuig van voor gekom, en net toe die voertuig waarin hy was stilhou, is traanrook vanaf die Hippo gevuur terwyl die Hippo steeds beweeg het. Die getuie het gesien dat soos die Hippo aanbeweeg het en weggers het, steeds aanmekaar traanrook gevuur het. Hy beweer hy het vir 2-3 ure gehoor hoe die skietery aangaan alvorens dit gestop het.

Vol. 396 p.23043.

3.2.5 Diale getuig dan later dat die hele proses by die graf ongeveer twee ure geduur het.

Vol. 396 p.23044.

Hy getuig dan dat toe hul bykans klaar was om die graf te vul, het die Hippo-voertuig weer teruggekom en dié keer traanrook en donshaal gevuur. Hy getuig verder dat by die graf duisende mense was, selfs toe die Hippo teruggekeer het.

Vol. 396 p.23045.

3.2.6 Diale getuig dat toe die mense later by die huis was om kos te kry, het twee Hippo-voertuie opgedaag en traanrook by sy huis gevuur sodat die borde met kos op die grond geväl het.  
Vol. 396 p.23046.

3.2.7 Diale ontken dat daar onluste in Tsakane was op 4 Oktober 1984, maar in bewysstuk CA.35, 'n verklaring wat hy gemaak het, word deur hom verklaar dat sy seun dié dag tydens onluste doodgeskiet is.

Vol. 396 p.23046.

3.2.8 Hy erken uitdruklik aanvanklik dat hy sou gesê het dat sy seun doodgeskiet is tydens die onluste, maar dan daarna wysig hy sy weergawe en ontken dat hy wel so in sy verklaring gesê het.

Vol. 396 p.23053.

3.2.9 Diale het ook nie die naam van Ntshayi, wat volgens hom 'n ooggetuie was toe sy seun gedood is, gegee sodat hul dit kan opvolg nie.

Vol. 396 p.23055.

3.2.10 Diale weet niks van enige geweldpleging wat in 1984 in Tsakane gepleeg was nie, en ook nie van die bestaan van die organisasies soos COSAS, TSAYCO.

Vol. 396 p.23056 en 23058.

3.3.1 Op 13 Oktober 1984 is Maseko na Diale se begrafnis,  
maar kon nie in die kerk inkom nie omdat dit vol was toe hy  
laat opgedaag het. Hy getuig dat hy gesien het toe die kis  
uitgedra is uit die kerk, en dat daar geen banier naby die kis  
vertoon was nie.

Vol. 397 p.23098.

3.3.2 Hy het heel agter geloop in die stoet na die begraaf-  
plaas en het gesien dat 'n Hippo stadig ry naby die begraaf-  
plaas.

Toe hy kyk, sien hy dat mense in die onmiddellike omgewing van  
die begraafplaas weghardloop en toe weer terugkeer.

Toe die Hippo stadig by hom verbykom, het dit traanrook  
geskiet wat veroorsaak het dat hul weghardloop.

Op die ou end is hul wel in die begraafplaas in.

Terwyl die predikant besig was met sy slot gebed, is traanrook  
weer na die graf geskiet en hy hardloop toe weg. Hy is na die  
oorledene se huis.

Vol. 397 p.23098.

Nie lank nadat Maseko by oorledene se huis aangekom het nie,  
het die Hippo weer opgedaag en traanrook na hul geskiet,  
waarna hy gevlug het.

Vol. 397 p.23099.

3.3.3 Maseko huiwer nie om sy getuienis te wysig soos dit hom pas nie: In hoofgetuienis sê hy bv. "Even at the graveyard I arrived there late because I was right at the back of those who were on foot", (vol. 397 p.23098), maar in kruisondervraging, toe hy moet verduidelik oor hoe hy kon sien wat voor in die stoet aangegaan het, sê hy "Ek was meer in die middel van die voetgangers se stoet gewees..."

Vol. 397 pp.23121-2.

3.3.4 Diale het getuig dat daar geen voetgangers in die stoet was nie, almal was in voertuie, en Maseko getuig daar was voetgangers.

Vol. 396 p.23051.

3.3.5 Maseko getuig dat die Hippo wat die traanrook geskiet het, het met 'n systraat gekom en in die pad wat langs die begraafplaas verbygaan, aangekom van vooraf. Dit het traanrook in die begraafplaas ingeskiet en aangekom. Toe dit by Maseko kom, het dit weer traanrook na hulle geskiet.

Vol. 397 p.p.23123-5.

3.3.6 Hy getuig dat toe die Hippo die eerste keer traanrook geskiet het, was dit stilstaande in 'n straat wat parallel loop met die straat waarin hy geloop het op pad na die begraafplaas.

Vol. 397 p.23127.

3.3.7 Maseko ontken dat die Hippo aanmekaar traanrook sou gevuur het na dit weggetrek het en totdat dit by hul verby is in die pad af na die kerk se rigting.

Vol. 397 p.23128.

3.3.8 Die derde skoot met die traanrook is gevuur terwyl die predikant met die slotgebed besig was en skynbaar was die Hippo toe weer waar hy was toe die eerste traanrook gevuur was.

Vol. 397 pp.23128-9.

3.3.9 Maseko beweer daar was ook ander polisie wat in 'n "van" patrouilleer het, daar was geen polisie in die begraafplaas self nie.

Vol. 397 p.23129.

3.3.10 Hy ontken dat die traanrook geskiet is terwyl hul besig was om die graf op te vul.

Vol. 397 p.23130.

3.3.11 Nou beweer Maseko later in kruisverhoor dat daar ook donshael geskiet as en dat 'n meisie selfs daarmee beseer is by die begraafplaas. In sy hoofgetuienis het hy hieroor geswyg en ook aanvanklik in sy kruisverhoor.

Vol. 397 pp.23097-9 en pp.23130-1.

*Vrye woorde  
daar geskiet*

3(b) Massa-begrafnis op 18 Mei 1985:

3.1.1 Sersant Coetzer getuig dat toe die stoet van die begraafplaas na die kerk beweeg, hy baniere van o.a. TSYCO en COSAS gesien het. Tydens die begrafnis was daar geen voorvalle nie wel daarna, die voorval by die hostel. Sien paraagraaf 5 infra.

Vol. 117 p.5827.

3.1.2.1 Die Verdedigingsgetuie Mkhonza is met hierdie begrafnis ook weer diep betrokke. Hy reël die begrafnis, reël vir sprekers en tree self op as seremoniemeester.

Vol. 399 pp.23218-220.

3.1.2.2 'n Komitee is gestig waarop COSAS en TSYCO verteenwoordig was met die oog op dié reëlings.

Vol. 399 p.23218.

3.1.2.3 Die getuie vind dit moeilik om te verduidelik waarom die twee organisasies betrek moes word hierin en is klaarblyklik nie openlik met die hof nie.

Vol. 399 p.23219.

3.1.2.4 Net so ook omtrent die sprekers wat COSAS en TSYCO ook moes verteenwoordig.

Vol. 399 pp.23219 en 23220.

3.1.2.5 Net so terloops ontwyk die getuie t.o.v. vrae oor die hostel bewoners.

Vol. 399 p.23221.

3.1.2.6 Daar is volgens Mkhonza heelwat vryheidsliedere gesing tydens die begrafnis.,

Vol. 399 p.23220.

3.1.3 Maseko sou ook die begrafnis bygewoon het waar 8 persone begrawe is - dit was na die Raditsela-bgrafnis.

Hy het COSAS- en TSAYCO-baniere by die begrafnis gesien, maar geen ~~baaner~~ met 'n AK47 op of 'n rooi banier wat 'n hamer en sekel op gehad het nie.

Vol. 397 p.23107.

3.(c) Bgrafnis Andries Raditsela op 24 Mei 1985:

3.1.1.1 Sersant Coetzer getuig dat hy observasiediens gedoen het. Tussen 5000 en 7000 mense het die begrafnis bygewoon.

Vol. 117 p.5827.

3.1.1.2 Daar was baniere vertoon in die stoet van FOSATU, United Mining and Metal Allied Workers Union, COSAS en UDF. Dan was daar 'n banier, 'n wit banier met 'n rooi motief van 'n AK 47 met die volgende bewoording:

"Stubborness Revolution, the people shall govern"

en direk onder aan die banier het gestaan "BEIRUT". Dit is die banier wat verskyn op bewysstuk AAY.58 (foto van begrafnis en banier).

Vol. 117 p.5828.

3.1.1.3 Hy sê direk agter die kis van die oorledene was die Russiese vlag gedra. Rooi vlag met die hamer en sekel afbeelding in geel.

Vol. 117 p.5828.

3.1.1.3 Daar was die dag 'n groot aantal polisie beampes in Tsakane. Daar was ook twee helikopters, nege weermag ratel voertuie, 'n aantal caspirs van die SA Polisie en 'n aantal Buffels van die SA Weermag.

Die oggend vroeg was daar drie bomontploffings in die Blanke woongebied van Brakpan by onderskeidend by die SA Polisiekan-toor, die landdroskantoor en die Kommissaris van die Departement Samewerking en Ontwikkeling.

Andries Raditsela, die oorledene was hoof of vloerverteenwoorder van die Commercial and Chemical Workers Industrial Union of South Africa.

Vol. 117 p.5829.

3.1.2 Kaptein E Labuschagne bevestig dat hy die dag veertien Casspirs onder sy bevel gebruik het, hy bevestig ook die drie

voorvalle van geweld en dat daar verskeie baniere was. Hy het spesifiek die een met AK 47 bewysstuk AAY.58 gesien.  
Vol. 117 pp.5845-46.

3.1.3 Maseko getuig dat hy die begrafnis van Andries Raditsela in die Methodiste kerk bygewoon het.

Hy het baniere van COSAS, FOSATU en TSAYCO by die begrafnis gesien. Die begrafnis was in Mei 1985.

Vol. 397 pp.23104-5.

#### 4. Slagspreuke pamflette en baniere:

4.1.1 Daar is reeds elders verwys na enkele voorbeelde hiervan.

4.1.2.1 Sersant Coetzer getuig dat slagspreuke aangebring was by bushaltes, massa vullisverwyderings houers met die strekking:

Viva Mandela

viva Sisulu

SAP en SAW moet uit gebied padgee.

Dit is ook te krag-substasies aangebring.

Vol. 117 p.5826.

4.1.2.2 Vergelyk ook onder paragraaf 3(b) paragraaf 3.1.1 en 3.1.3 en onder 3(c) paragraaf 3.1.1.2 en 3.1.2 asook 3.1.3 wat begrafnisse betref.

5. Geweld het vryelik voorgekom in verskeie vorme soos o.a. reeds geblyk het uit die behandeling van die begrafnisse hierbo genoem.

5.1 Daar word in paragraaf 6 gewys op die feit dat een student gedood is tydens onluste te Tsakane.

5.2.1 Sersant Coetzer meld dat ná die begrafnis van die agt is die enkelkwartiere van die Gemeenskapsraadpolisie aan die brand gesteek.

Vol. 117 p.5827.

5.2.2 Hy getuig dat die agt wat begrawe is, gedood is toe konflik tussen die hostel inwoners en inwoners van die gemeenskap ontstaan het. In die konflik het elf persone gesterf.

Vol. 117 p.5837.

5.2.3.1 Die Verdediging stel dit aan getuie Coetzer in kruisverhoor dat in die algemeen het die gemeenskap die inwoners van die enkelkwartiere vir die dood van die jeugdiges en jongmense verantwoordelik gehou.

Vol. 117 p.5837.

*Des' meer weer  
" , Palise "*

*Randwag - un  
hoe mens - les  
lig-aan ons op Geenwaert ..*

5.2.3.2 Dit wil egter blyk of dit 'n boodskap is wat UDF die wêreld instuur. Die volgende is 'n uittreksel uit 'n UDF (DESCOM) aanval op die Regering in die vorm van propaganda:

Creation of divisions between residents

A frightening part of the governments strategy has been to promote divisions between different sections of the community. The most horrific example of this is the role the system played in promoting tensions between hostel dwellers and township residents in Tsakane township on the East Rand. Here bloody clashes led to the death of 16 people, an incident much exploited by the press and television to discredit community struggles."

Beweystuk C.133 p.3.

5.2.4 Verdedigingsgetuie Mkhonza getuig dat die enigste toespraak wat gemaak was, was by die kerk en wel oor die hostel inwoners.

Hy trap klei toe hy hieroor uitgevra word.

Vol. 399 pp.23221-222.

5.2.5.1 Kaptein Labuschagne getuig dat hy sedert 20 Desember 1984 te Brakpan gestasioneer is. Met sy aankoms aldaar was daar sporadiese geringe voorvalle van geweld. Dit het toe bietjie afgeneem maar weer skerp toegeneem in Maart 1985.

Die klaarblyklike teikens was die polisie, die destydse Ontwikkelingsraad en die SA Weermag.

Ten opsigte van die Ontwikkelingsraad is geboue, biersale ens. afgebrand en/of beskadig.

Vol. 117 p.5843.

6.7.2 Die volgendeoggend (5 Oktober 1984), is hy terug skool toe en het gevind dat die leerlinge nie almal by die skool is nie. Hy het ook gesien daar is weer 'n Hippo by die skool se hoofhek en dat die leerlinge op die skoolterrein staan en praat - hy hoor toe dat Vusi Diale dood is die vorige dag. Vusi was nie op skool saam met hom nie, maar was aan hom bekend.

6.7.3 Maseko getuig dat hul nie in die klasse wou ingaan nie, selfs na 'n onderwyser so versoek het nie, omdat hul bang was vir die traanrook, en dat hy na 'n klein rukkie terug is huis toe.

Hy het die volgende paar skooldae teruggekeer skool toe en gesien al hoe minder kinders kom skool toe. Na 'n week het Maseko besluit hy gaan nie meer terug skool toe nie. Die Hippo het nog elke dag die omgewing van die skool patroleer.  
Vol. 397 pp.23096-7.

6.7.4 Maseko getuig dat op die laaste dag wat hy die skool bygewoon het, was daar net ongeveer 100 skoliere.  
Vol. 397 p.23097.

6.7.5 Naby die einde van Oktober 1984 is Maseko na die skool en is ingelig dat hul eksamenrooster opgedaag het en dat hul die volgende week hul matriek-eindeksamens skryf. Hul het toe besluit as matrieks dat hul nie die eksamen kan skryf nie en het uitstel gevra tot die volgende jaar.

Ten opsigte van die polisie is sewe van sy personeellede se huise aangeval. Ook polisiemanne van ander plekke wat in Tsakane woon se huise is aangeval. Sommige huise is heeltemal afgebrand.

Vol. 117 p.5843.

5.2.5.2 Gedurende die tydperk Januarie 1985 - Julie 1985 was verskeie padversperrings opgerig in Tsakane.

Op 'n stadium was op omtrent al die paaie versperrings hier in Maart 1985. Dit het bestaan uit vullesdromme, mtor wrakke, branende bande, klippe en.

Vol. 117 p.5843.

5.3.5.3 Kaptein Labuschagene getuig ook:

"Was u bewus van 'n organisasie met die naam van ad hoc Homeseekers Committee Silvertown.-- Dit is korrek. Silvertown is die plakkersdorp wat in die bufferstroom van Tsakane geleë is. Hulle is soos hulle naam aandui 'n Ad hoc Committee. Hulle is omtrent so agt verteenwoordigers.

Op 12 Februarie was dit so dat ek by die tweede geleentheid inligting gekry het dat daar 'n samedromming is by die ontwikkelingsraad se geboue. Ek het toe self soontoe gegaan. Ek het toe 'n sekere mnr. Mkhonza daar te woord gestaan. Ek het gevra wie is die spreker tussen hulle en ek het met hom onderhandel en 'n vergadering gereël tussen hom en die Oos-Rand Ontwikkelingsraad.

Hy het nie na 'n spesifieke organisasie verwys behalwe dat dit die Ad hoc Committee verteenwoordig het nie.

Daar was 'n groot samedromming van mense en ek het hom versoek om die mense uiteen te stuur met die verstandhouding dat ek dan vir hom 'n vergadering sou reël sodat hy die mense wat vir hom nou kan help, hulle het klagtes

gehad oor die behuising ensovoorts, kon reël dat hulle nou met die mense kon onderhandel. Die groep het toe vertrek daar by die Administrasieraad en so plus-minus 'n halfuur na 'n uur later was daar 'n aanval op die enkelkwartiere van die ontwikkelingsraad in Garestraat, Tsakane. Die enkelkwartiere is plus minus half kilometer van die Raadskantore af.

Ek het intussen terug vertrek Brakpan toe, maar op my pad terug het ek berig gekry van hierdie voorval. Ek het intussen my mense wat op die grond was soontoe gestuur en met my aankoms daar het ek gesien daar het nog sulke groepies gestaan op 'n distansie van dieplek af, maar die plek was erg beskadig en daar was gepoog ook om hom aan die brand te steek.

Vol. 117 pp.5844-5.

## 6. Skole-boikotte het ook voorgekom en ook weg'bly-aksies.

### 6.1 Bewysstuk W.32 supra p.10 meld onder die opskrif

"Countrywide protest":

18. TSAKANE

"7 primary and 2 secondary schools in boycotts. One student killed in clashes with police".

Let op die feit dat 7 laerskole ingesluit is. (Datum van berig Desember 1984).

### 6.2 Die weg'bly-aksie ter sprake in paragraaf 2.4 supra. Die berig in SASPU FOCUS meld o.a.

"The two-day work stoppage was an historic event. For the first time, it brought together the Federation of South African Trade Unions (FOSATU), the United Democratic Front, the Congress of South African Students (COSAS) and other organisations in common mass action.

The stayaway was called in support of certain demands:

- the democratic demands of the students must be met;
- the army and the police must be withdrawn from the townships;

- all rent increases must be scrapped;
  - all community councillors must resign;
  - all detainees and political prisoners must be released;
  - all dismissed workers including the Simba workers must be reinstated;
  - all bus fare increases must be halted;
  - unfair general sales tax and other taxation must be withdrawn.
- Bewysstuk 21 p.2 paragraaf 3.

6.3 Dit is die Verdediging se saak dat geweld in Tsakane eers ontstaan het na die Weermag die woongebied betree het. Dit is egter uit hierdie selfde berig duidelik dat dit nie so is nie en terselfdertyd dat die eis in die geval van Tsakane geforseerd was. Op p.3 gaan die berig soos volg voort:

"Tsakane, SADF units moved in with police to guard the clinic, post office and shops after two beerhalls were burnt down. In Katlehong, two youths were shot dead after an attack on a community councillors home." (Ons onderstreping).

Bewysstuk W.21 pp.2 en 3.

6.4 SASPU National Vol. 5 no. 6 Oktober 1984 onder die opschrift "Students firm on demands" word o.a. die volgende vermeld:

"Conflict continues between more than a quarter of a million boycotting students and education authorities and police with students gaining increasing support from parents in many areas.

Students say they will not return to classes as their demands have not been met. They have rejected the Department of Education and Training (DET) constitution for student representation announced by Minister Gerrit Viljoen recently because students were not consulted in its drafting.

A statement released by the national executive of the Congress of South African Students (COSAS) said students had clearly stated their demand for full participation in the drawing up of a Students Representative Council (SRC) constitution and would not be fooled by DET moves to impose one on them.

The DET move was another attempt to co-opt and confuse people and must be seen in the light of the DET's refusal to meet nationally supported student demands, said the statement.

The statement demanded:

- the immediate unconditional release of all detained students
- an end to intimidation and harassment by police and school authorities
- resignation of town councillors because students have been killed in the Vaal and other areas under their control
- students and parents be allowed to decide when final exams are written
- no declaration need be signed when students return to school.
- ...
- ...
- ...
- 93 000 students in the Vaal, 20 000 secondary and 68 000 primary school students in East Rand townships (Daveyton, Katlehong, Thokoza, Tembisa, Vosloorus, Wattville Tsakane.)  
Bewysstuk W.62 p.3.

6.5 In SASPU NATIONAL Vol. 6 no. 1 March 1985 onder die opskrif SRC Battle continues meld die volgende:

But COSAS says the prefect system and the DET constitution is still being enforced in many schools.

The DET is still trying to control us - that is what Bantu Education is all about. And that is why it has been rejected since the 1950's. Now they are just trying to change its face, said Khumalo.

'We are living in an undemocratic South Africa, and our struggle for SRC's is part of our struggle for democracy in the schools, and it is linked to the workers struggle

for democratic factory floor structures and struggles in the community. These are all part of our broader struggle for democracy'.

Parents committees have been set up in many areas including Duduza, Tsakane, Kwathema, Watville, Katlehong, Tembisa, Attridgeville, Heidelberg, Daveyton, Imbali, Welkom, Paarl, Bloemfontein, Soweto, Leandra, Lamontville and Odendalsrus."

Bewysstuk AAC.55 p.12 vierde kolom.

6.6 Sersant Coetzer noem die bestuurlede van COSAS en TSAYCO asook Silverton Ad hoc Homeseekers Committee en dat hulle prominente bekende figure was o.a. Lawrence Mkhonza.

Vol. 117 p.5835.

Laasgenoemde is die broer van getuie Mkhonza wat so aktief was in skoolaangeleenthede.

6.7.1 Meneer M N Maseko het getuig dat hy in std. 10 was in die Tsakane sekondêre skool, en dat probleme op 4 Oktober 1984 by die skool ontstaan het.

Gedurende die 2de periode sou hul 'n voertuig gehoor het, gekyk en gesien het dis 'n Hippo en gesien het toe 'n polisieman traanrook skiet wat op die skoolterrein geval het naby die klaskamers. Hul sien toe dat leerlinge van die klaskamer waar die traanrookhouer geval het, uitkom. Hul sien toe 'n dogter wat val en hulle storm toe uit om haar te help. Hy is daarna huistoe. Hy beweer ook dat daar geen skoliere op die skoolterrein was wat hy gesien het toe die traanrook gevuur was nie.

Vol. 397 pp.23092-4.

6.7.2 Die volgendeoggend (5 Oktober 1984), is hy terug skool toe en het gevind dat die leerlinge nie almal by die skool is nie. Hy het ook gesien daar is weer 'n Hippo by die skool se hoofhek en dat die leerlinge op die skoolterrein staan en praat - hy hoor toe dat Vusi Diale dood is die vorige dag. Vusi was nie op skool saam met hom nie, maar was aan hom bekend.

6.7.3 Maseko getuig dat hul nie in die klasse wou ingaan nie, selfs na 'n onderwyser so versoek het nie, omdat hul bang was vir die traanrook, en dat hy na 'n klein rukkie terug is huis toe.

Hy het die volgende paar skooldae teruggekeer skool toe en gesien al hoe minder kinders kom skool toe. Na 'n week het Maseko besluit hy gaan nie meer terug skool toe nie. Die Hippo het nog elke dag die omgewing van die skool patroleer.  
Vol. 397 pp.23096-7.

6.7.4 Maseko getuig dat op die laaste dag wat hy die skool bygewoon het, was daar net ongeveer 100 skoliere.

Vol. 397 p.23097.

6.7.5 Naby die einde van Oktober 1984 is Maseko na die skool en is ingelig dat hul eksamenrooster opgedaag het en dat hul die volgende week hul matriek-eindeksamens skryf. Hul het toe besluit as matrieks dat hul nie die eksamen kan skryf nie en het uitstel gevra tot die volgende jaar.

6.7.6 Die volgende jaar is hul meegeedeel dat daar nie akkommodasie vir hul is nie en na onderhandelinge is gereël dat hul klasse by Christian Brothers School te Springs kan bywoon. In Mei 1985 is die matriek-eksamens afgelê, maar Maseko het nie gaan skryf nie a.g.v. sekere probleme.

Vol. 397 pp.23099-103.

6.7.7 In Januarie 1985 het Maseko 'n COSAS-vergadering bygewoon waar Docta Mahlangu die voorsitter was. Daar is gesê wat COSAS doen en 'n komitee van 12 lede is gekies. Hy het nooit vantevore geweet van enige COSAS-takke by enige skool in Tsakane nie.

Vol. 397 pp.23103-4.

Maseko weet nie hoekom die ander skole in Tsakane ook aan die boikot deelgeneem het nie.

Vol. 397 p.23112.

6.7.8 Maseko se getuienis dat daar nie voor Januarie 1985 'n COSAS-tak in Tsakane bestaan het nie, bots met die Verdediging se stelling dat 'n sekere staatsgetuie tot Januarie 1985 'n COSAS-lid was.

Vol. 102 p.5086.

Vol. 397 p.23115.

6.7.9 Ook bots die Verdediging se stelling dat Pancreteus Mkhonza sekretaris van COSAS was in begin 1985, met Maseko se

ontkenning dat Mkhonza ooit op die bestuur in Januarie 1985 verkies was.

Vol. 103 p.5099 en

Vol. 397 p.23115.

6.7.10 Maseko getuig dat toe die senior skoliere die skoolhoof ontbied het na hul vergadering in die saal om oor sekere griewe te praat, hy geweier het om te kom en dat "Die prinsipaal is toe weggejaag van die skool af deur ons wat in die saal was ... Hy was net gesê sy kans wag vir hom daarbuite. Daar is mense wat daar staan, 'n 'guard of honour' waar hy sal deur ry, laat hy maar weggaan."

Vol. 398 p.23154.

7. Dit word respekvol betoog dat die getuenis van die Verdediging verwerp moet word waar ditstrydig is met die van die Staat.

Dit is verder ons oortuiging dat die Verdedigingsgetuies mekaar oor en weer weerspreek het en het getuenis talle voorbeeldbevatt wat op bevooroordeeldheid dui.

Die betrokkenheid van UDF is hier weereens as sambreel liggaaam duidelik en kan gesien word hoe gemeenskaps en studente bedrywighede in 'n bepaalde rigting gestuur word deur gebruikmaking van knelpunte.

Dit is ons oortuiging dat die Staat se getuenis aanvaar behoort te word.

## ATTERIDGEVILLE EN SAULSVILLE

1.

Die organisasies wat in Saulsville/Atteridgeville bedrywig was en die massas georganiseer en gemobiliseer het vir aktiewe en gewelddadige deelname aan die Vryheidstryd was:

1. Atteridgeville/Saulsville Residents Organisation - ASRO.
2. Saulsville/Atteridgeville Youth Organisation - SAYO.
3. COSAS.
4. UDF se area komitee in Pretoria.

Op individuele grondslag het beskuldigde 21 wie aangestel was as UDF organiseerde in Noord Transvaal veel bygedra in die aktiwiteite in hierdie gebied.

Uit UDF se hoogste hierargie het die volgende persone ook belangrike bydraes gelewer in hierdie gebied.

1. Beskuldigde 19 (Vol. 383 p.22215).
2. Beskuldigde 20 (Bewyssstuk AAW ?)
3. D Mahapo (Bewyssstuk S.17 paragraaf 7).
4. Eerwaarde Mkhatshwa (Vol. 383 p.22215).
5. Dr Motlana (Vol. 382 p.22134).
6. Ismail Mohammed (Prof). (Vol. 382 p.22169).
7. Frank Chikane (Vol. 383 p.22210).
8. Amanda Kwadi (Vol. 383 p.22211).
9. Deacon Mathe (Vol. 383 p.22211).

2.

Die metodes wat aangewend was om die massas in hierdie gebied na hulle kant toe oor te haal en dat hulle in opstand moes kom teen die owerhede was:

1. Knelpunte was gebruik om die massas emosioneel op te sweep. Hierdie knelpunte word na verwys in die punte en aanhalings hierna voorgelê word nie hier herhaal nie.
2. Op massa vergaderings was die massas opgesweep en aangesigtig tot deelname aan aksie wat noodwendig moes lei tot geweldpleging.
  - (1) Aan die "N.E.C" van UDF was daar dan ook verslag gedoen hoedat die UDF beleid uitgevoer word ook in Pretoria waar beskuldigde 21 die organisering gedaan het.

Bewyssstuk E.2 Transvaal Report to NEC - 5 November

1983.

p.1 - para. 1

Mass Meetings.

1.1 Mass Meetings were held ... Atteridgeville, Mamelodi.

1.2 All of these mass meetings were held in the name of the local affiliates. In almost all of these meetings the focus was either the Constitution Act or the Black Local Authorities Act.

para. 2 Workshops

Workshops were conducted in the Northern Transvaal ... Atteridgeville, Mamelodi ..

p2. para 7: Black Local Authorities

A programme of door to door work, house meetings and mass meetings would culminate in a series of rallies at the end of November. The process has been set in motion in all areas except in certain East Rand Townships.

Sien ook Vol. 382 p.22151, p.22157, p.22161, p.22162, p.22163, p.22165.

(2) UDF self het ook meege doen aan vergaderings.

Bewysstuk S.17 Minutes Tvl UDF REC Meeting 7/12/84.

para. 7 - Pretoria Area Komitee funksioneer

sporadies

"Rallies are being organised in Soweto, Pretoria and the West Rand to be held on the 16 December 1984. Mrs A Sisulu would be asked to speak in Kagiso and D Mahapo in Pretoria.

Sien ook T.15 en T.16.

3. Huisbesoeke deur aktiviste was 'n ander metode wat aangewend was om die massas op te sweep en aan te stig tot aksie wat moes ontwikkel in geweldpleging.

Dit word deur SAYO bevestig aan UDF dat hulle so 'n kampanje beplan.

Bewysstuk K.1 - Minutes UDF Tvl. General Council Meeting - 17/9/83.

1. Present

..... SAYO

p.2 para. 5.7 - Mamelodi Action Committee - A house to house campaign has been launched.

5-8 SAYO: House to house campaign planned.

Bewysstuk K.1.

Erken deur Verdedigingsgetuie Nkomo om hulle idees te populariseer.

Vol. 382 pp.22137-22138 en vol. 383 p.22186 waar getuie erken "BLA'S" Grondwet gebruik om mense te mobiliseer en te organiseer.

4. Pamflet verspreiding was ook 'n metode om die massas te bereik en hulle idees onder hulle tuis te bring. Die pamphlette word ook onder ander hoofde behandel en word nie hier herhaal nie.

Verdedigingsgetuie A S Nkomo het bevestig dat pamphlette versprei was en dat SAYO hulle daarmee gehelp het.

Vol. 382 pp.22131-22132 en p.22138.

Deur SAYO ook UDF pamphlette ontvang en versprei.

Vol. 382 p.22139.

5. Op vergaderings in woongebied was vryheidsliedere gesing en slagspreuke geskreeu.

Vol. 382 pp.22132-22133.

6. Skakeling met UDF.

(1) Knelpunte identies met die deur UDF geïdentifiseer en gebruik.

Vol. 382 p.22142, p.22144, p.22146, p.22149, p.22150, p.22155-6, Vol. 383 pp.22184-5, p.22193.

(2) Affiliasie met UDF het plaasgevind.

Vol. 382 p.22147.

(3) Deacon Mathe van SAYO oock lid van uitvoerende bestuur van UDF Transvaal aktief in gebied.

Vcl. 383 p.22183.

(4) Cedric Kikana lid van SAYO en AZASO besture aktief in die gebied.

Vol. 383 pp.22183-22184.

*"nahe ungernah.  
kyk my toespraak op SAYCO Stryking.  
Gist gaan hoor,  
thans";*

(5) Was area komitee van UDF in Pretoria.

Vol. 384 p.22244 waarop die organisasie in Atteridgeville/Saulsville gedien het.

(6) Van UDF plakkate was gebruik gemaak deur ASRO.

Vol. 384 p.22245.

(7) Dat ASRO die doelstellings en beleid van UDF ondersteun en uitvoer. Dat hulle hoofdoel was om die massas te organiseer en te mobiliseer om aan die vryheidstryd deel te neem.

Vol. 384 p.22256.

Dat ASRO gekant is teen die beleid van die Regering  
en dat ASRO oock sy deel doen om die massas in te lig  
tct dien effek.

Vol. 384 p.22258.

(8) Verskeie UDF leiers het daar toesprake gaan lewer.

Sien paragraaf 1 supra.

9. Beskuldigde 21. Dit is gemesaak dat beskuldigde 21 een van die sekretarisse van UDF Transvaal was. Verder was hy aangestel as die UDF organiseerder vir Noord Transvaal.

Die Staat se getuies het albei getuig dat beskuldigde 21,  
*het hy gesê* toe hulle hom gespreek het, dat hy as UDF beampete leerlinge in Pretoria moes aanmoedig om klasse te boikot totdat aan hulle eise voldoen word.

Vol. 98 pp.4815-4816.

Vol. 105 pp.5204-5205.

### 3.

‘n Belangrike UDF kampanje wat ook in Atteridgeville/Saulsville aangepak was, was die kampanje teen Swart Plaaslike Besture. Hierdie kampanje het nie na die verkiesings van 1983 tot ‘n einde gekom nie, maar het in intensiteit toegeneem en die doel was om dit te vernietig, Swart woongebiede onregeerbaar te maak en "peoples organs" daar te vestig.

1. In UDF kringe word die saak so gesien en uiteengesit:

#### "UDF and the Black Local Authorities

p.1 - The last five months have been heightened resistance to the BLA's in townships throughout the Transvaal. This resistance has varied from spontaneous protest to the five month long boycott of rent increases by over 300 000 households in the Vaal Triangle. It has forced over 37 councillors to resign and left the Black Local Authorities without a shred of legitimacy in the communities they are supposed to govern.

Despite this the campaign against the BLA'S is not over. While councils may not operate effectively, townships are not democratically controlled by residents Many townships have a constant police and army presence and reports of the establishment of councill police force in many townships suggest councillors are arming themselves for a fresh assault on popular organisations.

....

p.2 - ... Democratic local government structures were non-existant and instead Africans were given an advisory note through Urban Bantu Councils.

p.4 - ... The BLA aimed to redirect people into 'civic affairs' and away from political struggle, with the illusion that avenues were opening for them to run their-own communities.

#### p.5 - The Anti-Black Local Authorities Campaign

Student, women's and civic organisations and trade unions counciled the Anti-community councils campaign to boycott the BLA elections because

- The BLA was imposed on the African Majority without their consent.
- The BLA aimed to strengthen the policies of seperate development and devide rural and urban people.
- The new Act did not have the power to effect change in the townships.

The anti community council campaign supported by ALL UDF affiliates aimed to -

- show that the Nationalist Government's laws were not acceptable to the majority of people.
- Strengthen organisations.
- Popularise the demands of the people.
- Unite people from different communities to build civic structures in African communities.
- Teach activists to do mass work.

Various methods were used to popularise the campaign.

- Activists distributed pamphlets explaining why the election boycott.

- Public meetings were called.
- In some areas, activists went door to door.

p.6-7 - The Rent Increases.

After the inauguration of the BLA the councillors were faced with the task of running bankrupt councils. The councils inherited large debts from the community councils and from the administration Boards. For example:

- The Soweto Council has a debt of R33 million.
- The Alexandra Council a debt of R875840.00.
- The Mamelodi Council a debt of R2,4 million.
- The Atteridgeville and Saulsville Councils debts of R2,9 million.

p.8 The demand by students for democratic Student Representation Councils country-wide coincided with problems faced by residents as a result of the BLA. As in 1976 this coincidence of students demands and residents' problems generated resistance not only to the rent increases but to all forms of apartheid rule in the townships. To the call for lower rents and SRC's was added the call for the BLA to resign.

p.8 - The State of Black Local Authorities in Transvaal.

The resignations of councillors and the suspension of the rent increases has been an important victory for the front and its affiliates in local areas. Popular resistance has further discredited the councils, but they remain in nominal control of the townships and where they have resigned, administration has been handed back to the Boards. Residents are as yet in no position to democratically run their own areas.

2. Dan word in dieselfde dokument bevestig dat UDF beplanning doen om die kampanje verder uit te brei en ook hoedat dit in Atteridgeville/Saulsville bedryf was aan die hand van spesifieke knelpunte.

p.12 The Way Forward

The following issues need to be considered by the Front in taking forward its campaign against the BLA.

- How can the Front generalise against the BLA throughout the country.
- How can we popularise the peoples demands for an alternative to the BLA.

...

p.25 - Plek Saulsville/Atteridgeville.

Organisasies ASRO - Atteridgeville en Saulsville Residents Organisation bereik:

- (1) Burgemeester Z Z Mashao bedank.
- (2) Raad sê huur moet verhoog weens skuldlas van R2,9 miljoen anders besnyding van dienste.
- (3) Mashoa se verhogings geregverdig.
- (4) Hy sê die Raad is kwaad vir Regering weens versuim om infra struktuur en Dienste te subsidieer.
- (5) As die Regering doe Raad subsidieer sou die Raad beter kans hê om inwoners te cortuig om hul rol te speel en te betaal vir dienste geniet.

C110

Knelpunte:

- (1) Raad verhoog huur met 20% vir standplaas, kerk en besighede.
- (2) ASRO protesteer teen verhogings.
- (3) Dit is ook gedoen deur Atteridge Chamber of Commerce waarvan Mashao voorsitter is.

C110

- (4) Augustus word huurverhoging ongeldig verklaar - was nie deur Minister goedgekeur.
- (5) 500 inwoners h petisie geteken wat verhogings verwerp en eis bedanking van Raadslede.
- (6) Na wyd verspreide onluste besluit Raad in September om die tariefverhogings op te skort.  
Bewysstuk C.110.

3. UDF se sekretariaat waarby beskuldigdes 19, 20 en 21 ingesluit het bevestig hoedat die kampanje teen Swart Plaaslike besture oral uitgevoer word en wat Atteridgeville/Saulsville insluit soos blyk per bewysstukke N2 en N4.

Bewysstuk N3 Sect. Report to General Council Meeting  
10/12/83

para. 7 The campaign against the BLA's elections was conducted on all areas apart from Jouberton in Klerksdorp. Apart from Wattville, Daveyton and Tembisa no intensive campaign was conducted on the East Rand townships. In almost all other cases all affiliates conducted the campaigns in their own names. The UDF Tvl played the role of providing information, general co-ordination, assisting, organisations in planning activities and producing publications.

The executive committee has produced an analysis of the results ..."  
Bewysstuk N.3.

Hier word die koördinerende rol van UDF met die uitvoering van die kampanjes bevestig. Van besondere belang is dat UDF bevestig dat hulle aktiwiteite beplan en publikasies

voorsien het. Dit geld vir al die plekke in die Transvaal waar die kampanje deur die organisasies uitgevoer was wat onder ander cok die Vaal insluit.

3. Op 4 November 1984 het ASRO 'n massa-vergadering in Atteridgeville gehou waar die knelpunt van verhoogde huur die sentrale tema was.

Dr Nkoma, die voorsitter van ASRO, het die gehoor verseker dat ASRO die instrument was wat die opskorting van die verhoogde huishuur bewerkstellig het. Hy het ook die gehoor aangestig en aangemoedig om sodanige druk op die raadslede te plaas dat die raadslede moet bedank.

Hy het ook met die skoliere gesimpatisieer en hulle verder uitgelok en aangestig om skole- en klas-bywoning te boikot totdat die Regering aan hul eise voldoen.

Vol. 98 p.4808.

Hierdie getuenis van die Staat word ook bevestig deur die pamflet bewyssstuk AAW.5 wat daar versprei was. In die pamflet word daar bevestig dat ASRO die eer opeis en word die massas spesifiek genoem om te gaan hoor wat die sprekers oor hierdie knelpunt te sê gehad het.

Bewyssstuk AAW.5.

5. Op 17 Februarie 1985 het ASRO 'n massa-vergadering belê.  
Hierdie vergadering was met gedrukte pamphlette geadverteer waarin die knelpunt raken de die verhoogde huur die sentrale tema gevorm het. Van die vier sprekers wat die gehoor moes inlig oor hierdie knelpunt was daar twee vanaf UDF, te wete eerwaarde Mkhatshwa en beskuldigde 19.

Dit het soos adverteer plaasgevind.

Bewyssstuk AAW.6.

Vol. 98 pp.4809-4810.

6. Op 17 Maart 1985 het ASRO 'n massa-vergadering gehou. Dit was geadverteer deur 'n gedrukte pamphlet deur ASRO uitgee. Die knelpunte waarvoor hierdie vergadering belê was:

(a) Die nie-betaling van huurgelde totdat die huur verminder word.

(b) Die verskuiwing van die huurmotor staanplek.

Bewyssstuk AAW.7.

Vol. 98 p.4810.

7. In die Kampanje teen Swart Plaaslike Besture wat in Atteridgeville/Saulsville bedryf was, het die gemobiliseerde en opgesweepte massas oorgegaan tot geweldpleging. Tussen 27 en 28 November 1984 was die huise van twee raadslede met petrolbomme aangeval.

Vol. pp.4813-4814.

8. In November 1984 het die skole-onrus nog steeds voortgegaan en in intensiteit toegeneem. Ook die druk teenoor die raadslede het in felheid toegeneem.

(1) Raadslede was uitgemaak vir "puppets of white Regime" op COSAS en ASRO vergaderings.

(2) Mense wysgemaak dat die raadslede moet bedank.  
Vol. 98p.4814.

Sien ook bewysskrik AAW.10.

9. Die "Black Christmas" kampanje was in Atteridgeville/-Saulsville uitgevoer. COSAS Atteridgeville/Saulsville tak het aktief hieraan deelgeneem en 'n pamflet onder hulle saam uitgegee en in die gebied versprei. Volgens die inhoud daarvan is hulle aktief betrokke by UDF knelpunte.

(1) 'n Smeer veldtog teen die Regering wat hulle sou treiter en onderdruk.

(2) Die popularisering van politieke aangehouenes.

(3) Die werkers en werkloses as knelpunt.

(4) Die Swart Plaaslike Besture gekoppel aan knelpunte soos huur verhogings.

(5) Die Swart Onderwys as knelpunt gekoppel aan "SRC's" huur verhogings en "Education charter".

Weereens bewys hulle hulde aan Enmaa Sathekge.

Vol. 98 p.4814.

Bewyssstuk AAW.11.

*Wijie van  
Wd CORA*

10. Die getuie van die Verdediging, Dr Nkomo het ook bevestig dat gedurende die huisvergaderings het hulle die inwoners gemobiliseer en georganiseer deur gebruik te maak van Swart Plaaslike Besture.

Vol. 383 pp.22188 en 22193-22194, pp.22199-200.

Op die massa-vergaderings was verkondig dat die raadslede "puppets" was.

Vol. 383 p.22193.

Dat raadslede huur verhoog en mense belas.

Vol. 383 p.22193.

Op massa-vergaderings het ASRO sprekers dit by die gehore tuisgebring dat raadslede moet bedank.

Vol. 383 p.22220.

Was beleid van ASRO dat Raadslede moet bedank.

Vol. 383 p.22220.

As raadslede bedank het sou hulle en die massas besluit het wat raadslede moes vervang.

Hy het ook erken dat raadslede wel bedank het en dat eiendomme van raadslede aangeval en het gesien dit was beskadig.

Vol. 383 pp.22221-22222.

Getuie Dr Nkomo het bevestig dat skole in die gebied beskadig was.

Vol. 383 p.22223.

Hy bevestig ook dat huise van polisiebeamptes in die gebied aangeval was.

Vol. 383 p.22233.

Die kantoor van die superintendent was beskadig.

Vol. 383 p.22223.

Winkels van raadslede was gebrand.

Vol. 383 p.22223.

4.

Die knelpunt van Swart Onderwys was van die uiterste belang vir UDF ten einde die militante jeug te gebruik in die vryheidstryd.

1. I Mohamed van die UDF bestuur draai geen doekies om om die skole onrus o.a. te Atteridgeville/Saulsville te assosieer met die stryd van ANC terroriste en hulle as

voorbeeld voor te hou vir die Swart jeug vir deelname in die vryheidstryd nie.

Bewyssstuk C.25.

Toespraak I Mohamed

4/7/84

"AZASO Conference - opening session Orlando East.

p.1 ... We salute you for the struggle you have waged that all our youth Black and White, can take their place in the ranks of the free youth of the world. But we particularly salute you for the proud tradition of struggle you have brought to our movement for liberation from racism, oppression and exploitation.

p.2 ... The anger of our youth in the schools of Cradock is mirrored in the schools of Atteridgeville as a growing crisis of education facing our country".

... The heroes funeral given to Clifford Brown in East London, branded as a terrorist is mirrored in the crowds of Soweto, Mamelodi and Atteridgeville marching to June 16 commemoration services in the face of armed police in their hippos and sneeze machines and with guns and police dogs as the crises of a people determined to determine their own destiny in the country of their birth. This hearing and swelling, like the mighty sea, is embracing wider and wider circles of our people - in the schools, colleges and universities ..."

Dit is ons betoog dat niemand kan twyfel aan die geweld-dadige aard van die "stryd" in skole wat in gewapende polisie ens inloop nie. Sy boodskap aan die jeug laat dus geen twyfel hieroor nie.

2. Hoe 'n belangrike rol vir die jeug in die vryheidstryd geresserveer word, word deur Oscar Mpetha, president van UDF besklemtoon.

Bewyssstuk AU.8 - SASPU National - November 1983.

"p.1 Let us have freedom in my lifetime says Mpetha.

kol. 1 Students need to play their part in the fight for freedom and happiness in our country.

This was the message of Oscar Mpetha, one of the UDF's national presidents, in opening the 61ste congress of the National Union of South African students (NUSAS).

...

During the address, Mpetha told the 400 delegates and observers that in liberation struggles around the world students had stood side by side with the workers.,

...

South Africa is crying out for change and students, whether black or white, must work together to bring about this change.

... pass on the message that freedom can only come when all the people unite against apartheid and oppression.

The UDF, said Mpetha, was not worried about slight victory which the referendum represented for the government. The UDF was determined to mobilise all the forces of change in the fight for freedom.

Bewysstuk AU.8 p.1.

3. Aan die Swart gemeenskappe word die rol van die jeug in die vryheidstryd soos volg oorgedra deur UDF in SASPU National van November 1983.

"p.5 - Apartheid's education is just another crack in the wall, but the students are aiming at its foundation.

The UDF has burst into the South African political struggle, capturing the imagination of hundreds of thousands of South Africans. As UDF is not an organisation, its power depends on the strength of its affiliates.

A united grouping within the UDF is the student movement, which is well represented by the COSAS, the NUSAS and the AZASO.

These organisations are devoted to struggling for a non-racial unitary and democratic South Africa, which are also the aims of the UDF. It is on organisations such as these that the UDF depends. Their ability to translate

the UDF's programme into effective action in that consti-  
tuances will in the end, be essential to the development  
of the UDF.

...

Bewysstuk AAU. p.8.

Dan word daar van SAYO gesê:

"... and organise the young people from these areas. It  
draws its membership from nations cultural, spot and  
church groups and welcomes any group which accepts its  
aims.

Because of the lack of organisation in the area, SAYO  
will:

- Organise and unite the youth of Saulsville/-  
Atteridgeville.
- Contribute to the welfare of the community.
- Take up problems affecting the youth.
- Articulate the social and political outlook of the  
youth in accordance with non-racial democratic  
principles.
- Create a spirit of trust responsibility, under-  
standing and creative friendship among the youth.

According to the president of SAYO, the Organisation  
pleges to grow side by side with other organisations  
nationally so as to emerge with one national youth  
organisation which will enable youth to participate in a  
non-racial democratic struggle".

Bewysstuk AAU p.8.

4. In Atteridgeville/Saulsville was daar oek 'n tak van COSAS  
wat daar gefunksioneer het. Hier het COSAS alreeds in  
1983 boikotte van klasse georganiseer. Gedurende 1983  
het daar skole-boikotte uitgebreek. Die getuie J D du  
Toit wat hieroor getuig het se getuienis was in kruisonder-  
vraging baie sterk en langduring aangeval en was dit  
betwissel dat dit die geval was. Sover ons kon vasstel het  
die Verdediging self gedurende kruisondervraging hierdie  
getuienis ontlok.

Vol. 98 p.4821- p.4822 en pp.4826-4828.

Wat wel van wesenlike belang is, is dat hierdie getuienis van Du Toit in kruisondervraging, gestaaf word in die SASPU Focus van November 1984.

p.5 kolom 1 onder - oor na kolom 2:

"The Department of Education and Training (DET) was setting the scene for a year of conflict. Their blind eye on grievances and deaf ear on demands forced a mood of militancy on students. And they began gearing up to back their calls with further action.

Students demands were clear from the start:

- recognition of democratically elected Students' Representative Councils.
- scrapping of the prefect system and the age-limit laws.
- an end to excessive corporal punishment.
- an end to sexual harassment.

In 1983 Atteridgeville students boycotted classes demanding recognition of SRC's they had already elected. From the first day of 1984 this campaign continued. Bewyssstuk W.21 p.5.

Verder het Verdedigingsgetuie Nkomo dit ook bevestig.

Vol. 382 p.22168.

5. Dit moet egter nie aanvaar word dat COSAS alleen in Atteridgeville/Saulsville georganiseer en gewerk het nie.  
Dit blyk uit die getuienis dat daar noue skakeling en samewerking was tussen UDF, UDF geaffilieerde en vakunies ten einde die massas voor te berei vir die vryheidstryd.

Dit blyk ook verder dat dit wat gedoen was, gedoen was om UDF se program van aksie uit te voer. Die feit dat hulle al so vroeg daarmee begin het, is bevestiging van beskuldigde 21 se aandeel.

"MASS WORK FOR PTA UDF

A CO-ORDINATION Committee has been formed in Pretoria to put the programme of action of the United Democratic Front into effect in the region.

Many progressive organisations in the area are already affiliated to the Committee. The South African Allied Workers Union, the Motor Assembly and Component Workers Union, and the General Workers Union of South Africa have been consulted.

The main task of the Committee, in the short term is to oppose the elections which will take place under the Black Local Authorities Act in November. The campaign will be run through mass meetings, house-to-house work, the distribution of 'UDF NEWS and inviting UDF office-bearers to speak to the communities.

Youth organisations - the Saulsville-Atteridgeville Youth Organisation (SAYO), the Mamelodi Youth Organisation (MAYO) and the Congress of South African Students (COSAS) - are doing most of the door-to-door work in the communities. This aspect of the campaign began before the UDF programme of action was formulated.

The youth go to every house in Mamelodi, Atteridgeville and Saulsville, talking about the problems experienced in the townships, the need for residents to have their own organisations, and the importance of not voting for the community councils in November."

Mass meetings are being planned for every weekend until the community council elections. About 500 people are expected to attend the meetings, which are to be addressed by both local speakers and by UDF office-bearers.

Issues such as high rents, poor housing, dirty streets and the dumping of garbage next to the locations will be highlighted.

Bewysstuk W.23 p.5 (SASPU National - Oktober 1983).

Die bestaan hiervan erken deur getuie Nkomo en ontwykings te vertel hiervan.

Vol. 383 pp.22188-22192.

6. Getuie Du Tcit het dan oock bevestig dat skole-boikotte en skole-onrus voorgekom het gedurende 1984.

Vol. 98 p.4810.

- (1) As gevolg hiervan was die "DET" verplig om skole vanaf Julie 1984 tot Oktober 1984 te sluit.

Vol. 98 pp.4810-4811.

Toe die skole op 11 Oktober 1984 moes heropen het COSAS h pamphlet in Atteridgeville versprei. Daarin word die stryd teen Swart Onderwys se kort geskiedenis saamgevat, herbevestig hul vasberadenheid om die stryd voort te sit totdat Swart Onderwys vernietig is en vervang is met "Peoples Education" en vestiging van h "Peoples Republic."

Vol. 98 p.4811.

Bewyssstuk AAW.8.

- (2) In hierdie gebied was oock h COSAS pamphlet versprei waarin hul eise uiteengesit word en wat hulle beweer Emma Sathekge voor gesterf het. Hulle eis -

(1) Studenterade.

(2) Lyfstraf soos wetlik voorgeskryf.

(3) Teksboeke vir alle studente.

(4) Afskaffing van ouderdomsperke.

(5) Staking seksuele vergrype teenoor skooldogters.

(6) Afdanking van ongekwalifiseerde onderwysers.

Daar word beklemtoon: "We shall stop at nothing to  
fight for this Demands."

Vol. 98 p.4811.

Bewyssstuk AAW.9.

*oorae  
dieselde*

(3) Die skole het heropen op 11 Oktober 1984. Die skoolbywoning was swak en die leerlinge wat daar was het die klasse geboikot. Op die 12de was die toestand dieselde maar 'n groep jeugdiges van die Hoërskole het die laerskole se persele betree en die leerlinge geïntimideer om die skole te verlaat. Vir die veiligheid van die laerskoolkinders was die laerskole gesluit en het die polisie daar opgetree. Die polisie voertuie is deur die groep aangeval met klippe.

Vol. 98 pp.4811-4812.

(4) Op 23 Oktober 1984 by D H Peta skool word onderwysers deur groep leerlinge geïntimideer om nie klasse by te woon nie. Skool word toe met klippe aangeval en vensters stukkend gegoci. Toe polisie op tree word polisie voertuie met klippe gegooi.  
Vol. 98 p.4812.

(5) Die wegblý aksie soos gereël deur COSAS, ander organisasies en werkers unies was ook op 5 en 6 November 1984 in Atteridgeville/Saulsville aan gehoor gegee. Die 5de het oproer en geweld daar uitgebreek.

(1) Strate was versper met klippe en motorwrakke.

(2) Aflewerings voertuie en Putco busse was aangeval en met klippe gegooi deur jeugdiges.

(3) Toe die polisie opgetree het, was ook die polisie voeruite aangeval en met klippe gegooi.  
Vol. 98 p.4812.

(6) Daar was by die geleentheid 'n verklaring versprei waarin bevestig word dat leerling en werkers saam die mense oproep om tuis te bly en die volgende eise gestel:

1. Weermag en polisie moet onttrek uit woongebiede.

2. Huur verhogings moet gestaak word.
  3. Alle raadslede van Swart Plaaslike Besture moet bedank.
  4. Alle aangehoudenes en politieke gevangenes moet vrygelaat word.
  5. Alle ontslange werkers moet her-aargestel word.
  6. Verhogings van bustariewe moet gestaak word.
  7. Intrekking van alle A.V.B. en belastings.
- Hierdeur het COSAS in Atteridgeville/Saulsville hul samewerking met die ander organisasies en ook hul deelname aan die ander kampanjes van UDF bevestig.  
Vol. 98 p.4813.
- Beweysstuk AAW.10.
7. Gedurende Februarie 1984 was daar geweldpleging by die Hoërskool D H Peta en moes die polisie daar optree om die orde te herstel. In die proses was 'n leerling Emma Sathekge deur 'n polisie voertuig raak gery en het later gesterf. Die incident bevestig die volgende feite:
    1. Daar was geweldpleging en die polisie moes ingryp.
    2. Tydens die polisie optrede was die polisie aangeval met klippe.

3. Die feit dat Emma Sathekge h lid van COSAS was, word ook bevestig deur bewyssuk AAW.11 - die verwysing na die "spirit of Emma Sathekge".  
Vol. 98 pp.4814-4815.

8. Die polisie getuienis van klip aanvalle op hulle word ook grootliks bevestig deur die weergawe in "SASPU-Focus" van November 1984. Daarin word bevestig.,

1. Soos polisie aksie toegeneem het, het konfrontasie toegeneem in o.a. Atteridgeville waar botsings met die polisie was.

2. In COSAS leier het op Emma Sathekge se begrafnis bevestig dat hulle ongeag die owerhede se teenstand sal hulle teenaksie neem en rebelleer.

"More than 15 000 mourners at Emma Sathekge's funeral heard a COSAS leader say, despite assassination, divisions harassment, detention and death in detention we will prove in action that Bantu Education is evil. We will revolt against it until it has been utterly scrapped, dumped on the junkheap of history and buried once and for all."

Bewyssuk W.21 p.6.

9. Op 14 Oktober 1984 was 'n konferensie gehou om die "Education Charter" kampanje te loods. Die vergadering was georganiseer deur COSAS. Getuie Dr Nkomo het as voor-sitter van ASRO die verwelkoming van die sprekers gedoen. Van UDF was Amanda Kwadi, Dacon Mathe, Frank Chikane. Vol. 383 pp.22209-22212.

Van ASRO was mnr Mothupi 'n amptelike spreker.  
Vol. 383 p.22225.

Die plakkaat wat die byeenkoms noem die sprekers as  
Blessing Mphila, Cedric Kekana, Frank Chikane, Gabe  
Khumalo en Kate Phillips.  
Vol. 383 p.22226.

TEMBISA

1. Mabel Manuel het getuig dat:

1.1 Susanna Manuel haar dogter was en sy was nie gedurende 1984 in die skool te Tembisa nie. Sy het oor en weer gewoon; soms het sy gewoon te Tembisa en soms by ons te Edenpark. Dit is langs Thokoza Alberton, by Maggie Mazinkwa.  
Vol. 115 p.5761.

1.2 Sy het nie gewerk nie op die tydstip van haar dood, sy weet nie of sy aan enige organisasie behoort het nie en sy is op 5 November 1984 oorlede te Tembisa.  
Vol. 115 p.5761.

1.3 Sy was doodgeskiet en was toe 23 jaar oud. Die polisie het getuie gehelp om haar lyk te bekom.  
Vol. 115 p.5761.

1.4 Sy het reëlings getref vir haar begrafnis en begrafnisondernemers het gereël om die begrafnis te behartig. Dit was Baranje and Sons in Germiston. Hul het gereël dat die begrafnis in Tembisa sou plaasvind.  
Vol. 115 p.5761.

1.5 Sy het reeds betaal vir die begrafnis.  
Vol. 115 p.5761.

1.6 Voordat die begrafnis kon plaasvind, het Maggie Mazibuko haar geskakel en gesê daar is mense wat die lyk wil hê. Om

22h00 dieselfde aand het 'n mansperscon haar geskakel en haar gevra waar is die lyk, dit is hulle lyk, hulle wil dit hê.  
Vol. 115 p.5762.

1.7 Sy het hom gevra hoe hy lyk wil hê, lyk is hare. Hy het gesê die mense wat daar dood is, is "hulle mense" van die "stay-away".  
Vol. 115 p.5762.

1.8 Sy het hom gevra as sy lyk vir hom gee hoe gaan sy hom sien. Hy reël toe dat hulle mekaar die volgende dag te Germiston-stasie ontmoet.

Vol. 115 p.5763.

1.9 Die volgende dag is sy na Germiston-stasie. Daar het sy vir Mtombane Mazibuko gekry asook Maggie Mazibuko se dogter en twee onbekende mans - Swart mans.

Vol. 115 p.5763.

1.10 Sy het vir haar gesê hier is die mense wat die lyk wil hê. Hul is toe na Baranjee.

Vol. 115 p.5763.

1.11 Hul is toe na Baranjee. Daar aangekom het "hulle" gesê "hulle" wil die lyk hê en sy het gesê hulle kan dit kry.

Vol. 115 p.5763.

1.12 Sy sê hulle moet kis vat wat sy gekoop het, hulle sê nee, hulle wil nie die kis hê nie, want daar is baie mense dood en hulle het hul eie kiste.

Vol. 115 p.5763.

1.13 Sy sê toe hulle moet die kranse neem en dit dan deel

*Koste*  
vir daardie mense want daar is baie kranse. Hulle sê nee, hulle wil dit nie hê, hulle het hul eie kranse.

*Want*  
*Iconar*  
*de*  
*gelyk*  
Vol.  
1.13

1.14 Hy het toe haar kar se nommerplaat geneem en vir hulle gesê as hul begrafnis toe wil kom, kan hul kom.

Vol. 115 p.5763.

1.15 Hierdie mense het hulself nie aan getuie voorgestel en sy het nie hul name gevra nie.

Vol. 115 p.5763.

1.16 Sy het die lyk afgegee omdat sy nie geweet het of oorledene miskien vir hulle gesê het as sy doodgaan moet hulle haar begrawe. Die mense het nie vir haar gesê waar die begrafnis sou wees nie. Dit was maar net Tembisa.

Vol. 115 p.564.

1.17 Sy het uitgevind wanneer begrafnis sou wees. Dit was die tweede Saterdag. Sy onthou nie die datum. Sy was nie by die begrafnis nie.

Vol. 115 p.5764.

1.18 Sy is nie van die datum van die begrafnis in kennis gestel nie.

Vol. 115 p.5764.

1.19 Na die begrafnis verby was, het Maggie Mazibuko se seun Oupa Alfred Mazibuko 'n brief daar by haar gebring wat portrette op het en gesê: "Kyk wat het my ma gedoen Mammie". Kyk wat het my ma hier geskryf. Sy vat jou kind en sê dit is haar kind en wat van my en wat van Mtombane".

Vol. 115 p.5765.

1.20 Dit is die brief nou voor die Hof - Bewyssstuk ABA.46. Dit het 'n opschrift "Each one teach one" van COSAS en is blykbaar 'n begrafnisprogram.

Vol. 115 p.5765.

1.21 Op die tweede bladsy verskyn fotos en foto genummer 4 aan die regterkant bo is van haar dogter en sy word beskryf as "Susan, daughter of Maggie and Elliot Mazibuko".

Vol. 115 p.5765.

1.22 Wat hier geskryf is, is verkeerd want oorledene het net daar gebly en daar het sy skool gegaan. Getuie het betaal vir haar om daar te bly en skool te gaan.

Vol. 115 p.5765.

1.23 Oorlede is gebore 1961 en nie 1958 soos op bewyssstuk ABA.46 staan nie.

Vol. 115 p.5765.

*Skewende vorm van  
977. daar waar die wortel  
organisasie geen  
oor begraf nie uit  
te breuk.*

1.24 Oorledene het skool gegaan te Shukumane Hoërskool.

Vol. 115 p.5765.

1.25 Sy het in 1976 haar skool loopbaan voltooi.

Vol. 115 p.5766.

1.26 Toe oorledene dood is, het sy nie by "Mr Rooster" gewerk nie, sy het glad nie gewerk nie.

Vol. 115 p.5766.

2. Errol Smith het getuig dat:

2.1 Hy van die Veiligheidspolisie, Tembisa is.

Vol. 115 p.5767.

2.2 In 1984 het die volgende organisasies in Tembisa bestaan:

Tembisa Civic Association TCA

COSAS

Tembisa Youth Organisation TYO

Vol. 115 p.5767.

2.3 Tembisa Civic Association het die volgende bestuurslede gehad:

|            |                                       |
|------------|---------------------------------------|
| Voorsitter | - Goba Ndlovo en Michael Figo Madlala |
|            | - Ishmail Sicta                       |
|            | - Greg MaLEBU                         |
|            | - Amor Usane                          |
|            | - Solly Ngobise                       |

Vol. 115 p.5767.

2.4 Tembisa Youth Organisation se lede wat hy geken het:

Michael Figo Madlala - Organiseerder

Vol. 115 p.5768.

Ort.  
bestuur

2.5 COSAS-lede wat hy geken het:

Bengesa Samson Mtombeni - Voorsitter

Marcus Semetse alias  
Molatetsi - Onder-voorsitter

Sipho Christopher Shabalala - Sekretaris

Philemon Letsela

W.L  
verg's  
L.L

en ook nog die Streeksverteenvoerdiger wat op die Oos-Rand  
Streekskomitee van COSAS gedien het, dr Tshepo Mphuti.

Vol. 115 p.5768.

UDF  
plaakkate  
"verg's"

2.6 Die organisasies was gedurende 1984 aktief in Tembisa.

Vol. 115 p.5768.

2.7 Hulle het vergaderings gehou in die gebied en het ook  
in 1984 plakkate ten toon gestel. Dit is plakkate van UDF  
en Tembisa Civic Association. UDF plakkate het gehandel oor  
die SA Polisie en SA Weermag wat uit die gebied moet onttrek  
en "Long live UDF - Ban Apartheid".

Vol. 115 pp.5766-67.

2.8 Daar is ook pamflette versprei gedurende 1984. Daarop  
het ook woorde soos "Long live UDF - Ban Apartheid" verskyn.  
Hy het op sodanige pamphlet beslag gelê - ABA.47. Bewyssstuk  
ABA.47 is 'n foto kopie van die wat versprei was en afskrif

van een waarop beslag gelê was. Die oorspronklike is na sy Hoofkantoor gestuur en is nie beskikbaar nie.  
Vol. 115 p.5769.

2.9 Inhoud van bewyssuk ABA.47 "UDF calls on you to support the struggle" en dan o.a. "against government imposed community councils".

In Tembisa was veldtogte teen hulle gevoer - deur UDF en Tembisa Civic Association.

Vol. 115 pp.5769-70.

2.10 In 1984 was daar in Tembisa slagspreuke aangebring teen konstruksies en geboue - gewoonlik teen bushaltes (die huise) teen transformatorkassies en teen transformatorhuise. Dit was: "Viva COSAS", "Viva UDF", "Viva ANC", "Councillors must resign".

Vol. 115 p.5770.

2.11 Op 5 November 1984 het hy slagspreuk gesien teen Umfujaneni transformatorhuisie in Tembisa. Umfujaneni is 'n seksie van Tembisa. Dit was 'n tekening van 'n AK.47 in groen spuitverf. Onder dit was geskryf "be careful AK.47" en "Viva ANC" en verder "councillors must resign".

Vol. 115 p.5770.

2.12 Gedurende 19 Oktober 1984 tot 22 November 1984 was daar padversperrings in Tembisa - groot asverwyderings

bakke is in die paaie gesleep, brandende voertuigbande,  
klippe en rotse en selfs ook tafels en stoele is gebruik.  
Dit was tafels en stoele van die biersaal wat hulle afge-  
brand het gedurende die tyd.

Vol. 115 p.5773.

2.13 Daar was oproer gedurende tydperk 19 Oktober 1984 tot  
23 November 1984.

Vol. 115 p.5774.

Die eerste oproer in Tembisa het in Oktober maand in erns  
begin maar vanaf Augustus maand was daar lcs voorvalle.  
Oktober het dit baie erg geword en het dit baie sleg gegaan  
in Tembisa.

Vol. 115 p.5774.

Daar is geweldige skade aangerig aan geboue, motors en  
woningen.

Vol. 115 p.5774

2.13.1 Smith getuig dat hoe hy kennis dra van die bestuurs-  
lede van die verskillende organisasies is omdat hy het  
geweldig baie in die gemeenskap van Tembisa beweeg. Hy het  
ook baie Swart vriende in Tembisa. Hy het ook van die  
persone wat hy genoem het persoonlik ontmoet en die is ook  
algemeen bekend onder die gemeenskap van Tembisa dat die  
persone wat hy genoem het, en die organisasies in Tembisa  
bestaan en werk.

Vcl. 115 p.5775.

2.13.2 Die persone gencem is nie sy vriende nie. Hy het die mense van TCA en COSAS persoonlik ontmoet en handhaaf 'n goeie gesindheid met hulle.

Vol. 115 p.5776.

2.13.3 Hy het hulle by hul wonings ontmoet. Party het soms na hulle toe gekom en ook gevra vir toestemming om vergaderings te hou in gebied en daardeur het hy hulle ook leer ken.

2.13.4 Hy het die afkorting TYO nie so dikwels in Tembisa gesien nie. Hy het een dag, hy dink in Augustus 1985, hulle gesien in 'n demonstrasie voor die polisiestasie.

Vol. 115 p.5776.

2.13.6 Dis gestel dat daar eintlik geen organisasie in Tembisa bestaan wat Tembisa Youth Organisasie is nie en Smith het getuig dat Tembisa Youth Organisation wel in naam bestaan. Die organisasie se naam voorheen was MAYO vroeg in 1984. Madlala het toe die Organisasie 'n ander naam gegee en het dit herdoop na Tembisa Youth Organisation.

Vol. 115 p.5776.

2.13.6 Pamflet bewysstuk ABA.47 het hy op beslag gelê gedurende 5 en 6 November 1984 - later is in 1984 hy is nie heeltemal seker nie.

Vol. 115 p.5777.

No v 84

2.13.7 Die dag van onluste (5-6 Mei) is 'n redelike aantal mense dood. Sewe is begrawe in Tembisa, maar meer as 7 is dood.

Vol. 115 p.5778.

2.13.8 Daar was vreeslik baie pamflette versprei. Van die pamflette het hulle sommer weggesmyt omdat hulle in sulke groot hope in die kantoor opgestapel het.

Vol. 115 p.5778.

2.14 MnR Mokwebo was die eerste Verdedigingsgetuie.

2.14.1 Hy sou vroeër verkiesingsvergaderins van Raadslede bygewoon het waar hulle belowe het om die paaie se toestand te verbeter, riolering te laat installeer en elektrisiteit te voorsien.

Vol. 376 p.21790.

2.14.2 In 1984 sou inwoners van Tsenelong-seksie as beswaar teen die emmerstelsel hul nagemmers by die burgemeester, mnR Mothiba se winkelkompleks gaan uitgooi het.

Vol. 376 p.21793.

2.14.3 Hy sou in 1981 van Goba Ndlovu gehoor het omtrent die bestaan van TCA en dat TCA beoog om as die mondstuk samesprekings met die Raadslede te voer.

Vol. 376 p.21793-4.

2.14.4 Mokwebo getuig dat hy in 1981 'n gewone lid van TCA was en dat hy altyd gaan terug rapporteer het in sy woongebied omtrent TCA se vergaderings. Hy beweer dat TCA altyd net samesprekings gevoer het en 'n nie-gewelddadige organisasie was.

Vol. 376 pp.21795-6.

2.14.5 Hy gee toe dat hy baie besig was na die einde van 1983 en toe onaktief in TCA se bedrywighede geraak het.

Vol.376 p.21796.

2.14.6 In Januarie 1984 was daar 'n huurverhoging van R4,00 per maand, maar in April 1984 is die verhoging opgeskort na samesprekings tussen die Raadslede en TCA.

Vol. 376 p.21797.

2.14.7 Middel Julie 1984 het skoleboikotte in Tembisa volgens Mokwebo begin.

Vol. 376 p.21798.

2.14.8 Einde Julie 1984 het hy as 'n ouer, 'n vergadering te Tembisa Hoërskool bygewoon wat deur dié skool se skool-komitee byeengeroep is.

Vol. 376 pp.21798-9.

2.14.9 Dié vergadering is deur ouers, skoliere en onderwysers bygewoon.

Vol. 376 p.21800.

2.14.10 Mn. Namane sou op die vergadering wou geweet het wat die ouers se houding is oor die skoliere wat nie die klas wil bywoon omdat hul SRC's wil hê en die beheer oor die skool wil corneem.

Vol. 376 p.21800.

2.14.11 Twee skoliere is aangewys om namens die skoliere op dié vergadering te praat en het gesê hul is moeg vir die prefekte-stelsel en vir lyfstraf en dat die SRC die mondstuk van die skoliere sal wees as die onderwysers iets met die skoliere wil bespreek.

Vol. 376 p.21801.

2.14.12 Die voorsitter van die vergadering was teen die idee van 'n SRC gekant, maar volgens Mokwebo het die ouers dit aanvaar.

Vol. 376 p.21801.

2.14.13 Teen die einde van die vergadering sou 'n "parents teachers interim committee" gekies gewees het waarvan Mokwebo self 'n lid was. Die taak van die komitee was om met die inspekteurs oor die skoliere se klagtes en eise te onderhandel en 'n groep is uit die komitee gekies om met die Polisie te praat en te vra dié moet van die skoolpersele onttrek.

Vol. 377 p.21804.

2.14.14 Hy het later gesien die polisie is nie op die skoolterreine meer nie, maar patroleer in die omgewing van

die skole. Hy was ook by een vergadering met die onderwys-inspekteur.

Vol. 377 pp.21804-5.

2.14.15 Na die tweede vergadering met die inspekteurs, was hy by die terugrapporteringsvergadering, waar rapporteer was dat SRC's onaanvaarbaar is.

Vol. 377 p.21806.

2.14.16 Na hul gefaal het om SRC's ingestel te kry, het dié komitee ontbind, en beweer Mokwebo, het die boikot uitgebrei en toe het geweld uitgebreek - die polisie "were fighting the school children", busse is aangeval en gebrand, huise is aangeval en gebrand, Raadslede se huise is ook aangeval en gebrand en mense is aangerand.

Vol. 377 p.21807.

2.14.17 Dit blyk in kruisverhoor dat Mokwebo nooit enige TCA-komitee-vergaderings of -massa-vergaderings bygewoon het nie, maar slegs vergaderings waar of area verteenwoordigers van TCA of publiek wat spesifik genooi was, klagtes by TCA se komitee kom aanhangig gemaak het.

Vol. 377 p.21811.

2.14.18 Mokwebo se getuienis dat TCA nie met UDF affilieer het nie, is ooglopend vals - TCA was een van die stigterslede van UDF - sien bewyssuk A.1 p.60.

Vol. 377 pp.21814-5.

2.14.19 Aan die een kant beweer Mokwebo dat TCA in 1981 tot stand gekom het, maar andersinds wil hy nie betwissel dat TCA eers Maart 1983 gestig is nie.

Vol. 377 pp.21816-7.

2.14.20 Hy erken dat hy "baie min" van TCA "se politieke sy" geweet het.

Vol. 377 p.21816.

2.14.21 Die getuie gee toe dat daar reeds van 1983 elektrisiteit voorsien was aan sekere huise en dat dié projek steeds aangaan. Ook t.o.v. riolering was daarmee reeds voor 1983 begin, en is dit in 1987 voltooi.

Vol. 377 pp.21824-5.

2.14.22 Hy bevestig dat daar onluste in Tembisa was tydens die 5-6 November 1984 wegblý-aksie.

Vol. 377 p.21833.

2.14.23 Mokwebo getuig dat die skole-boikot in Julie 1984 by die Boitumelong Hoërskool uitgebreek het waar die kinders geweier het om klasse by te woon.

Vol. 377 p.21834.

2.14.24 Mckwebo getuig dat hy eers in 1985 gehoor het van COSAS se bestaan in Tembisa en dat in alle navrae wat voor

dit gedoen was onder die kinders, die kinders ontken het dat enige organisasies betrokke was.

Vol. 377 p.21837.

2.14.25 Hy getuig dat op die dag toe die ouer-onderwysers interim komitee gestig is, het die skoliere net geëis dat hul SRC's wil hê, dat die polisie en soldate die skoolterreine moet verlaat, die ouerdomsbeperking moet geskrap word en lyfstraf moet afgeskaf word. Niks is gesê oor die wegdoen met die bestaande onderwysstelsel nie.

Vol. 377 p.21839.

2.14.26 Die getuie bly 2 dae met die November 1984 wegblýaksie weg van sy werk; verloor 2 dae se inkomste; hy hoor dis om die polisie te dwing om die mense wat aangehou is, vry te laat, en hy weet nie wie aangehou is of waarom die mense aangehou word nie.

Vol. 377 p.21850.

2.15 Christopher D Modise was die 2de Verdedigingsgetuie wat t.o.v. Tembisa geroep was:

2.15.1 Hy getuig dat in 1984, in Februarie, het die skoliere by sy skool, Tembisa Hoërskool vergader en sekere eise en klagtes bespreek, nl. SRC's, lyfstraf se afskaffing, 'n tekort aan biblioteekboeke wat aangevul moes word, dat die

onderwysers nie behoorlik gekwalifiseer was nie, die ouderdomsbeperking en die molestering van skoolmeisies.

Vol. 390 p.22591.

2.15.2 By die vergadering is 'n delegasie aangestel wat met die skoolhoof oor hul probleme moes praat. Daar het geen ander komitee in Tembisa bestaan in hul skool nie.

Vol. 390 p.22592.

2.15.3 Dis terugrapporteer dat die skoolhoof aangedui het dat hy geen magte het om met hul oor hul klagtes te praat nie, maar dat hy sy seniors hieroor sal kontak. Daarna het die skoliere verdere vergaderings gehou.

Vol. 390 p.22592.

2.15.4 In Maart 1984, op 'n Dinsdag, het hul weer as skoliere vergader en toe besluit dat hul vir die res van die week nie klasse sal bywoon nie, maar wel by die skool sal wees. Dit het hul gedoen en daar was geen voorvalle die res van die week by die skool nie.

Vol. 390 p.22593.

2.15.5 Van die volgende Maandag het hul normaal klasse bygewoon en hul halfjaar eksamens ook uiteindelik geskryf. Hul het voor die halfjaar eksamens weer as skoliere oor hul probleme vergader, maar geen boikot-aksie was verder op besluit nie.

Vol. 390 p.22594.

2.15.6 Na die eksamens is hul terug skool toe en op 19 Julie 1984 het hul gehoor van 'n boikot by die Boitumelong skool in Tembisa. Die senior skoliere by hul skool het oor die boikot gepraat.

Vol. 390 p.22594.

2.15.7 Op 23 Julie 1984 het hul vergader en toe besluit dat hul met die skoliere van Boitumelong moet "unite" want dan sal die owerheid dalk luister na hul klagtes. Dit was volgens Modise die skoliere se eie beslissing.

Vol. 390 p.22595.

2.15.8 Hy getuig dat hy in Julie 1984 gehoor het van die bestaan van 'n COSAS-komitee in Tembisa.

Vol. 390 p.22597.

2.15.9 Die departement het 'n ultimatum gestel aan die skoliere, nl. dat hul 31 Julie 1984 klasse moet hervat of anders sal die skool gesluit word. Die skoliere het voortgegaan met die klas-boikot en toe is die skool gesluit deur die Departement.

Vol. 390 pp.22597-8 en

Vol. 391 p.22599.

2.15.10 Die skoliere het, na die skool gesluit is, aangehou om nogtans na die skool te gaan totdat die polisie die skoliere gelas en forseer het om die skoolterrein te verlaat.

Vol. 391 p.22599.

2.15.11 Dit was 'n paar dae na die skool gesluit is, toe die polisie daar opgedaag het - daar was ook baie skoliere op die terrein (ongeveer 900-1000). Die polisie het die skoliere 'n paar minute tyd gegee om die terrein te verlaat. Die meerderheid skoliere sou na die aanhouding na die hekke gestorm het, maar omdat daar so baie was, het van die skoliere oor die heining gespring om weg te kom.

Vol. 391 p.22600.

2.15.12 Hy getuig dan dat die polisie toe die meisies wat geväl het, met sambokke geslaan het.

Vol. 391 p.22600.

2.15.13 Hy getuig dat voor die polisie opgedaag het, in die tyd tussen die vergadering en toe hul deur die polisie verjaag is, het die skoliere op die terrein vergader, besprekings gehou en liedere gesing.

Vol. 391 p.22601.

2.15.14 'n Paar dae na die skoliere uit die perseel verjaag is, was hy weer saam met 'n groep skoliere wat naby die skool vergader het om die boikot te bespreek.

Vol. 391 pp.22601-2.

2.15.15 Modise getuig dat hy te "Mathole Cinema" was waar die skoliere die boikot bespreek het, maar omdat hy bang was vir die polisie buite, kan hy nie onthou wat gesê was nie.

Vol. 391 p.22602.

2.15.16 Later getuiq Modise dat hy laat Julie, vroeg Augustus 1984 bewus geword het van 'n COSAS komitee by sy skool.

Vol. 391 pp.22605-6.

2.15.17 Gedurende November - Desember 1984 het hy bewus geword daarvan dat COSAS 'n kantoor het in die Tembi Sentrum - dit was 'n COSAS-komitee vir al die skole, se kantoor.

Vol. 391 p.22606.

2.15.18 Modise was klaarblyklik daarop uit om alle inligting wat hy omtrent CCSAS se bestuur en -take het, van die hof te weerhou - só het hy nooit gehoor of ondersoek ingestel na die name van die COSAS bestuur van sy eie skool nie, ook het hy, volgens hom, na hy van die COSAS-tak gehoor het, nooit gaan uitvind waarmee die organisasie van skoliere hul besig hou nie; hy sou oock 'n vergadering van COSAS bygewoon het, maar wil nie vir die hof sê wie van die mense hy daar geken het nie - veral nie die twee mense wat "voor by die tafel" sou gesit het nie.

Vol. 391 pp.22610-1.

2.15.19 Modise weet net dat 'n gedeelte van sy skool, Tembisa Hoërskool in 1984 gebrand is, en sê dat baie ruite gebreek was.

Vol. 391 p.22621.

2.15.20 Modise se getuienis oor die vergadering in die "Mathole Cinema" is ooglopend leuenagtig - hy weet nie wie dié vergadering wat hy gaan bywoon het, gereël het nie, hy

het nie gesien wie die voorsitter is nie, hy kan nie eens sê of COSAS daar 'n spreker gehad het nie, want hy was "geskrik gewees".

Vol. 391 pp.22623-4.

2.15.21 Modise, so word betoog, kan eintlik glad nie die hof help t.o.v. die aktiwiteit van COSAS, MOYA, Thembisa Youth Organisation of TCA nie, en die hof behoort, met respek, nie op sy getuienis te steun m.b.t. die sg. spontane ontstaan van grieve en daaropvolgende optrede van die skoliere nie, (en veral nie op sy ontkenning dat COSAS betrokke was by die skole-boikotte nie), vanweë dié getuie se klaarblyklike leuenagtigheid oor sy kennis van COSAS.

Vol. 391 p.22625.

2.16 Mnr K S Ngobese het laastens vir die Verdediging t.o.v. Tembisa getuig:

2.16.1 Hy getuig dat hy in 1983 nie aan die Raadsverkiesings deelgeneem het nie, en ook nie bewus was van enige kampanje wat teen die verkiesing gevoer was nie.

Vol. 413 p.24101.

2.16.2 Raadslede sou tydens die verkiesing vergaderings gehou het en hy het gehoor dat hul belowe dat paaie geteer sal word, daar sal weggedoen word met die emmerstelsel en dat huur nie verhoog sal word nie.

Vol. 413 pp.24101-2.

2.16.3 Ngobese is Maart 1984, toe daar sprake van 'n huurverhoging was, deur mnr Seeta, die vise-president van TCA genader en het toe uiteindelik lid van TCA geword.

Vol. 413 p.24102-3.

2.16.4 Ngobese is op TCA se komitee gekoöpteer en hul het 'n massa-vergadering vir Maart 1984 oor die huurverhoging gereël sodat die inwoners se gevoel getoets kon word hieroor.

Vol. 413 pp.24103-4.

2.16.5 Hul het op die massa-vergadering besluit om reg-sadvies in te win en dat die TCA komitee met die Raadslede moet onderhandel oor afstelling van die huurverhoging. Hul het mnr Moloko, wat by die Raadskantore werk en op die komitee van TCA was, gevra om 'n afspraak met die Raadslede te probeer reëل. Mnr Moloko het terugrapporteer later dat die raadslede nie belangstel in samesprekings nie en wil weet wie die TCA-komitee is.

Vol. 413 p.24104.

2.16.6 Hul het toe 'n pamflet uitgereik om aan die inwoners bekend te maak wat met die beoogde onderhandelinge met die Raadslede geword het en om uit te vind van die inwoners of TCA kan voortaan met optrede. Hul het op daardie stadium verwag die Raadslede moet die huurverhoging afstel.

Vol. 413 pp.24104-5.

2.16.7 Bewysstuk DA.205 is 'n afskrif van die pamflet wat hul toe uitgereik het.

Vol. 413 p.24105.

2.16.8 Ngobese beweer dat hul voorsitter van TCA die ander opdrag van die massa-vergadering uitgevoer het, nl. om met regslui te gaan praat by die Legal Resources Centre.

Vol. 413 p.24105.

2.16.9 Hul het toe vasgestel einde April 1984 dat daar nie 'n huurverhoging sal wees nie omdat sekere "tegniese vereistes" nie nagekom was nie - die raad het die verhoging afgestel.

Vol. 413 p.24106.

2.16.10 Mei 1984 het hy bewus geword a.g.v. koerantberigte dat die Raad van voorneme is om weer te probeer om 'n huurverhoging ingestel te kry.

Vol. 413 p.24106.

2.16.11 Hul het 'n massavergadering belê om verdere besware teen die huurverhoging te verkry van die gemeenskap, en na die vergadering het hul bewysstuk DA.206, wat 'n lys van besware bevat het, opgestel en voorgelê aan die Raad.

Vol. 413 p.24107.

2.16.12 Hul het geen reaksie van die Raad gekry op hul besware nie en het toe uiteindelik 'n brief tesame met 'n afskrif van hul besware aan die Departement van Samewerking

en Ontwikkeling gestuur, waarna hul reaksie verkry het,  
deurdat die Gemeenskapsraad 'n vergadering belê het met TCA.  
Vol. 413 pp.24107-8.

2.16.13 Middel Junie 1984 is 'n vergadering toe gehou met  
die Raadslede, maar daar was ook polisie teenwoordig - dis  
verduidelik dat die polisie daar is omdat daar gevrees was  
TCA sal gewelddadig optree en omdat die polisie orde moes  
handhaaf. In Tembisa - op daardie stadium was geweld-  
pleging aan die gang in Tembisa deurdat busse met klippe  
aangeval was.

Vol. 413 p.24109.

2.16.14 Daar was geen besluite op die vergadering geneem  
nie, en die einde Junie 1984 het hul 'n verdere massa-  
vergadering gereël waar hy o.a. terug gerapporteer het oor  
die vergadering met die Raadslede.

Vol. 413 p.24110.

2.16.15 Die huur is nooit toe verhoog in 1984 nie, en  
Ngokese getuig dat die TCA nie 'n boikot van huur propageer  
het nie.

Vol. 413 p.24111.

2.16.16 Ngobese getuig dat hul nie met UDF affilieer was  
nie en dat UDF nooit op TCA vergaderings bespreek was nie en  
ook dat daar geen UDF-spreker op enige van hul, vergaderings  
was nie.

Vol. 413 p.24112.

2.16.17 Ngobese getuig dat hy einde 1984 uit die TCA bedank het en dat hy glo dat die TCA nie meer bestaan nie.  
Vol. 413 p.24113.

2.16.18 In kruisverhoor blyk dit dat Ngobese die TCA se sekretaris was.  
Vol. 413 p.24114.

2.16.19 Ngobese het net van AZAPO se bestaan in Tembisa geweet, en van geen ander politieke organisasies nie.  
Vol. 413 p.24115.

2.16.20 Later erken hy dat COSAS ook in Tembisa bestaan het, en dat COSAS ook besware teen die huurverhoging aan TCA voorgelê het in Mei-Junie 1984.  
Vol. 413 pp.24117-8.

2.16.21 Ngobese ontken dat COSAS en TCA saam 'n massa-vergadering gereël het.  
Vol. 413 pp.24118-9.

2.16.22 Dit blyk dat die sekretaris van TCA die UDF deklarasie, 'n UDF kalender en 'n UDF Nuusbried besit het.  
Vol. 413 pp.24121-2.

2.16.23 Dit blyk verder dat, volgens 'n dokument wat in sy besit gekry is, TCA en COSAS wel gesamentlik 'n vergadering

gehou het op 28 Oktober 1984 oor huur, busvervoer en die skole-kwessie.

Vol. 413 p.24122 en CA.39.

2.16.24 Sy verduideliking hoekom TCA se naam op die pamflet is, is ongeloofwaardig (dit sou daar geplaas gewees het om 'n groter teenwoordigheid van mense te kry, maar die naam TCA is baie klein onder aan die pamflet geskryf).

Vol. 413 p.24122.

2.16.25 Ook sy verduideliking oor waarom hy dié pamflet gehou het, maar al die ander (±20) weggegooi het, is ongeloofwaardig: "I did not consider it important."

Vol. 413 pp.24123-4.

2.16.26 Ngobese beweer dat TCA se lede gekoöpteer was op die "Parents interim committee" wat na die skole-krisis moes omsien - hy beskryf die skole-boikot as 'n "no go situation" wat van die begin 1984 tot in 1985 aangegaan het en waaruit TCA in November 1984 hul onttrek het omdat dit 'n "specialised field" was en nie hul aandag nodig gehad het nie.

Vol. 413 p.24124.

2.16.27 Sy verduideliking dat hy nie na COSAS is om uit te vind waarom hul die TCA se naam op bewyssstuk CA.39 gebruik het (nl. dat hy nie geweet het wie COSAS is nie), is onaanvaarbaar: hy het niks gedoen om uit te vind wie COSAS is nie; en dit word betoog dat dié getuie hierdie onaanvaar-

bare antwoord gee omdat sy getuenis vals is - hy het geen navrae gedaan nie omdat hy wel geweet het van die samewerking tussen TCA en COSAS.

Vol. 413 p.24127.

2.16.28 Ngobese getuig dat hy ook UDF se MSC-vorms gekry het en dit vir een mnr Namase gegee het wat handtekeninge gewerf het.

Vol. 413 pp.24130-1.

2.16.28 Hy bevestig dat daar "lots of incidents" was met die November 1984 wegblý-aksie in Tembisa.

Vol. 413 p.24139.

2.16.30 Ngobese erken dat die vorige sekretaris uit die TCA is, maar beweer aanvanklik dat hy tydelik losgemaak is van TCA omdat hy ander pligte gehad het. Later blyk dit dié man, mnr Moloko, het bedank uit TCA en dat hy skriftelik aangedui het dat hy bedank omdat TCA nie met die raadslede wou samesprekings voer nie.

Vol. 413 p.24142.

2.16.31 Dit blyk dat die TCA, wat volgens Ngobese 83% van die inwoners van Tembisa verteenwoordig, (vol. 413 p.21150), nie 'n enkele ingeskreve lid gehad het nie, en dat geen ledegelde betaal was deur enigiemand soos deur die Grondwet van TCA voorgeskryf was nie.

Vol. 413 pp.24151-2.

*Op stuk van sake ontbrek  
oor enkele persoon  
van ons*

org.  
wi  
nde  
du  
was

2.16.32 Respekvol word betoog dat hierdie 'n verdere bewy's is van hoe organisasies, soos die TCA, die massas mislei oor hul sg. "people" of "community" wat hul dan sou verteenwoordig. Dit word respekvol betoog dat die TCA niks meer dan 'n groep aktiviste was wat onder die naam van TCA voorgegee het dat hul in die naam van die gemeenskap optree.

3. Herdenkingsdiens - 14 Oktober 1984:

3.1 Smith het getuig dat op 14 Oktober 1984 is 'n herdenkingsdiens gehou te Matole Cinema in Tembisa. Dis gehou ter ere van Brian Mazibuko. Hy was 'n mede-stigerslid van die Tembisa Youth Organisation en persoonlike vriend van Figo Madlala.

Vol. 115 pp.5770-72.

3.2 Smith het observasie gehou by Matole Cinema op 14 Oktober 1984.

Vol. 115 p.5772.

3.3 Hy het die volgende persone identifiseer wat dit bygewoon het:

1. Michael Figo Madlala
2. Ismail Sello Sieta
3. Goba Ndlovo.

Vol. 115 p.5772.

3.4 Braín Mazibuko was 'n stigterslid van Tembisa Youth Organisation. Hulle het sy lyk in die lokasie opgetel met 'n mes in die rug - hy was vermoor. Polisie het die saak ondersoek. Hy weet nie of 'n beskuldigde of verdagtes opgespoor is nie. Hy was voor Oktober 1984 vermoor maar sy herdenkingsdiens was gehou op 14 Oktober 1984.

Vol. 115 p.5772.

3.5 Dit was die eerste herdenkingsdiens vir hom. Hy is 'n lang tyd tevore vermoor.

Vol. 115 p.5772.

3.6 By die herdenkingsdiens is baniere opgemerk van COSAS, toe hulle dit in die saal indra.

Vol. 115 p.5772.

#### 4. Begrafnis 17 November 1984

4.1 Smith het getuig dat op 17 November 1984 is 'n begrafnis gehou en was Matole Cinema en Jan Lubbe Stadion vir begrafnis gebruik.

Daar was 5 en 6 November 1984 'n aantal persone gedood in gevegte met die SA Polisie. Op 17 November 1984 was 7 persone begrawe in Tembisa.

Vol. 115 p.5773.

*Ook uitgeskei*

4.2 Hy het by die begraafplaas observasie gehou en gesien dat baniere vertoon was van COSAS, FEDSAW, UDF en Mamelodi Youth Organisation (MAYO).

Vol. 115 p.5773.

4.3 Ngobese getuig dat hy dié begrafnis bygewoon het. Sy getuienis dat daar nie 'n TCA spreker op die begrafnis was nie, word weerspreek deur die program, bewysstuk ABA.46.

Vol. 413 p.24128.

## 5. Dokumentêre Getuienis:

5.1 Bewysstuk A.1, p.60

Uit hierdie dokument maak UDF dit duidelik dat die TCA een van sy stigterslede was, en weerspreek dié dokument die Verdedigingsgetuies wat van geen samewerking tussen UDF en TCA sou weet nie. Die Verdediging het nie eens probeer verduidelik hoe dit gekom het dat TCA genoem word as een van UDF se stigterslede nie.

5.2 Bewysstuk W.2: Speak van Maart 1985: p.2, kolomme 6-7:

Hierdie aktiewe ondersteuner van UDF en sy affiliale bevestig dat die huurkessie opgeneem is deur TCA en dat 'n Tembisa Women's Group hul daarin ondersteun het. Ook word bevestig dat TCA die sg. "undemocratic community councils" beveg het, en weerspreek hierin die verdedigingsgetuies wat van geen kampanje teen die Raadslede of -stelsel weet nie.

5.3 Bewyssstuk AM.15: "UDF Occurance Book":

Die dokument wat in UDF (Tvl) bygehou is, toon die betrokkenheid van UDF by Tembisa aan:

*Sleutel*  
p.18: UDF was gevra om 'n spreker vir die herdenkingsdiens vir Brian Mazibuko te verskaf - 3/10/84.

p.29: UDF is ook ingelig omtrent die begrafnis op 17/11/84 te Tembisa van 8 persone - 9/11/84.

p.35: Dat 'n massa-vergadering van TCA vir 3/2/85 beplan word, is aan UDF oorgedra.

5.4 Bewyssstuk ABA.39: Pamflet oor die IYY - 1985:

Volgens die pamflet is 'n massa-vergadering vir Tembisa beplan waar UDF en van sy geaffilieerde die jeug sou toespreek - klaarblyklik oor "unity".

5.5 Bewyssstuk ABA.46: Program van COSAS vir die 17 November 1984-begrafnis:

Die samewerking wat tussen UDF, COSAS, MOYA en TCA sowel as die Tembisa Womens Group bestaan, blyk duidelik uit hierdie bewyssstuk. Dit staaf ook die staatsgetuenis omtrent die aanwesigheid van baniere van UDF en COSAS by dié begrafnis.

Dit staaf ook die getuenis van mevrou Manuel. Dis duidelik dat COSAS hierdie begrafnis uitgebuit het en daar van 'n politieke geleentheid gemaak het waar sprekers van AYCO, SOYCO, SAYO, MOYA, COSAS, TCA, UDF, SAAWU en Tembisa Womens

Group politiseer is. Ook is die geleentheid gebruik om die massas d.m.v. vryheidsliedere te mobiliseer en te politiseer.

6. Dit word respektvol hetoog dat die hof uit al die getuenis behoort te bevind dat:

6.1 TCA wel met UDF affilieer het en dat daar steeds skakeling was tussen die UDF en TCA, soos blyk uit bewysstuk A.1, ABA.46 en AM.15 en die getuenis van Smith.

6.2 TCA wel 'n kampanje teen die Raadslede gevoer het soos deur UDF ook gevoer was, soos Smith getuig en soos bevestig deur bewysstuk W.2.

6.3 Die skole-boikotte in Thembisa ook deur COSAS inisieer is en dat die "griewe" wat die skoliere alhier gehad het, dieselfde was as die wat COSAS voorgehou het as griewe.

6.4 Die skole-boikot geensins "spontaan" onder die leerlinge ontstaan het nie, maar dat dit georganiseerde aksie was om die owerheid te probeer dwing om aan hul eise toe te gee.

6.5 Die geweld wat ontstaan het gedurende die boikot beplan, was as deel van die aksie om die regering te dwing om toe te gee o.a. aan die eise van COSAS.

6.6 Die geweldpleging wat in 1984 uitgebreek het, die gevolg was van die verenigde aksie van TCA, COSAS, en UDF, na mobilisasie en organisasie van die massas in Tembisa rondom knelpunte socs huur, onderwys, as deel van die algemene plan om die regering omver te werp en 'n sg. "peoples government" daar te stel.